`n MULTI-DIMENSIONELE PERSPEKTIEF OP DIE GESINSERVARINGE EN –PERSEPSIES VAN MANLIKE JEUGOORTREDERS

Philip Rudolf Geldenhuys

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Dr Lambert Engelbrecht

Maart 2007

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van `n graad voorgelê het nie.

--- ---

Handtekening Datum

OPSOMMING

Die doel van hierdie studie is om manlike jeugoortreders se ervaringe en persepsies van hulle gesinne multi-dimensioneel te verstaan, ten einde riglyne vir effektiewe dienslewering te kan voorsien. Hierdie studie is gemotiveer deur die huidige tendense in Suid-Afrika rakende jeugdiges, misdaad en gesinne en die noodsaaklikheid daarvan om hierdie fenomene multi-dimensioneel te beskou. Die bydrae wat hierdie studie kan lewer tot misdaadvoorkoming en rehabilitasie van manlike jeugoortreders is `n verdere motivering vir die studie.

Die ondersoek is gedoen aan die hand van `n uitgebreide literatuurstudie, wat eerstens op die konseptualisering van `n multi-dimensionele perspektief as raamwerk gefokus het, waaruit die gesinservaringe en –persepsies van manlike jeugoortreders beskryf kon word. Hierdie konseptuele raamwerk is saamgestel deur die samestelling van die sistemiese-, ekologiese-, etnies-sensitiewe- en sterkteperspektiewe. Daarna is beide manlike jeugoortreders en hul gesinne vanuit `n multi-dimensionele perspektief beskryf.

Die empiriese ondersoek van die studie het `n beskrywing van die gesinservaringe en –persepsies van manlike jeugoortreders vanuit `n multi-dimensionele perspektief gegee. Vanuit hierdie multi-dimensionele beskrywing van die ervaringe en persepsies van jeugoortreders is bevindinge van die literatuurstudie bevestig naamlik dat die ervaringe en persepsies van die jeugdiges deur verskillende faktore op die mikro-, messo- en makrovlakke van funksionering beïnvloed is.

Op grond van die bevindings voortspruitend uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek is gevolgtrekkings en toepaslike aanbevelings gemaak rakende die fenomeen wat ondersoek is. Die aanbevelings het gefokus op die benutting van `n multi-dimensionele perspektief tydens dienslewering aan jeugoortreders en hul gesinne.

SUMMARY

The purpose of this study is to gain an understanding of the experiences and perceptions of male juvenile delinquents from a multidimensional perspective in order to provide guidelines for effective service delivery. The motivation for this study is the current trend in South Africa regarding youth, crime and families and the necessity to have a multidimensional view on these phenomenas. The contribution that this study can make towards crime prevention and rehabilitation of male youth offenders is a further motivation for this study.

The research was done based on an extensive literature study, which firstly focused on the conceptualisation of a multidimensional perspective as framework from which the family experiences and perceptions of male juvenile delinquents could be described. This conceptual framework was put together through the compilation of the systems-, ecological-, ethnic-sensitive- and strength perspectives. Subsequently both male juvenile delinquents and their families were described from a multidimensional perspective.

The empirical investigation of the study gave a description of the family experiences and perceptions of male juvenile delinquents from a multidimensional perspective. From this multidimensional description of the experiences and perceptions of the juvenile delinquents, findings of the literature study was confirmed namely that the experiences and perceptions of the juvenile delinquents was influenced by various factors on the micro-, meso- and macro levels of functioning.

In light of the findings derived from the literature study and empirical research, conclusions and recommendations were made concerning the phenomena under investigation. The recommendations focused on the utilisation of a multidimensional perspective during service delivery to juvenile delinquents and their families.

ERKENNING

Hiermee word opregte dank en waardering oorgedra aan die volgende persone en instansies:

- JESUS, vir alles.
- Dr L. Engelbrecht, my studieleier, vir sy uitstekende leiding.
- NICRO vir hul toestemming om die studie by hulle te onderneem.
- Mev S. Winckler, vir die tegniese versorging van die verhandeling.
- My ouers, vir liefde en ondersteuning.
- Die Schnitzel paleis, vir gees.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT DIE STUDIE

1.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE 1
1.2 PROBLEEMSTELLING EN FOKUS 5
1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE 5
1.4 DEFINISIES 6
1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE 6
1.5.1 Navorsingsbenadering 6
1.5.2 Navorsingsontwerp 7
1.5.3 Navorsingsmetode 8
1.5.3.1 Literatuurstudie 8
1.5.3.2 Populasie en steekproef 8
1.5.3.3 Metode van data-insameling 10
1.5.3.4 Metode van data-analise 11
1.5.3.5 Metode van data-kontrolering 12
1.5.3.6 Etiese oorwegings 13
1.5.3.7 Beperkinge van die studie 14
1.6 AANBIEDING VAN DIE NAVORSING 15

HOOFSTUK 2

KONSEPTUALISERING VAN `n MULTI-DIMENSIONELE PERSPEKTIEF OP DIE GESINSERVARINGE EN PERSEPSIES VAN JEUGOORTREDERS

2.1 INLEIDING 16
2.2 DIE BENUTTING VAN `N KONSEPTUELE RAAMWERK 17
2.3 EKOLOGIESE SISTEEMTEORETIESE PERSPEKTIEF 21

2.3.1 Sisteemteorie 21
2.3.1.1 Eienskappe 23
2.3.2 Ekologiese perspektief 27
2.3.2.1 Eienskappe 29
2.3.3 Parallelle konstrukte van die sisteemteorie en ekologiese perspektief 32
2.4 STERKTEPERSPEKTIEF 33
2.4.1 Eienskappe 34
2.5 ETNIES-SENSITIEWE PERSPEKTIEF 39
2.5.1 Eienskappe 41
2.6 SAMEVATTING 44

HOOFSTUK 3

`n BESKRYWING VAN DIE JEUGOORTREDER VANUIT `n MULTI-DIMENSIONELE PERSPEKTIEF

3.1 INLEIDING 45
3.2 OMSKRYWING VAN DIE JEUGOORTREDER 45
3.2.1 Definisie van die jeugoortreder 46
3.2.2 Definisie van oortredinge 46
3.2.3 Die regte van jeugdiges 47
3.2.4 Profiel van die jeugoortreder 49
3.2.5 Die ontwikkelingsfases en –take van die jeugdige 51
3.3 TEORIEë OOR JEUGMISDAAD 52
3.3.1 Klassieke teorieë 55
3.3.2 Positivistiese teorieë 55
3.3.2.1 Individuele positivisme 57
3.3.2.2 Sosiale positivisme 58

3.3.3 Radikale- en etiketterings teorieë 61
3.4 DIE VLAKKE VAN FUNKSIONERING VAN DIE JEUGOORTREDER 62
3.4.1 Individu as sisteem (mikrovlak) 63
3.4.1.1 Fisies-biologiese sisteem 63
3.4.1.2 Kognitiewe sisteem 64
3.4.2 Die gesin (messovlak) 66
3.4.3 Die gemeenskap (makrovlak) 67
3.4.3.1 Ekonomiese sisteem 68
3.4.3.2 Sosiale sisteem 70
3.5 SAMEVATTING 74

HOOFSTUK 4

`n BESKRYWING VAN DIE GESINSFUNKSIONERING VAN DIE JEUGOORTREDER

4.1 INLEIDING 75
4.2 OMSKRYWING VAN DIE GESIN 75
4.2.1 Nuklêre gesinne 76
4.2.2 Uitgebreide gesinne 76
4.2.3 Enkelouergesinne 77
4.2.4 Pleeggesinne 77
4.2.5 Gesinne met kinders as gesinshoofde (“child-headed families”) 77
4.2.6 Die invloed van die gesinsamestelling op `n jeugdige 78
4.3 DIE FUNKSIONERING VAN DIE GESINSISTEEM 79
4.3.1 Lewensoorgange van die gesin 80
4.3.2 Die ekologies-sistemiese funksionering van die gesin 81
4.3.3 Die sterktes en etnies-sensitiewe funksionering van die gesin 84
4.4 GESINSAMESTELLING 85

4.5 DIE OUERS VAN JEUGOORTREDERS 88
4.5.1 Die rol van die vader in die gesin 89
4.5.2 Die rol van die moeder in die gesin 91
4.5.3 Die invloed van `n kriminele ouer 92
4.6 GESINSFUNKSIONERING 92
4.6.1 Ouerskapsvaardighede 92
4.6.2 Die invloed van bloedverwante 94
4.6.3 Familiedisintegrasie 94
4.7 SOSIO-EKONOMIESE INVLOEDE OP DIE GESINSISTEEM 96
4.7.1 Werkloosheid en armoede 96
4.7.2 Stremminge op die gesinsisteem 97
4.7.3 Die sosio-ekonomiese invloed van HIV op gesinne 98
4.7.4 Die invloed van kultuur op die sosio-ekonomiese funksionering van `n gesin 99
4.8 SAMEVATTING 99

HOOFSTUK 5

`n VERKENNING VAN DIE GESINSERVARINGE EN –PERSEPSIES VAN JEUGOORTREDERS

5.1 INLEIDING 101
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK 101
5.3 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK 103
5.3.1 Identifiserende besonderhede van deelnemers 105
5.3.1.1 Ouderdom 105
5.3.1.2 Bevolkingsgroep 107
5.3.1.3 Tipe oortreding 107
5.3.1.4 Gesinstipe 109

5.3.2 Ouers van jeugoortreders 110
5.3.2.1 Ouerlike verantwoordelikhede 110
5.3.2.2 Vaderfiguur 113
5.3.2.3 Moederfiguur 118
5.3.2.4 Verhouding tussen ouers 121
5.3.2.5 Betrokkenheid van ouers by misdaad 123
5.3.2.6 Ouerhouding teenoor die gereg en opleiding 125
5.3.3 Gesinsfunksionering 127
5.3.3.1 Ouerskapsvaardighede 127
5.3.3.2 Bloedverwante 131
5.3.4 Sosio-ekonomiese funksionering 132
5.3.4.1 Werk 132
5.3.4.2 Ekonomiese posisie van gesin 134
5.3.4.3 Mishandeling in gesin 136
5.3.4.4 Aard van behuising 137
5.3.5 Invloed van die gemeenskap op die gesin 138
5.3.5.1 Misdaad in gemeenskap 139
5.3.5.2 Bendes 141
5.3.5.3 Bronne in gemeenskap 143
5.3.6 Teorieë oor jeugmisdaad 146
5.4 SAMEVATTING 148

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING 149
6.2 GEVOLGTREKKINGS 149
6.2.1 Profiel van die jeugoortreder 149
6.2.2 Ouers van jeugoortreders 150
6.2.3 Gesinsfunksionering 152

6.2.4 Sosio-ekonomiese funksionering 153
6.2.5 Invloed van gemeenskap op gesin 154
6.2.6 Teorieë oor jeugmisdaad 155
6.3 AANBEVELINGS 156
6.3.1 Multi-dimensionele perspektief vir intervensie met die gesinne van jeugoortreders 156
6.3.2 Demografie van jeugoortreders 156
6.3.3 Ouers van jeugoortreders 157
6.3.4 Sosio-ekonomiese funksionering 157
6.3.5 Invloed van gemeenskap op die gesin 157
6.4 BENUTTING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 158
6.5 VERDERE NAVORSING 158
6.6 SAMEVATTING 158
BIBLIOGRAFIE 159
BYLAE A 170
BYLAE B 171

Pectora roborant cultus recti

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 Die multi-dimensionele perspektief 21
Figuur 2.2 Vlakke van ekologie 28
Figuur 3.1 Teorieë oor jeugmisdaad 54
Figuur 3.2 Positivistiese teorieë oor jeugmisdaad 56
Figuur 5.1 `n Skematiese uiteensetting van die hoof- en subtemas van die empiriese studie 104
Figuur 5.2 Ouderdom van deelnemers 106
Figuur 5.3 Tipe oortreding gepleeg deur respondent 108

LYS VAN TABELLE

Tabel 5.1 Identifiserende besonderhede van die deelnemers 105
Tabel 5.2 Gesinstipe van respondente 109

Pectora roborant cultus recti

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

`n Belangrike kenmerk van lande in Suider-Afrika is die groot jeugpopulasies daarvan. Meer as die helfte van Malawi se bevolking is onder die ouderdom van 25 en sowat 48% van Swaziland se bevolking is jonger as 15 jaar (Suid-Afrika, 1997:19). In 2001 was daar 10.3 miljoen jongmense tussen die ouderdomme van 14 en 24 in Suid-Afrika wat sowat 22,9% van die totale populasie uitmaak (Statistiek Suid-Afrika, 2003).

Daar is sekere tendense wat met hierdie groot jeugpopulasies assosieer word, soos byvoorbeeld dat meer as die helfte (54%) van die kinders in Suid-Afrika in armoede lewe (Ministry for Welfare and Population Development, 1997). Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) noem verder dat armoede en sosiale onstabiliteit lei tot hoë vlakke van tienerswangerskappe, misdaad en geweld. Dit is veral misdaad wat gedurende die afgelope jaar (2006) `n fokuspunt van politieke-, sosiale- en ekonomiese besprekings in Suid-Afrika was (Scholtz, 2006:17).

Suid-Afrika het een van die wêreld se hoogste misdaadsyfers in terme van verhouding van oortreders teenoor die totale bevolking. Vier mense uit elke 1000 Suid-Afrikaners is in die gevangenis. In twee derdes van die wêreldlande is daar minder as 1,5 uit elke 1000 burgers in korrektiewe fasiliteite (Department of Correctional Services, 2005). Misdaad in Suid-Afrika is dus `n ernstige probleem en die definitiewe skakel tussen misdaadsyfers en ouderdom is `n groot bekommernis vir beleidmakers in Suid-Afrika (Joubert, 2003:118). Shapiro (1998:163) noem dat indien Suid-Afrika enige area van misdaadvoorkoming en –rehabilitasie sou

prioritiseer, dit op jeugdiges gefokus sou wees.

Saffy (2003:12-13) beweer dat daar Suid-Afrikaanse statistiek vanaf 1963 bestaan oor die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad, maar dat jeugmisdaad eers in die afgelope vyf jaar `n saak van publieke ondersoek en besorgdheid geword het. Die laasgenoemde skrywers noem verder dat jeugmisdaad nie `n nuwe verskynsel is nie maar dat dit `n onderwerp is wat voorheen op `n informele wyse hanteer of ignoreer is. Die huidige jeugpopulasie en tendense aangaande armoede en werkloosheid, as risikofaktore vir jeugmisdaad, behoort as wesenlike bydraende faktore tot die groeiende syfer van jeugmisdaad beskou te word (Frank, 2005:14). Voortspruitend hieruit blyk dit ook dat daar `n duidelike verband tussen die disintegrasie van gesinne en jeugmisdaad is (Emmet, 2000:286; McLaughlin & Muncie, 1993:155).

Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) konstateer dat die gesin die fundamentele eenheid van die samelewing is en die Witskrif vir Korrektiewe Dienste (Department of Correctional Services**,** 2005) beskryf disfunksionerende gesinne as `n teelaarde vir jeugoortreders. Dit bevestig verder dat die disintegrasie van meganismes van sosiale beheer, soos die gesin, `n ernstige faktor is wat tot die groeiende syfer van misdaad in Suid-Afrika lei (Department of Correctional Services, 2005).

Richmond (1917:137) noem dat tydens maatskaplikewerk-hulpverlening, kennis oor die gesin van `n individu nodig is om denkwyses of gedrag te kan verander. Maree (2003:58) is eens met hierdie stelling en noem dat die gesin die plek is waar individue gesosialiseer en die norme vir optrede in die gemeenskap geleer word. Die laasgenoemde outeurs noem verder dat die afwesigheid van `n stabiele gesinsomgewing `n ernstige risiko vir die latere betrokkenheid van jeugdiges by misdaad kan wees. Kennis rondom die gesinne van individue is dus noodsaaklik ten einde effektiewe maatskaplikewerk-dienste aan hul te lewer.

Die diensleweringsmodel vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike dienste streef daarna om rehabilitasiedienste aan kliënte in `n verskeidenheid van omgewings insluitende die gemeenskap en meer spesifiek die gesin te lewer (Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, 2006:10). Die lewering van sulke dienste is egter tans twyfelagtig en dit het `n negatiewe impak op individue, gesinne en die gemeenskap (Department of Correctional Services, 2005). Frank (2005:14) beklemtoon ook die belangrikheid van programme wat jeugoortreders in staat stel om weer geïntegreer te word in gesinne en gemeenskappe en bevestig dat dit tans twyfelagtig is. Aangesien rehabilitasie van jeugmisdadigers tans in Suid-Afrika oneffektief en onsuksesvol is, moet daar gepoog word om meer voorkomend te begin werk.

Sekhonyane (2004:33) noem dat daar alternatiewe strawwe vir tronkstraf gekry moet word aangesien die Departement van Korrektiewe dienste sukkel om die oorbevolkte tronke te bestuur en rehabilitasie buite hul bereik is. Die laasgenoemde outeur is verder van mening dat die gevangenis dikwels aan gevonnisdes `n “reg van toegang” tot die pleging van ernstiger misdaad gee. Om hierdie rede moet daar na alternatiewe strawwe vir jeugoortreders, veral eerste oortreders, gekyk word.

Afwendingprogramme bied `n alternatief waar oortreders in `n konstruktiewe wyse, sonder om uit hul gesinne of gemeenskappe verwyder te word, gerehabiliteer kan word (Morales & Sheafor, 1983:174). NICRO (National Institute for Crime Prevention and the Reintegration of Offenders) is `n voorbeeld van `n organisasie waarna howe jeugoortreders kan verwys. In 2003 het NICRO 17 724 jeugoortreders deur hul programme hanteer (Sekhonyane, 2004:35). NICRO fokus onder andere op die rehabilitasie van eerste oortreders in `n poging om hul van verdere misdaadpleging te weerhou en suksesvol by hul gemeenskappe te integreer.

Vanuit die bogenoemde beskrywings oor die huidige tendense in Suid-Afrika rakende jeugdiges, misdaad en gesinne is dit duidelik dat hierdie onderwerpe dringende ondersoek benodig (Department of Correctional Services, 2005; Scholtz, 2006:17).

Dit is duidelik dat jeugmisdaad `n ernstige probleem is en dat daar definitiewe verbande tussen die disintegrasie van gesinne en jeugmisdaad is (Joubert, 2003:118). Daar word tans in Suid-Afrika gepoog om effektiewe maniere vir die voorkoming en rehabilitasie van jeugoortreders te vind (Shapiro, 1998:163). `n Ondersoek na die gesinservaringe en –persepsies van jeugoortreders kan dus `n bydrae lewer tot die aanspreek van die probleem van jeugmisdaad in Suid-Afrika.

Kirst-Ashman (2007:478) noem dat jeugdiges `n spesiale perspektief vir ondersoek benodig, aangesien hulle minderjariges is wat onder die sorg en beskerming van hul ouers of voogde behoort te wees. Die laasgenoemde outeur stel `n "spesiale perspektief" voor waarin die fokus hoofsaaklik op die samestelling en funksionering van die gesinne van die jeugdiges is. Vir die doeleindes van hierdie studie is dit dus nodig om `n multi-dimensionele perspektief te konseptualiseer waaruit die gesinservaringe en -persepsies van die jeugoortreders beskryf kan word. Hierdie multi-dimensionele perspektief integreer die ekologiese- (Germain & Gitterman, 1986:619; Payne, 2005:150), sistemiese- (Rodway, 1986:514), etnies-sensitiewe- (Sturgeon, 1998:31), en sterkteperspektiewe (Saleebey, 1999:16; Kirst-Ashman, 2007:59) ten einde `n omvangryke beskrywing van die gesinservaringe en persepsies van jeugoortreders te gee.

Ten einde inheemse empiriese data te versamel is gevonnisde jeugdiges wat tans die YES (Youth Empowerment Scheme)-program van NICRO bywoon, betrek om akkurate inligting in te win. Dit bou voort op die werk in hierdie verband deur Suid-Afrikaanse navorsers soos Bezuidenhout en Joubert (2003), Emmet (2000) en Leggett (2003). Die insluiting van internasionale navorsingstudies oor die gesinservaringe van jeugmisdadigers is egter ook noodsaaklik om akkurate afleidings en gevolgtrekkings te kan maak.

Vanuit die bogenoemde uiteensetting is dit duidelik dat daar nie net deur verskeie resente outeurs nie, maar ook na aanleiding van beleid en wetgewing groot klem op

die voorkoming en rehabilitasie van jeugdiges by misdaad moet wees. Met die gesin as fokus is dit dus belangrik om die ervaringe en persepsies van jeugoortreders te ondersoek ten einde voorkomende en rehabiliterende intervensies te kan ontwikkel.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN FOKUS

Die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad in Suid-Afrika het die afgelope 10 jaar aansienlik toegeneem (Department of Correctional Services, 2005) en die disintegrasie van gesinne word beskryf as die sosiale probleem van die eeu (Emmet, 2000:286; Lamb & Tamis-Lemonda, 2004:51). Navorsing (Emmet, 2000:281; Guerra, 2002:xv; Lamb & Tamis-Lemonda, 2004:41) toon ooreenkomste tussen die disintegrasie van gesinne en die groeiende syfers van jeugmisdaad. Vanweë die groot verskeidenheid veranderlikes wat op jeugmisdadigers impulteer, kan enige aspek van jeugmisdaad as verskynsel nie eendimensioneel beskou word nie, maar `n "spesiale perspektief is nodig om jeugmisdadigers se ervaringe en persepsies van hulle gesinne te begryp" (Kirst-Ashman, 2007:478). Om hierdie rede fokus die studie vanuit `n multi-dimensionele perspektief op die gesinservaringe en –persepsies van manlike jeugoortreders.

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die **doelstelling** van die navorsing is om manlike jeugoortreders se ervaringe en persepsies van hulle gesinne multi-dimensioneel te verstaan, ten einde riglyne vir effektiewe dienslewering te kan voorsien. Die volgende **doelwitte** is geformuleer om die bogenoemde doelstelling te bereik:

- Om `n konseptuele raamwerk van `n multi-dimensionele perspektief saam te stel waaruit die gesinservaringe en –persepsies van manlike jeugoortreders beskryf kan word.
- Om manlike jeugoortreders vanuit `n multi-dimensionele perspektief te beskryf.
- Om die gesin van die manlike jeugoortreder vanuit `n multi-dimensionele perspektief te verken.

- Om die gesinservaringe en –persepsies van manlike jeugoortreders vanuit `n multi-dimensionele perspektief te ondersoek.
- Om op grond van die bevindings voortspruitend uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek, gevolgtrekkings en toepaslike aanbevelings te maak wat as riglyne benut kan word vir effektiewe dienslewering aan jeugoortreders en hul gesinne.

1.4 DEFINISIES

Vanweë die kompleksiteit van die samestelling van die konsepte in hierdie studie word die definisies van belangrike konsepte in verdere hoofstukke geïntegreer en word dit nie in hierdie inleidende hoofstuk aangebied nie.

1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

`n Bepaalde navorsingsmetodiek is benut ten einde `n raamwerk te bied waarbinne die doelstellings van die navorsing bereik kon word.

1.5.1 Navorsingsbenadering

Die kwalitatiewe navorsingsmetode is gebruik om die doel van die studie te bereik. Volgens De Vos, Strydom, Fouché en Delport (2005:74) poog die kwalitatiewe navorsingsmetode om sosiale lewe en die betekenis wat mense aan hul alledaagse lewens heg, te begryp. Die laasgenoemde outeurs noem verder dat die kwalitatiewe metode aan respondente die geleentheid gee om hul ervaringe en persepsies self te beskryf en die navorser poog om die inligting te verstaan eerder as om dit te verduidelik. Die uitkoms van kwalitatiewe navorsing is dus die insameling van beskrywende data in die deelnemer se eie geskrewe of gesproke woorde om hierdeur sy eie gevoelens en waardes oor die spesifieke fenomeen te kry. Padgett (1998:13) noem dat kwalitatiewe metodes uitstekend is vir navorsing in maatskaplike werk aangesien maatskaplike werkers bekend is met onderhoude, observasies en dokumentering van inligting.

De Vos *et al*. (2005:74) konstateer dat kwalitatiewe navorsers belangstel in:

- begrip eerder as verklaring;
- natuurlike observasies eerder as beheerde meting; en
- subjektiewe beskrywings van die realiteit vanuit die perspektief van `n ingeligte eerder as die perspektief van `n buitestaander.

In hierdie studie het die navorser self onderhoude met manlike jeugoortreders gevoer. Hierdeur is gepoog om die gesinservaringe en –persepsies van die jeugdiges vanuit `n multi-dimensionele perspektief te verstaan. Met inagneming van die bogenoemde beskrywings van die kwalitatiewe navorsingsmetode, kon die navorser tot die slotsom kom dat hierdie metode geskik is vir die bereiking van die doelstelling van die studie.

1.5.2 Navorsingsontwerp

Die navorsing is gedoen volgens `n verkennende-beskrywende studie. Soos aangedui deur De Vos *et al*. (2005:106) word `n verkennende studie gedoen om insig te kry in `n situasie, fenomeen, gemeenskap of individu. `n Verkennende studie word gedoen indien daar `n gebrek aan basiese inligting oor `n nuwe area van belangstelling is of om bekend te raak met die situasie ten einde `n hipotese daaroor te formuleer (Alston & Bowles, 2003:34-35; De Vos *et al*., 2005:106). Aan die ander kant gee beskrywende navorsing `n voorstelling van spesifieke besonderhede van `n situasie, sosiale omgewing of verhouding en fokus op die “hoe” en “waarom” vrae (De Vos *et al*., 2005:106). Beskrywende navorsing verwys ook na `n meer intensiewe bestudering van fenomene en hul dieper betekenis, met die gevolg dat uitgebreide beskrywings gegee word. In hierdie navorsing stel die verkennende-beskrywende studie dus die navorser in staat om begrip rondom die gesinservaringe en –persepsies van manlike jeugoortreders te ontwikkel terwyl daar `n beskrywing van hierdie fenomeen gegee word.

1.5.3 Navorsingsmetode

Die navorsingsmetode wat aangewend is vir die doeleindes van die studie word derhalwe uiteengesit.

1.5.3.1 Literatuurstudie

De Vos *et al*. (2005:124) noem dat dit nodig is om `n literatuurstudie te onderneem ten einde `n duidelike begrip van die aard en strekking van die navorsingsveld te kry. Die literatuurstudie poog ook om duplikasie te vermy en stel moontlikhede voor in die navorsingsveld wat verken word (De Vos *et al*., 2005:124).

Die navorser het `n literatuurstudie gedoen ten einde `n konseptuele raamwerk te skep waarbinne die navorsing gedoen kon word en `n basis te vestig vir die verwerking van die empiriese bevindings (Alston & Bowles, 2003:72). Die literatuurstudie het op die volgende aspekte gefokus: `n multi-dimensionele perspektief; die jeugmisdadiger; en die gesin. Beide plaaslike en internasionale literatuur is benut ten einde `n begrip te ontwikkel in die gesinservaringe en persepsies van manlike jeugoortreders. Buiten literatuur uit die maatskaplike werk, is die literatuursoektog uitgebrei na bronne uit aanverwante dissiplines, veral sielkunde en sosiologie.

Pectora roborant cultus recti

1.5.3.2 Populasie en steekproef

Die universum word deur De Vos *et al*. (2005:193) beskryf as al die potensiële subjekte wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser belangstel. Hierdie term (universum) plaas dus grense op die eenhede van ondersoek. Die populasie is die totale groep waaruit individue vir die ondersoek gekies word (De Vos *et al*., 2005:193).

Die universum van hierdie studie was alle manlike jeugoortreders wat aan die kriteria (word later bespreek) vir deelname aan hierdie studie voldoen. Die populasie was die 25 manlike jeugoortreders wat NICRO se YES-program in die Stellenbosch en Paarl

areas bygewoon het gedurende die tydstip van April-September 2006. Hierdie jeugoortreders is hoofsaaklik van Stellenbosch en Paarl, maar daar is ook individue van Dieprivier, Kuilsrivier en Belhar. Die rede hiervoor is omdat die YES-program nie in al hierdie gemeenskappe aangebied word nie. Die bevindinge van die studie kan dus net binne die konteks van hierdie populasiegroep beskou word.

Alston en Bowles (2003:87) en De Vos *et al*. (2005:328-329) is dit eens dat `n nie-waarskynlikheidsteekproef die mees geskikste metode vir kwalitatiewe navorsing is. Daar is verskeie tipes nie-waarskynlikheidsteekproewe wat geneem kan word en vir die doeleindes van hierdie studie is die opvolgende/voortvloeiende seleksie gebruik. `n Opvolgende/voortvloeiende seleksie impliseer dat gevalle en data ingesamel word tot `n versadigingspunt van nuwe en diverse informasie bereik is (De Vos *et al*., 2005:330). Vir kwalitatiewe navorsing speel grootte van steekproef nie `n bepalende rol nie en daarom is die opvolgende/voortvloeiende seleksie ideaal vir die doeleindes van hierdie studie.

Daar was 25 jeugoortreders, wat voldoen het aan die kriteria vir insluiting by die studie, gedurende die genoemde tydperk waarin die navorser betrokke was by die YES-program in die spesifieke geïdentifiseerde gebiede. Die insluitingskriteria vir die studie was as volg:

- jeugoortreders (tussen 12–18 jaar);
- manlik; en
- ingeskakel by YES-program.

Die navorser het `n verhouding met die potensiële deelnemers gevestig gedurende die verloop (agt weke) van die YES-program. Gedurende die laaste sessie van die YES-program het die ouers van die potensiële deelnemers ook die progam bygewoon en die navorser het die doel van die studie aan hul verduidelik, sodat toestemming vanaf die ouers gekry kon word om wel onderhoude met hul kinders te voer. Die navorser het daarna die individue se bereidheid om deel te neem aan die

studie vasgestel en deelnemers is drie maande later gekontak en tuisonderhoude is gevoer. Uit hierdie eerste groep was daar net vier jeugdiges wat bereid was om aan die studie deel te neem en die navorser het besluit om by nog twee YES-groepe in Stellenbosch en Paarl in te skakel. Dieselfde prosedure is hier gevolg in die identifisering van deelnemers. Nadat tien onderhoude met jeugoortreders gevoer is het herhalende data begin voorkom en die versadigingspunt vir data insameling is bereik.

1.5.3.3 Metode van data-insameling

- **Voorbereiding vir data-insameling**

Die proses van data-insameling is begin deur die inskakeling van die navorser by die NICRO-groepe op Stellenbosch en Paarl. Gedurende hierdie eerste kontakte is die navorser voorgestel aan die groeplede en die doel en prosedure van die navorsingsproses is aan hulle verduidelik. Gedurende die verloop van die YES-program is `n goeie verhouding met die potensiële deelnemers opgebou en hul bereidheid om aan die studie deel te neem is bepaal. Dit is aan die deelnemers duidelik gestel dat hul deelname vrywillig is en dat alle inligting vertroulik hanteer sal word (Padgett, 1998:35,36). Aangesien die potensiële deelnemers almal minderjarig was, is daar `n vrywaringsvorm aan hul ouers of voogde gestuur wat onderteken is deur hulle. Die navorser het voortgegaan met onderhoude met die deelnemers wie se ouers of voogde die vrywaringsvorms onderteken het en wat wel bereid was om aan die studie deel te neem.

- **Instrumente vir data-insameling**

Die data-insameling is gedoen deur semi-gestruktureerde onderhoude met behulp van `n onderhoudskedule met die respondente te voer (Padgett, 1998:55,60). De Vos *et al*. (2005:292) noem dat die semi-gestruktureerde onderhoud die navorser in staat stel om op spesifieke areas te fokus, maar steeds ruimte te laat vir buigsaamheid in ruimte en diepte. Hierdie kwalitatiewe metode is gekies ten einde die deelnemers se ervaringe en persepsies in hul eie woorde vas te vang (De Vos *et*

al., 2005:296).

Die semi-gestruktureerde onderhoude was doelgeoriënteerd en gebaseer op vrae vanuit `n onderhoudskedule waarin gekonsentreer is op die fokuspunte van die studie (De Vos *et al*., 2005:296-297). Die onderhoude is in die moedertaal (Afrikaans) van die respondente gedoen. Daar is ook met die instemming van die deelnemers `n bandopname van elke onderhoud gemaak (De Vos *et al*., 2005:298).

Padgett (1998:33) beskryf data-insameling as *"a delicate balancing act of learning while doing no harm"* en daarom is die onderhoude gevoer volgens die riglyne van De Vos *et al*. (2005:297). Eerstens het die navorser die respondente op hul gemak gestel deur uit te vra na hul welstand en algemene aangeleenthede. Daarna het die navorser begin om die respondente deur die onderhoud te begelei. Die navorser het die riglyne van die skedule gememoriseer ten einde te kan fokus op die deelnemers en om die verloop van die onderhoud te monitor. Die respondente het `n groot aandeel in die verloop van die onderhoud gehad en indien ander relevante onderwerpe opgeduik het, is dit eksploreer. Na die verloop van die onderhoude is deelnemers die geleentheid gebied om vrae te vra en hul gevoelens oor die onderhoud weer te gee (De Vos *et al*., 2005:297).

1.5.3.4 Metode van data-analise

De Vos *et al*. (2005:333) beskryf data-analise as die proses waartydens al die ingesamelde inligting georden en betekenis aan geheg word. Dit is `n veeleisende proses waartydens al die aantekeninge en inligting verwerk moet word. Met kwalitatiewe data-analise beweeg die navorser in analitiese sirkels en nie met `n vaste lineêre benadering nie. Daar word dus begin met verskeie data, bestaande uit tekste en opnames en geëindig met `n relaas of `n narratiewe van hierdie inligting. Die navorser soek dus algemene tendense oor verhoudings tussen die verskeie kategorieë van data (De Vos *et al*., 2005:340).

In hierdie studie het die navorser begin met die proses van data-verwerking nadat die versadigingspunt van data-insameling bereik is. Eerstens is die bandopnames getranskribeer (Alston & Bowles, 2003:91). Daarna is die data verwerk op die volgende manier: eerstens is die transkripsies georganiseer in lêers op `n rekenaar; daarna is dit in kategorieë geplaas en met bestaande data uit die literatuurstudie vergelyk om akkurate gevolgtrekkings te maak. Laastens is die verwerkte gegewens in narratiewe verwysings, tabelle en figuurlike vorme aangebied (Padgett, 1998:73).

1.5.3.5 Metode van data-kontrolering

De Vos *et al*. (2005:345) konstateer dat alle navorsing teen spesifieke norme en kriteria gemeet moet word om die betroubaarheid daarvan te evalueer. Hierdie norme is geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigbaarheid. Volgens Lincoln en Guba (in De Vos *et al*., 2005:346-347) bepaal hierdie norme die toepaslikheid en neutraliteit van die navorsing. Die betrokke konstrukte word vervolgens verduidelik:

Geloofwaardigheid: Die doel van hierdie norm is om te demonstreer dat die onderwerp van die studie akkuraat geïdentifiseer en beskryf is. Om hierin te slaag het die navorser die parameters van hierdie studie duidelik gestel ten einde grense rondom die studie te plaas sodat die studie binne hierdie parameters van die populasie en teoretiese raamwerk geloofwaardig is.

Oordraagbaarheid: `n Kwalitatiewe studie se oordraagbaarheid is die mate waarin die bevindinge van die studie toegepas kan word op ander kontekste, plekke of groepe. Die navorser het `n volledige beskrywing van die navorsingsmetodologie gegee ten einde die oordraagbaarheid van die studie te verseker.

Bevestigbaarheid: Hierdie konstruk hou nou verband met die tradisionele konsep van objektiwiteit. Die belangrike vraag wat gevra word is of die bevindinge bevestig kan word deur `n ander studie. Die kwalitatiewe kriteria vir bevestigbaarheid word

gemeet aan die vermoë van die data om die algemene bevindinge te bevestig en of dit gelei het na die gevolgtrekkings. In hierdie studie het die data wel die algemene bevindinge bevestig en gelei tot gevolgtrekkings oor die bestudeerde onderwerp.

1.5.3.6 Etiese oorwegings

Etiek word deur De Vos *et al.* (2005:57) gedefinieer as `n stel morele beginsels wat voorgestel word deur `n individu of groep waarin reëls en gedragsverwagtinge aangebied word oor die mees korrekte gedrag teenoor proefpersone en respondente, werknemers, borge, ander navorsers, assistente en studente. Elke navorser moet dus `n etiese stel van morele beginsels hê waarvolgens die navorsing gedoen word en in ooreenstemming met De Vos *et al.* (2005:57-67) se bogenoemde definisie van etiek word die volgende etiese oorwegings wat relevant is vir die studie bespreek:

Ingeligte toestemming: Die navorser het alle moontlike inligting rakende die doel van die studie; die metodes wat gevolg sal word gedurende die ondersoek; die moontlike voordele en nadele waaraan deelnemers blootgestel sal word; en die geloofwaardigheid van die navorser aan deelnemers verduidelik. Hierdeur kon deelnemers `n vrywillige, goed deurdenkte besluit maak om aan die studie deel te neem. Aangesien die deelnemers minderjarig was, het die navorser toestemmingsbriewe aan hul ouers of voogde gestuur waarop dieselfde inligting was wat aan deelnemers gegee is. Deelnemers se ouers of voogde het die vorms voltooi en deelnemers het hul gewilligheid om aan die studie deel te neem weer bevestig.

Konfidensialiteit: Die respondente is verseker dat die inligting wat hul weergegee het as streng konfidensieel hanteer sal word. Die bandopnames van onderhoude is met die instemming van deelnemers gedoen en hierdie inligting is in `n veilige plek bewaar sodat die identiteit van deelnemers nie onthul kon word nie. Slegs die navorser en die maatskaplike werker van NICRO het toegang gehad tot die ingesamelde inligting.

Ontlonting en vermyding van leed aan respondente: Die navorser was bewus van die moontlikheid dat konkrete leed aangedoen kon word aan deelnemers deur die herbelewing van negatiewe gesinservaringe. Om hierdie rede is daar net gefokus op relevante inligting wat nuttig was vir die doeleindes van die ondersoek. Indien daar egter sensitiewe sake aangeraak is, het die navorser aan die einde van die onderhoud die geleentheid gebied vir ontlonting van respondente. As `n gekwalifiseerde en geregistreerde maatskaplike werker by die Suid-Afrikaanse raad vir maatskaplike diensberoepe was die navorser in staat om ontlonting van respondente te doen indien dit nodig was.

Padgett (1998:36) meld dat daar vroegtydige toestemming by die outoritêre strukture gekry moet word om die navorsing te doen omdat dit dikwels die navorsingsproses vertraag. Om hierdie rede het die navorser alreeds in Maart 2006 die nodige toestemming by NICRO gekry sodat daar geen oponthoude vir die navorsingsproses sou wees nie.

1.5.3.7 Beperkinge van die studie

Beperkinge wat in die studie voorgekom het sluit die volgende in:

- Daar is beperkte literatuur in die veld van maatskaplike werk oor jeugoortreders en hul gesinne.
- Die respondente is eerste oortreders en kon dus nie werklik as misdadigers of kriminele beskryf word nie. Gedeeltes van die literatuurbronne wat gebruik is, was meer oor geharde misdadigers en dit kon moontlik tot verskille in die literatuur en bevindinge lei.
- Jeugdiges is dikwels baie skepties om persoonlike inligting, veral rakende hul gesinslewe, met vreemdelinge te deel. Die studie was dus onderhewig aan die eerlikheid en samewerking van die respondente.
- Die studie is beperk tot die manlike jeugoortreders wat ingeskakel het by die YES-program in die Stellenbosch- en Paarl-areas.

Om te kompenseer vir hierdie beperkinge is die volgende voorsorg getref:

- Die beskikbare literatuur in maatskaplike werk oor jeugoortreders en hul gesinne is bestudeer en dit is aangevul met inligting uit ander studievelde soos sielkunde en sosiologie.
- Die navorser het as mede-fasiliteerder van die YES-program `n goeie verhouding met die respondente opgebou en hierdeur hul vertroue gewen om eerlike samewerking te kry.
- Die bevindinge van die studie word net binne die konteks van manlike jeugoortreders in die Stellenbosch- en Paarl-areas beskou.

1.6 AANBIEDING VAN DIE NAVORSING

Ten einde die verslag logies en na aanleiding van die navorsingsproses uiteen te sit, is dit in ses hoofstukke verdeel. **Hoofstuk een** is die oriënterende inleiding tot die studie, wat bestaan uit die probleemstelling, motivering, doel en die afbakening van die studie en die aard van die navorsingsontwerp wat gevolg is. **Hoofstuk twee** beskryf `n multi-dimensionele perspektief wat dien as `n konseptuele raamwerk vir die beskrywing van jeugoortreders en hul gesinne. **Hoofstuk drie** fokus op die profiel van die jeugoortreder. **Hoofstuk vier** handel oor die gesinne van jeugoortreders. `n Ontleding van die empiriese studie soos onderneem deur die navorser, vorm **hoofstuk vyf**. **Hoofstuk ses** is die slothoofstuk van die ondersoek en in hierdie hoofstuk word daar gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak op grond van die bevindinge van die navorsing. Riglyne word ook verskaf vir die aanbieding van rehabilitasie- en voorkomende programme vir manlike jeugoortreders.

Pectora roborant cultus recti

HOOFSTUK 2

KONSEPTUALISERING VAN `n MULTI-DIMENSIONELE PERSPEKTIEF OP DIE GESINSERVARINGE VAN JEUGOORTREDERS

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk sal `n multi-dimensionele perspektief op die gesinservaringe en –persepsies van manlike jeugoortreders gekonseptualiseer word. Die HAT (1994) verwys na die woord *konseptualisering* as die voorstelling of begripsverklaring van `n konsep. Dit sal dus korrek wees as die multi-dimensionele perspektief gekonseptualiseer word aan die hand van teoretiese verklarings. Ten einde `n insiggewende voorstelling van die multi-dimensionele perspektief te gee sal daar afsonderlik na elke perspektief gekyk word. Dit word gedoen omdat `n duidelike begrip van elke perspektief belangrik is om dit multi-dimensioneel te begryp.

Die multi-dimensionele perspektief is `n konsep wat deur die navorser saamgestel is ten einde `n teoretiese raamwerk te skep vir die ondersoek na die jeugmisdadiger en sy gesin. Die HAT (2005:166,737) omskryf *dimensie* as die omvang of afmeting en *multi-* as die eerste lid van `n samestelling met die betekenis baie, veel of meer. Die HAT (2005:862) definieer perspektief as die vermoë om dinge in hul verhouding en belangrikheid tot mekaar te sien. *Multi-dimensionele perspektief* verwys dus na die vermoë om die omvang tussen dinge en hul verhouding tot mekaar vanaf vele kante te beskou. Vir die doeleindes van hierdie studie sal hierdie “vele kante” verwys na die ekologiese sisteemteoretiese-, sterkte- en etnies-sensitiewe perspektiewe. Elkeen van hierdie perspektiewe word afsonderlik bespreek ten einde `n teoretiese basis vir die studie te verskaf. `n Motivering vir die gebruik van hierdie perspektiewe word onder die volgende punt bespreek.

Vervolgens sal `n multi-dimensionele perspektief soos gekonseptualiseer deur die navorser bespreek word. Die voorstelling van so `n konseptuele raamwerk is belangrik ten einde `n teoreties-gebaseerde beskrywing van die gesinservaringe en -persepsies van jeugoortreders te kan weergee.

2.2 DIE BENUTTING VAN `N KONSEPTUELE RAAMWERK

Teorie skep `n konseptuele raamwerk waarbinne sosiale verskynsels geïnterpreteer en verduidelik kan word. Garvin en Tropman (1999:39) skryf dat teorie `n verklaring van die verhouding tussen verskillende idees gee, gewoonlik met betrekking tot oorsaak en effek. Die interpretasie van verskynsels binne so `n konseptuele raamwerk verhoog die kredietwaardigheid daarvan en verskaf `n teoretiese basis vir die spesifieke bevindings. Maatskaplike werk fokus op die verskynsel van die interaksie tussen `n persoon en sy omgewing en die probleme wat hierin voorkom (Compton & Galaway, 1999:4; Morales & Sheafor, 1983:5; Potgieter, 1998:52). Indien die interaksie van die persoon en sy omgewing geïnterpreteer kan word aan die hand van `n konseptuele raamwerk, kan teoreties gebaseerde gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

Wanneer `n sosiale verskynsel soos jeugmisdaad ondersoek word is dit `n kwessie of daar op die individu of die sosiale sisteem gefokus moet word. Compton en Galaway (1999:4) is van mening dat maatskaplike werk poog om die bes moontlike passing tussen `n individu en sy omgewing te maak en dus moet daar op die individu sowel as sy sosiale omgewing gefokus word. `n Gegronde studie sal dus na die jeugmisdadiger en sy gesin as losstaande entiteite sowel as `n interaktiewe sisteem kyk. Hierdie tipe benadering is `n voorbeeld van teoretiese begrip wat noodsaaklik is om wetenskaplike bevindings te kan maak (Morales & Sheafor, 1983:165).

Compton en Galaway (1999:28) konstateer dat basisteorie wat vir maatskaplike werk gebruik word, `n refleksie moet gee van die persoon-in-omgewing en persoon-in-situasie transaksies. Daar moet dus na die interaksie tussen die individu en sy

omgewing gekyk word om die dinamiek van die sisteem te kan ondersoek. Volgens Compton en Galaway (1999:28) voldoen die sisteemteorie aan beide hierdie voorwaardes en om hierdie rede is dit die ideale teoretiese raamwerk vir die studie. Die sistemiese benadering gee egter nie riglyne of voorskrifte vir aksie nie maar verskaf net `n basis waarop `n model vir aksie gekonstrueer kan word. Om `n effektiewe plan van aksie te kan saamstel is dit nodig vir kennis oor die persoon (individuele gedragspatrone van die jeugoortreder), kennis oor die situasie (die gesin van die jeugoortreder met sy bronne en strukture) en kennis oor transaksionele konsepte (Compton & Galaway, 1999:5; Garvin & Tropman, 1999:84,85). Die rasionaal van die sisteemperspektief word as basis benut in die samestelling van die konseptuele raamwerk vir die doeleindes van hierdie studie en word vervolgens verduidelik en gemotiveer.

Rodway (1986:514) noem dat die **sisteemperspektief** help om mense, individueel en kollektief, te verstaan en hierdeur kan die jeugmisdadiger holisties beskryf word. Die betrokke perspektief fokus op die balans tussen individuele ontwikkeling en omgewingsfaktore. Die sisteemperspektief maak dit dus moontlik om te fokus op die jeugmisdadiger se totale lewensituasie, waar die individu en sy situasie `n geheel is en beide die oorsaak en gevolg van probleme is (Compton & Galaway, 1999:28). Hierdeur kan `n raamwerk geskep word waarbinne evaluering van `n probleemsituasie en alle sisteme betrokke, sinvol kan geskied.

Die **ekologiese perspektief** word in hierdie studie gebruik omdat dit die wederkerige interaksies tussen die persoon en sy omgewing beklemtoon en die fokus van intervensie plaas op die verbetering van die passing tussen die persoon en sy omgewing (Germain & Gitterman, 1986:619; Payne, 2005:150). Ten einde dit te bewerkstellig is dit noodsaaklik om die persoon, die omgewing en die huidige passing tussen die veranderlikes te ondersoek. In hierdie studie sal dit dus die jeugmisdadiger, sy gesin en gemeenskap en die wedersydse interaksie tussen die

betrokke sisteme wees. Aangesien die ekologiese perspektief dié wederkerige interaksie beklemtoon is die gebruik hiervan gepas.

Hoffman en Sallee (1994:60) konstateer dat maatskaplike werkers die terme “ekologiese perspektief” en “sisteemteorie” gelykwaardig gebruik en dat ekologie `n vorm van algemene sisteemteorie is. Die kern idee van die twee perspektiewe is dieselfde, naamlik dat mense as individue en deel van `n groep funksioneer en dat daar `n wederkerige interaksie tussen die verskillende sisteme in `n omgewing is (Germain & Gitterman, 1986:619; Payne, 2005:150). Weens die ooreenkomste tussen die twee perspektiewe word dit vir die doeleindes van die studie gesamentlik as die **ekologiese sisteemteoretiese perspektief** benut. Vervolgens word die rasionaal vir die benutting van die sterkte- en etnies-sensitiewe perspektiewe gemotiveer.

Volgens die **sterkteperspektief** beskik elke individu, gesin en gemeenskap oor sterktes, bates en bronne (Saleebey, 1999:16; Sheafor, Horejsi & Horejsi, 2000:93). `n Omgewing kan in `n groot mate wanfunksionering toon, maar steeds `n geskikte topografie besit ten opsigte van bates en hulpbronne. Die sterktes kan in die individue, gesinne en gemeenskappe gevind word wat deel van die sisteem is (Kirst-Ashman, 2007:59). Aangesien die ekologiese perspektief volgens Ife (1995:49) onsuksesvol is in die aanspreek van fundamentele kwessie in gemeenskapsontwikkeling, soos bemagtiging, stel die sterkteperspektief die navorser in staat om wel die sterktes in die betrokke sisteme te identifiseer. Die rehabilitasiedienste wat deur `n organisasie soos NICRO gelewer word, is byvoorbeeld `n bron of sterkte waarvan jeugoortreders en hul gesinne gebruik kan maak.

Die sterkteperspektief word met groot sukses in verskeie spesialiteitsvelde in maatskaplike werk gebruik, waaronder jeugmisdaad en gesinne (Clark, Kaplin & Girard in Compton & Galaway, 1999:14). Die laasgenoemde outeurs meld verder dat

die sterkteperspektief ook aangewend word in die navorsing van jeugmisdadigers en hul gesinne. Die sterkteperspektief is dus uit `n navorsingsoogpunt die ideale perspektief vir die doeleindes van die studie.

Sturgeon (1998:31) konstateer dat maatskaplike werk in Suid-Afrika die konsep van `n inheemse model moet ondersoek ten einde effektiewe maatskaplike dienste aan die "reënboog nasie" te lewer. Die **etnies-sensitiewe perspektief** fokus op die etniese, kulturele en godsdienstige diversiteit tussen mense en die probleme en effek van diskriminasie (Sheafor *et al.*, 2000:94). Zastrow (2004:295) beskryf die perspektief as die inlywing van kennis oor diverse etniese-, kulturele- en minderheidsgroepe by die teorieë en beginsels van maatskaplikewerk-praktyk. Morales en Sheafor (1983:168) konstateer dat navorsing oor etnisiteit noodsaaklik is om kennis op te doen oor die verskeie kulturele sisteme waarmee te doen gekry word. Weens globalisering en die diverse bevolkingsgroepe wat saamleef in dieselfde gemeenskappe is etnies-sensitiwiteit belangrik om sisteme te bemagtig om optimaal te funksioneer. In `n diverse samelewing soos Suid-Afrika is die gebruik van die etnies-sensitiewe perspektief in enige konseptuele raamwerk onafwendbaar en daarom word dit ingesluit vir die doeleindes van hierdie studie.

Pectora roborant cultus recti

Vir die praktiese toepassing van kennis word `n goed georganiseerde kennisbasis verwag en die bespreekte perspektiewe verskaf riglyne vir die organisering van kennis (Hoffman & Sallee, 1994:61). Derhalwe word die konseptuele raamwerk voorgestel in figuur 2.1 waarna die verskillende perspektiewe bespreek word.



FIGUUR 2.1: Die multi-dimensionele perspektief

2.3 EKOLOGIESE SISTEEMTEORETIESE PERSPEKTIEF

Die ekologiese sisteemteoretiese perspektief word vervolgens bespreek. Daar word begin deur die twee dele van die perspektief, naamlik die sistemiese- en ekologiese perspektiewe, afsonderlik te beskryf. Die beskrywing fokus op die teoretiese eienskappe en -konstrukte van dié perspektiewe wat aan die hand van Germain en Gitterman (1986:618-621) en Rodway (1986:516-519) vir die doeleindes van die studie geïntegreer word. Die konsepte van die ekologiese sisteemteoretiese perspektief wat bespreek word is kerndeterminante vir hierdie studie, omdat dit benut kan word om die jeugoortreder en sy gesin mee te interpreteer en ook om die empiriese bevindinge mee te analiseer.

2.3.1 Sisteemteorie

Die sisteemteorie het `n groot impak op teorie en praktyk in maatskaplike werk gehad. Die ontwikkeling daarvan het gevloei uit die behoefte om `n analise te kan maak van komplekse interaksie situasies, waarin die geheel groter as die som van die dele is (Rodway, 1986:514). Die sisteemteorie verskaf teoretiese riglyne om

byvoorbeeld jeugmisdaad te kan beskryf aan die hand van die interaksie en patrone wat in die gesin en gemeenskap van die oortreder plaasvind.

Die sisteemteorie is `n meta-teorie wat as raamwerk gebruik word om enige dinamiese, herhalende proses van gebeure te verklaar. Rodway (1986:514) noem dat dit help om mense individueel en kollektief te kan verstaan in terme van spesifieke konsepte soos strukture en grense. Sisteme is ateoreties en verteenwoordig `n denkwyse en manier om observasies en die data wat daarvan verkry word te verstaan. Die sisteemteorie maak dit dus moontlik om `n sosiale verskynsel soos jeugmisdaad te verduidelik as `n simptoom en resultaat van negatiewe gesinsinteraksie.

Die algemene sisteemteorie is deur Von Bertalanffy ontwikkel deur die samevoeging van konsepte van verskeie dissiplines soos filosofie en sielkunde (Rodway, 1986:514). Von Bertalanffy, soos aangehaal deur Compton en Galaway (1999:73), beskryf `n sisteem as "…*a set of units with relationship among them*". Uit hierdie aanhaling blyk dit dat `n sisteem bestaan uit verskeie komponente wat in voortdurende interaksie met mekaar is. Potgieter (1998:54) en Rodway (1986:516) beskryf `n sisteem as `n eenheid van mense wat verbind is deur `n vorm van verhouding met mekaar in `n spesifieke konteks, ruimte en tyd. `n Nuklêre gesin is `n voorbeeld van `n spesifieke verhouding wat gevorm is in `n sosiaal aanvaarbare konteks, wat sekere funksies vervul in `n spesifieke tyd en ruimte. Compton en Galaway (1999:30) meld dat die individu verskillende sisteme het soos fisies-biologies-, kognitiewe-, emosionele-, aksie- en reaksie sisteme. Die sisteemteorie fokus op die totale lewensituasie, waar die individu en sy situasie `n geheel is en beide die oorsaak en gevolg van probleme (Compton & Galaway, 1999:28).

Die sisteemteorie neem die fokus weg van die "oorsaak-en-effek" paradigma van die mediese model en fokus op die interverwantskap en sisteem as geheel (Compton & Galaway, 1999:28; Potgieter, 1998:54). Daar word wegbeweeg van `n benadering

waar die persoon of omgewing die fokus is, na die probleme wat in interaksie ondervind word (Compton & Galaway, 1999:29). Die jeugmisdadiger word dus nie as die oorsaak van die probleem ondersoek nie maar eerder die sisteme waarvan hy deel is. Daar moet na die totale funksionering van die hele sisteem gekyk word om `n gegronde teoretiese beskrywing van die jeugoortreder en sy gesin te gee.

2.3.1.1 Eienskappe

Compton en Galaway (1999:29-34); Potgieter (1998:54-58); en Rodway (1986:516-519) bespreek verskeie belangrike eienskappe om in gedagte te hou wanneer die sisteemperspektief gebruik word:

In die sisteemteorie word daar onderskei tussen **oop-** en **geslote** sisteme. Volgens Rodway (1986:516) is die **oop sisteem** `n geheel wat in aktiewe interaksie met die omgewing is. Die sisteem ontvang dus invoer van die omgewing en lewer terugvoer of gee `n respons tot die interaksie met die omgewing. In `n gesin wat as `n oop sisteem funksioneer sal die ouers van `n kind wat byvoorbeeld by jeugmisdaad betrokke raak die hulp van `n organisasie soos NICRO verwelkom. Die gesin sal ook die betrokke kind ondersteun om weer `n positiewe bydrae tot die gemeenskap te kan lewer.

`n **Geslote sisteem**, soos beskryf deur Rodway (1986:516), is selfonderhoudend en glad nie afhanklik van die omgewing nie. Hierdie sisteem het geen interaksie met enige ander sisteme nie, en soos wat Compton en Galaway (1999:29-30) verduidelik, kry die sisteem geen invoer van enige sisteme of produseer geen uitvoer vir ander sisteme nie. In die gesin van `n jeugmisdadiger sal `n organisasie soos NICRO byvoorbeeld die gesinsisteem wil bystaan maar die geslote gesinsisteem sal nie die betrokkenheid van die organisasie toelaat nie. So `n gesin sal poog om die probleem van jeugmisdaad self te hanteer of te ignoreer.

Sisteme word geïdentifiseer deur **grense**. Rodway (1986:516) beskryf grense as die konstrukte wat spesifiseer wat binne of buite die sisteem is. Weens aktiwiteite in die sisteem sal grense dikwels verskuif word, maar altyd behoue bly. In die geval van `n gesin kan die grense `n onsigbare stel van lojaliteite, reëls en emosionele verbintenisse wees. Die grense van die gesin van `n jeugoortreder sal byvoorbeeld al die familie wees wat in dieselfde huis woon. Die grense van dié gesinsisteem kan egter difuus wees, in gevalle waar gesinslede verspreid en as lid van ander gesinne woon soos byvoorbeeld waar jeugoortreders deur ander sisteme as hul gesinsisteem versorg word.

Sisteme word gekenmerk deur die **entropie** en **antropie** van die oop- en/of geslote sisteme (Rodway, 1986:517). Antropie word beskou as die neiging van sisteme om meer energie in te voer as dit wat die sisteem uitvoer. Indien die sisteem meer energie kan behou as wat dit verloor, sal die sisteem daarin kan slaag om te groei en verder te ontwikkel. Wanneer meer energie uitgevoer word as wat die sisteem kan behou, staan dit bekend as entropie. Die resultaat is dat die sisteem sy lewensvatbaarheid verloor en finaal verval. Entropie kom gewoonlik by geslote sisteme voor waar die familie van die jeugoortreder byvoorbeeld streng voorgeskrewe idees of gedrag voorlê en taboes het oor watter invloede in die gesin toegelaat mag word.

Alle oop- en geslote sisteme blyk **stasionêre toestande** te bereik (Rodway, 1986:517). In die geval van `n geslote sisteem is dit `n vorm van **ekwilibrium** of `n toestand van rus. By `n oop sisteem is dit `n vorm van dinamiese wisselwerking van magte wat die indruk van `n dinamiese, bestendige toestand skep. Compton en Galaway (1999:31) verwys na hierdie bestendige toestand as `n tipe **homeostase**. Homeostase is dus die dinamiese proses waartydens die sisteem toestande van rus ervaar en in staat van herorganisering en groei is, veral in die periode wat daarna volg. In gesinne van jeugoortreders sal individue dikwels hul eie identiteit en behoeftes opgee in `n poging om homeostases of balans in die gesin te bereik.

Balans is dus dikwels disfunksioneel. So sal die gesin van `n jeugoortreder, wat baie aggressief is byvoorbeeld nie sy dwelmprobleem aanspreek nie in `n poging om ekwilibrium in die sisteem te behou.

`n Oop sisteem het nodig om inligting terug te gee aan die sisteem ten einde sy eie welstand te bepaal (Rodway, 1986:517). Dit word **terugvoer** genoem en die inligting is noodsaaklik, ten einde riglyne te verskaf vir die wisselwerkinge van die sisteem as deel van die omgewing. Terugvoer is die beweging wat in die sisteem plaasvind weens interaksie met ander sisteme en tussen subsisteme. `n Sisteem is nooit staties nie en die beweging wat in die sisteem plaasvind is die toestand wat veroorsaak dat die sisteem verander. Rodway (1986:517) noem dat die terugvoer wat in geslote sisteme plaasvind gewoonlik tussen subsisteme is en ook dikwels negatief is. `n Jeugoortreder wat gearresteer word, is `n voorbeeld van negatiewe terugvoer vir `n gesin. Die oop gesin sal hierdeur besef dat daar probleme in die sisteem is en hulp aanvaar van `n organisasie soos NICRO. Die geslote gesinsisteem van die jeugoortreder sal egter op terugvoer reageer deur te poog om die ekwilibrium te handhaaf en sal die probleem ontken – dus `n toestand van homeostase.

Pectora roborant cultus recti

Alle sisteme bestaan uit **subsisteme**. `n Sisteem het verskillende dele en elkeen van hierdie dele is ook `n sisteem, dus `n subsisteem. Die individue in die gesin is subsisteme aangesien elkeen verskillende rolle vertolk (Garvin & Seabury in Hoffman & Sallee, 1994:54). Subsisteme bestaan egter ook uit meer as een persoon. Die subsisteme het `n wedersydse invloed op mekaar en `n verandering in een deel beïnvloed die hele sisteem. Subsisteme het dieselfde algemene karaktereienskappe as sisteme. Broers in `n gesin kan byvoorbeeld `n subsisteem vorm waarin die ouer broer die jonger beïnvloed om byvoorbeeld by misdaad betrokke te raak. Die broers sal `n wedersydse invloed op mekaar en die hele gesin hê.

Rodway (1986:518) bespreek ook **differensiasie** wat verwys na die ontwikkeling en verandering wat oor tyd in die sisteem plaasvind. Dit wys spesifiek na die beweging van `n ongedifferensieerde eenheid na gedifferensieerde dele. Die verskynsel kan aan die hand van gesinne verduidelik word waar die rol van die ouer verander soos wat die kind groei en ontwikkel. Terwyl die kind steeds in die kinderjare is, is die ouerrol die van beskermer/voorsiener en dié van die kind is die afhanklike, wat tot `n meer onafhanklike rol lei soos wat die kind ouer word. In die gesinne van jeugoortreders raak veral kinders wat by bendes betrokke raak dikwels magsbehep, tot so `n mate dat die kinders vir die ouers bevele kan gee en `n rolverandering plaasvind.

Die konsep "**holon**" is `n belangrike konstruk van sisteme. Potgieter (1998:54-55) verwys na die "holon" as die strukturele interverbintenisse in die sisteem. Dit kan beskryf word as die onsigbare band wat elke deel van die sisteem met mekaar verbind. Elke deel of vlak van die sisteem is gefokus op beide die kleiner sisteem waaruit die spesifiek sisteem bestaan en die groter sisteem waarvan dit deel is. Compton en Gallaway (1999:120) konstateer dat elke deel van die sisteem gekoppel is met ander dele in die sisteem en dat verandering in enige deel `n invloed op ander dele van die sisteem sal hê. Die "holon" in die gesin van die jeugoortreder kan as die vlak of graad van gehegtheid in die verhouding tussen die jeugoortreder en ander subsisteme in die gesin geïnterpreteer word. Die band tussen die jeugoortreder en ander subsisteme in sy gesin kan moontlik disfunksioneel wees.

Laastens beskik sisteme oor `n vorm van **sinergie**. Potgieter (1998:57) verduidelik dat `n sisteem self interne energie kan skep wat die sisteem in staat stel om homself as sisteem in stand te hou. `n Voorbeeld in gesinne is die gevoel van kohesie wat geskep word deur storievertelling. Dit is `n norm in sekere kulture byvoorbeeld die Xhosas waar verhale oor kulturele helde en gebeure vertel word. Die sinergie in gesinne van jeugoortreders is moontlik disfunksioneel, omdat die sisteem nie oor

interne energie beskik om homself as sisteem funksioneel in stand te hou nie. Gesinskohesie word dus benadeel.

Die navorser is van mening dat die waarde en nuttigheid van die sisteemteorie net begryp kan word indien daar `n goeie begrip van die basiese konsepte daarvan bestaan. Die waarde van die sisteemteorie word gevind in die feit dat dit `n raamwerk bied waarbinne assessering van `n probleemsituasie en alle sisteme betrokke, sinvol kan geskied. Die sisteemteorie is dus nie `n behandelingsmodel nie maar verleen `n konseptuele raamwerk as perspektief vir die toepassing van teorieë en modelle en is daarom ideaal vir die doeleindes van die studie. Derhalwe sal die ekologiese perspektief bespreek word.

2.3.2 Ekologiese perspektief

Die ekologiese perspektief word in hierdie gedeelte beskryf ten einde vertroud te raak met die konsepte en toepassing daarvan. Maatskaplike werk fokus op beide die persoon met sosiale probleme, sowel as die sosiale probleme en sosiale faktore wat bydra tot die probleem. Verandering is gemik op die verhouding tussen die individu of groep en die omgewing waarin die probleme ondervind word (Morales & Sheafor, 1983:10,15). Die jeugmisdadiger en sy gesin word dus beskou as deel van `n groter sisteem waarin wedersydse interaksie en invloede op mekaar uitgeoefen word. Die ekologiese perspektief word bespreek aan die hand van Alex Gitterman en Carel Germain (1986) wat die funksionering van transaksies tussen mense en hul sosiale- en fisiese omgewings blootlê.

Die ekologiese perspektief bied `n konseptuele raamwerk waarbinne die maatskaplike werker beter kan verstaan hoe die kliëntsisteem aanpas by die veranderde omgewing ten einde te oorleef en te kompeteer vir die nodige hulpbronne (Sheafor *et al*., 1994:54). Compton en Galaway (1999:3) noem dat die perspektief gebruik kan word as `n raamwerk vir maatskaplike werk in alle omgewings met diverse populasies. Ten einde die passing tussen die persoon en die omgewing te

verbeter, is dit nodig om beide die persoon en die omgewing te verstaan alvorens intervensiestrategieë beplan kan word (Celliers, 2002:15). Derhalwe word die verskillende vlakke van ekologie in figuur 2.2 geïllustreer.



FIGUUR 2.2: Vlakke van ekologie

Die menslike ekosisteem word deur Germain en Gitterman (1986:628-631); Hoffman en Salley (1994:207-213) en Potgieter (1998:128-133) in drie verskillende **vlakke** verdeel wat deel is van die konseptuele raamwerk vir die beskrywing van die gesinservaringe van die jeugoortreder.

Die **mikrovlak** verteenwoordig die mees onmiddellike omgewing van die jeugoortreder waaronder sy fisiologiese- en interpersoonlike funksionering. Die vlak van ekologie fokus dus op die individu en sy ontwikkeling en funksionering. Die menslike lewensiklus word gekenmerk deur `n tydperk van groei en verskeie lewensoorgange. Die lewensoorgang is gewoonlik `n periode waar beweeg word van

`n toestand van sekerheid na onsekerheid waarin rolveranderinge kan plaasvind. In die lewe van `n jeugdige kan dit byvoorbeeld `n spesifieke gebeurtenis wees waar die broodwinner van die gesin sterf en die jeugdige nou na homself moet omsien en weens beperkte geleenthede by misdaad betrokke raak.

Die **mesovlak** verwys na die kleinste sosiale sisteme soos byvoorbeeld die gesin. Die lede van so `n sisteem het gemeenskaplike belange en verkeer en kommunikeer met mekaar ten einde gemeenskaplike doele uit te bou. Die groep het interaksie en `n wedersydse invloed op mekaar. So is die jeugdige byvoorbeeld op die mesovlak in interaksie met `n ouer broer wat by misdaad betrokke is en dit kan `n negatiewe invloed op die jeugdige hê.

Die **makrovlak** verwys na die gemeenskap as `n netwerk van verhoudings en strukture wat plaaslik relevant is. Met gemeenskap word verwys na die omgewing van sosiale sisteme, grense, individue, gesinne, buurte, ens. Op die makrovlak is daar wederkerige interaksie tussen die ekonomiese-, politieke- en sosio-kulturele sisteme van die samelewing. Op die makrovlak kan jeugoortreders en hul gesinne beïnvloed word deur `n wye verskeidenheid gemeenskapstressors wat `n negatiewe invloed op hierdie sisteme kan hê soos byvoorbeeld werkloosheid en armoede .

2.3.2.1 Eienskappe

Die ekologiese of lewensmodel ("life model"), soos beskryf deur Germain en Gitterman (1986:619) fokus op die **persoon en sy omgewing** en die transaksies wat hierin plaasvind. Sheafor *et al*. (2000:91) beskryf die ekologiese perspektief as `n perspektief waar die klem op die persoon-in-omgewing is. Die perspektief beklemtoon die wederkerige interaksies tussen die persoon en sy omgewing en die fokus van intervensie is op die verbetering van die passing tussen sisteme (Germain & Gitterman, 1986:619; Payne, 2005:150). Ten einde passing te bewerkstellig is dit noodsaaklik om die persoon, die omgewing en die huidige passing tussen betrokke sisteme te ondersoek.

Die ekologiese perspektief fokus ook op die **transaksies** tussen individue en hul omgewings wat deurentyd `n wedersydse invloed op mekaar het (Compton & Galaway, 1999:3; Sheafor *et al.*, 2000:91). Vanuit `n maatskaplikewerk-perspektief poog die ekologiese perspektief om die groei, ontwikkeling en verwydering van struikelblokke van kliënte te bewerkstellig (Payne, 2005:150). Ten einde hierin te slaag moet maatskaplike werkers `n positiewe ingesteldheid hê om wel die sterktes in `n sisteem raak te sien. In die geval van jeugmisdaad sal die maatskaplike werker byvoorbeeld die gesin help om te skakel met `n organisasiesisteem soos NICRO, waar die oortreder hulp kan ontvang.

Mense is interafhanklik van mekaar en die omgewing waarin hul lewe en beïnvloed mekaar deur transaksies. Ekosisteme is nooit staties nie en elke deel van die sisteem is deurentyd besig om aan te pas by die veranderende omgewing (Sheafor *et al.*, 2000:92). Germain en Gitterman (1986:620) beweer dat hierdie aanpassingsprosesse sielkundig, sosiaal, kultureel en biologies is. Ife (1995:43-49) identifiseer kernkonstrukte vir die aanpassingsprosesse in die ekologiese perspektief. Dit word vervolgens bespreek.

Pectora roborant cultus recti

Holisme: Die beginsel van holisme verwag dat elke fenomeen as deel van `n groter geheel gesien moet word en net verstaan kan word in verwysing tot die ander dele van die groter sisteem. `n Probleem kan dus nooit lineêr verklaar word nie maar as `n manifestasie van probleme in die breër sisteem. Die interafhanklikheid tussen die dele van die sisteem is belangrik en `n gebeurtenis in een deel van die sisteem beïnvloed die hele sisteem. Hierdie beginsel impliseer dus dat daar na die sielkundige, kulturele en biologiese aanpassing van die individu binne `n sisteem gekyk word. Daarom sal die jeugmisdadiger en sy gesin in terme van hul sielkundige, kulturele en biologiese funksionering ondersoek word. Die betrokkenheid van `n kind by jeugmisdaad sal byvoorbeeld nie net aan die hand van sy eie swak

konflikhantering verklaar kan word nie maar die negatiewe invloed van vriende (mesovlak) in die gemeenskap (makrovlak) sal ook ondersoek word.

Diversiteit: Die ekologiese perspektief beskryf diversiteit as die rede waarom verskillende sisteme daarin slaag om te ontwikkel, aan te pas en te groei. Diversiteit van kulturele sisteme is byvoorbeeld tans in Suid-Afrika baie relevant en impliseer die verskil in kulture en hulle aanpassing by omstandighede. Eenvormigheid van kulturele sisteme is `n resep vir ekologiese stagnasie en sisteme moet aangemoedig word om hul eie oplossings en maniere van funksionering te ontwikkel. `n Sisteem kan dus beskryf word in terme van sy unieke kulturele eienskappe. Daarom is dit belangrik vir die doeleindes van die studie om die jeugmisdadiger en sy gesin in terme van die impak van kulturele diversiteit (makrovlak) op die betrokke sisteme te interpreteer. Die etnies-sensitiewe perspektief skep die ideale raamwerk vir die beskrywing van die diversiteit van die jeugmisdadiger en sy gesin en word later bespreek.

Ekwilibrium: Soos wat reeds beskryf is onder die sisteemteorie fokus dié beginsel op die verhouding tussen sisteme en die noodsaaklikheid om `n balans te behou. In die ekologiese perspektief word ekwilibrium veral in terme van ekologiese transaksies beskou. Die sosiale-, politieke- en ekonomiese sisteme speel `n belangrike rol in die behoud van die ekwilibrium en die impak van globalisering op plaaslike omstandighede word in ag geneem. Internasionale- en nasionale ekonomiese tendense op die makrovlak kan dus `n impak hê op `n gemeenskap en kan byvoorbeeld tot `n kind se betrokkenheid by misdaad bydra. Die misdaadbetrokkenheid van die kind dra egter nie noodwendig die goedkeuring van die gesin weg nie en hul kan optree teen die kind in `n poging om die balans in die gesin te handhaaf. Hierdie poging tot handhawing van die ekwilibrium is egter op mikrovlak en sinkroniseer nie met die ekonomiese tendense op meso- en makrovlak nie.

Simbiose: Die ekologiese perspektief beskou die gemeenskap as `n organisme met grense wat in interaksie is met die omgewing (Payne, 2005:150). `n Ondersoek na die jeugmisdadiger en sy gesin sal dus die grense duidelik moet afbaken. Soos reeds bespreek onder die sisteemteorie sal die jeugdige eerstens binne die familiesisteem (mesovlak) ondersoek word. Die familie sal daarna binne die groter sosiale sisteem (makrovlak) bespreek word wat onder andere insluit die gemeenskap en institusionele sisteme. Brueggemann (1996:110) noem dat die transaksies wat tussen al hierdie genoemde sisteme plaasvind `n wederkerige wisselwerking is waarin gegee en ontvang word in `n simbiotiese verhouding tussen al die verskillende dele.

Stres: Brueggemann (1996:110) konstateer ook dat stres wat veroorsaak word deur onvoldoende interne- en eksterne bronne die aanpassingsvermoë van `n sosiale sisteem beïnvloed. Voorbeelde van sulke negatiewe gemeenskapstressors is armoede en werkloosheid en dit kan byvoorbeeld die ekonomiese rede wees waarom `n kind aanvanklik by misdaad betrokke raak. `n Gesonde sosiale organisme is een waarin al die verskillende komponente in passing met mekaar is en by die omgewing aangepas is. Aanpasssing verwys na die passing tussen die persoon en omgewing, die aangepaste balans tussen behoeftes, kapasiteit en regte van die sosiale- en fisiese omgewing binne `n gegewe kultuur.

Ife (1995:49) beweer egter dat die ekologiese perspektief onsuksesvol is in die interpretering van fundamentele kwessies in bemagtiging, menseregte en strukturele onderdrukking. Die fokus op die sterkte- en etnies-sensitiewe perspektiewe sal egter die navorser in staat stel om binne die ekologiese sistemiese raamwerk hierdie kwessies te interpreteer.

2.3.3 Parallelle konstrukte van die sisteemteorie en ekologiese perspektief

Uit die bogenoemde bespreking kom die parallelle konstrukte tussen die sisteem- en ekologiese perspektiewe duidelik na vore. Die volgende konstrukte is

verbandhoudend en word vir die doeleindes van hierdie studie in kombinasie as **ekologiese sisteemteoretiese konstrukte** benut:

Die jeugmisdadiger en sy gesin is sosiale sisteme wat op mikro-, meso- en makrovlakke funksioneer en:

- in wedersydse interaksie met mekaar is;
- transaksies met die omgewing het;
- as `n oop- of geslote sisteem funksioneer;
- deur grense van ander sisteme geskei word;
- strewe na die behoud van ekwilibrium in die sisteem.

2.4 STERKTEPERSPEKTIEF

Maatskaplike werk begin gewoonlik as reaksie op `n probleem wanneer daar stres of ongemak tussen `n individu en sy breër gemeenskap of omgewing ondervind word. Die eerste stap in die proses is om `n doelbewuste plan van aksie te kry ten einde die probleem op te los. Gray en Collett van Rooyen (2002:197) is van mening dat die benadering in maatskaplike werk dikwels is om die probleem te verken. Hierdie probleemoplossingsproses veroorsaak dat maatskaplike werkers dikwels `n inventaris van probleme opstel en dus probleemgesentreerd werk. Jeugmisdaad is `n voorbeeld van `n probleem wat die fokus van maatskaplike werkers kan aflei en die probleemgesentreerde proses aan die gang sit.

Die sterkteperspektief is ontwikkel as `n alternatief vir die probleemgesentreerde benaderings waar kliënte geëtiketteer is as hulpeloos en passiewe rolspelers in die hulpverleningsproses (Gray & Collett van Rooyen, 2002:193). Dit is nie `n nuwe benadering in maatskaplike werk nie en is reeds `n geruime tyd in gebruik. Die sterkteperspektief het gedurende die 1990`s `n groot herlewing in die maatskaplike werk veld beleef en was as`t ware `n revolusionêre beweging teen die dominante mediese modelle wat gefokus het op die individuele patologie van kliënte. Veral byvoorbeeld met die behandeling van ernstige jeugmisdadigers was dit dikwels `n

baie individuele behandelingsproses terwyl die oortreder oor `n gemeenskap met sterktes en bronne beskik.

Saleebey (2002:1) konstateer dat die sterkteperspektief op moontlikhede fokus, eerder as om na die probleme te kyk. Laasgenoemde outeur stel dit metafories dat in die middel van trauma, pyn of probleme kan die bloeisels van hoop en transformasie gesien word. Saleebey (2002:1) beskryf die formule vir `n sterkteperspektief soos volg: Die sterktes (talente, kennis, bronne) van kliënte moet gemobiliseer en aangewend word om kliënte te help om hul doelstellings en visies te bereik. Die sterkteperspektief poog dus om kliënte te help om hulself te help.

Vervolgens sal die sterkteperspektief bespreek word om die begrip daarvan te verbeter. Die bespreking sal hoofsaaklik fokus op die eienskappe van die sterkteperspektief.

2.4.1 Eienskappe

Volgens die sterkteperspektief beskik elke individu, gesin en gemeenskap oor sterktes, bates en bronne (Saleebey, 1999:16; Sheafor *et al.*, 2000:93). Die identifisering van bronne en ten volle benutting daarvan is ook sentraal in maatskaplike probleemoplossing. Dit is egter dikwels `n uitdaging om sterktes in die onderskeie maatskaplike sisteme te identifiseer weens die wanfunksionering daarvan. Die disfunksionerende gesin van `n jeugmisdadiger waarin daar geen verhoudings of ondersteuning vir mekaar is nie, is `n voorbeeld van so `n wanfunksionerende sisteem op die mesovlak.

Volgens Compton en Galaway (1999:15) vereis die sterkteperspektief nie die beklemtoning van positiewe aspekte ten koste van die erkenning van die realiteite nie. Die perspektief neem egter die individu terug na `n gebalanseerde sienswyse van sy toestand, met ander woorde, `n sienswyse wat die vermoë van die mens om probleme te oorkom, respekteer (Saleebey, 1999:15). Die jeugoortreder wat op `n

jong ouderdom skool verlaat het, sal byvoorbeeld aangemoedig word om sy skoolopleiding voort te sit en te voltooi sodat hy `n groter loopbaankeuse kan uitoefen.

Gray en Collett van Rooyen (2002:197) lê klem op die krag van woorde. Dit word ook deur Saleebey (1999:15) ondersteun wat staaf dat woorde kan ophef of vernietig en kan motiveer of ontmoedig. In hierdie perspektief word woorde gereeld gebruik soos bemagtiging, potensiaal, vermoë, verantwoordelikheid, groei, bates en visie (Gray & Collett van Rooyen, 2002:194). Deur die gebruik van hierdie begrippe word daar gepoog om kliënte se persepsies van probleemsituasies te herdefinieer en te motiveer om aktief betrokke te wees in die probleemoplossingsproses. So kan die positiewe of negatiewe woorde van `n ouer byvoorbeeld bepaal of die kind `n goeie of slegte selfbeeld het en dit bepaal die kind se hantering van groepdruk wat eindelik tot die betrokkenheid by misdaad kan lei.

Die diagnose van `n individu as `n krimineel of die gesin as disfunksionerend kan dikwels beperkinge plaas op die verwagte potensiaal van die sisteem. Die sterkteperspektief maak die aanname dat daar geen perke geplaas kan word op die potensiaal of vermoëns van waartoe die sisteem in staat is nie (Saleebey, 1999:16). Die perspektief vra dus vir `n holistiese benadering waarin die sisteem as geheel ondersoek word in `n poging om alle potensiële sterktes te identifiseer en aan te wend ten einde die sisteem optimaal te laat funksioneer.

Die voorkoms van jeugmisdaad, veral in `n disfunksionerende gesin, bemoeilik dit vir die hele sisteem om sterktes raak te sien (Kirst-Ashman, 2007:59; Morales & Sheafor, 1983:17). Dit is nodig vir die maatskaplike werker om vol te hou met oorredingsmetodes en herdefiniëring van die situasie sodat die sisteem self kan begin glo dat daar wel bronne is wat aangewend kan word ten einde positiewe veranderings aan te bring (Saleebey, 1999:17). Veral wanneer daar alreeds etikettering plaasgevind het en die sisteem `n posisie van hulpeloosheid aangeneem

het. Die aanwending van die sterkteperspektief in sulke situasies sal poog om die sisteem in staat te stel om die bronne en potensiaal van die sisteem raak te sien.

Elke omgewing beskik oor bronne en potensiaal (Sheafor *et al.*, 2000:58). `n Omgewing kan in `n groot mate wanfunksionering toon, maar steeds `n geskikte topografie besit ten opsigte van bates en hulpbronne. Die sterktes kan in die individue, gesinne en gemeenskappe gevind word wat deel is van die sisteem (Kirst-Ashman, 2007:59). Daar word gepoog om eerstens sterktes in die sosiale sisteem te vind voordat daar na die diensleweringsisteem gekyk word (Saleeby, 1999:16). Die sosiale sisteem beskik dus self oor die potensiaal om positiewe veranderinge te maak nadat die sterktes ontdek is en dit aangewend word in die sisteem. Die geleentheid vir skoolopleiding in `n gemeenskap is `n voorbeeld van `n sterkte in die sosiale sisteem van die jeugoortreder. So kan `n jeugoortreder wat byvoorbeeld skool verlaat het weens sy betrokkenheid by misdaad aangemoedig word om sy skoolloopbaan te voltooi ten einde `n wyer loopbaankeuse te kan hê.

Saleebey (2002:84) skryf dat, onder die regte omstandighede, amper enige iets as `n sterkte gesien kan word. Daar word na spesifieke sterkpunte verwys en vir die doeleindes van die studie word `n paar van die sterkpunte onder drie kategorieë ingedeel (Saleebey, 2002:84-87):

Individuele sterktes (mikrovlak): Gedurende moeilike tye ontwikkel en groei individue se *persoonlike kwaliteite* en *karaktertrekke* maar hul is dikwels self nie bewus daarvan nie. Van die kwaliteite sluit in `n sin vir humor, kreatiwiteit, getrouheid en onafhanklikheid. Die maatskaplike werker kan byvoorbeeld die jeugmisdadiger help om die eienskappe in homself raak te sien en dit aan te wend in die probleemsituasie.

Talente waaroor individue beskik soos byvoorbeeld om `n musiekinstrument te kan bespeel, stories vertel, kosmaak, skryf en handewerk. Die jeugoortreder wat in `n

onbetrokke huis grootword waar niemand sy talente raaksien en hom aanmoedig om dit te gebruik nie sal maklik heeltemal daarvan afsien. Die maatskaplike werker kan die individu aanmoedig om weer byvoorbeeld `n musiekinstrument te begin bespeel sodat hy dalk `n loopbaan daarvan kan maak.

Gesinsterktes (mesovlak): *Kulturele en persoonlike stories* van ouers of voorouers is dikwels bronne van sterkte en word maklik oorsien. Hierdie stories en narratiewes dien as bronne van inspirasie in moeilike tye. So kan stories in `n Xhosa gesin oor hul voorouers se bestaan byvoorbeeld `n jeugdige oorreed en inspireer om die kulturele erflating van hardwerkendheid en ondernemingsgees self voort te sit.

Spiritualiteit is `n sterkte by individue, gesinne en gemeenskappe wat dikwels oorgesien word. `n Groot rede hiervoor is maatskaplike werkers wat self nie gemaklik is met hul eie spiritualiteit nie en dan hierdie sterkte van individue of groepe ook weerhou. Spiritualiteit in gesinne kan byvoorbeeld `n anker wees vir die jeugoortreder en sy gesin wanneer daar deur moeilike tye gegaan word.

Gemeenskapsterktes (makrovlak): Die gemeenskap is dikwels op fisiese en interpersoonlike terrein belaai met *informele- en formele bronne* wat glad nie gebruik word nie. Groepe wat in buurte saamkom om mekaar te help en ondersteun is informele sterktes waarop gesinne kan steun gedurende moeilike tye. Daar is gewoonlik ook verskeie formele organisasies in gemeenskappe wat bystand gee aan gemeenskapslede. `n Dwelmgroep vir jeugdiges wat by die kliniek aangebied word is `n voorbeeld van gemeenskapsterkte en kan `n jeugdige wat dagga gebuik inlig oor die gevare van verslawing en die moontlike gebruik van ander dwelms.

Saleebey (2002:236) noem dat daar drie belangrike beginsels is in die identifisering van gemeenskapsterktes:

Bate- en sterkte gebaseerd: Wanneer daar na die sterktes in `n gemeenskap gekyk word is dit belangrik om te fokus op die bates en sterktes wat wel in die gemeenskap is en nie op die tekortkominge nie. Met die rehabilitering van `n jeugoortreder is dit byvoorbeeld belangrik om die sterktes van die gesin en bates van die gemeenskap te identifiseer en nie net op die behoeftes te fokus nie.

Interne fokus: Dit is belangrik om `n begrip te kry van wat in die gemeenskap aangaan en kennis te dra van die sterktes en bates daarvan. Indien daar byvoorbeeld `n probleem met die herintegrasie van jeugoortreders in `n gemeenskap soos die Paarl is, sal dit nie help om met inwoners van Stellenbosch te praat om inligting oor gemeenskapsbronne te kry nie.

Verhoudingsgesentreerd: Wanneer die sterktes geïdentifiseer en aktiveer word is dit belangrik dat positiewe verhoudings tussen die bronne en gemeenskap gebou word sodat die bemagtiging van gemeenskapslede voortgaan. Die verhouding tussen `n maatskaplike werker wat die NICRO program aanbied en die jeugoortreder wat dit bywoon moet van so `n aard wees dat die oortreder na afloop van die program steeds toegang tot die gemeenskapsbron of –sterkte het, sonder die bystand van die maatskaplike werker.

Saleebey (1999:17) noem dat die voorkoms van etniese- en kulturele verskille tussen die sisteem en maatskaplike werker dit bemoeilik om sterktes raak te sien. Morales en Sheafor (1983:5) konstateer egter dat hierdie individuele- en kulturele verskille as `n sterkte beskou moet word aangesien elke kultuur beskik oor verskeie bronne wat uniek is tot die spesifieke omgewing en sisteem. Die identifisering van sterktes in onbekende kulture word ook dikwels bemoeilik deur die onvermoë van die maatskaplike werker om die bronne van die sisteem korrek te interpreteer en aan te wend as sterktes. Vir baie individue of gesinne is byvoorbeeld spiritualiteit of geloof `n sterkte wat hul totale lewens rig en die onvermoë van `n maatskaplike werker om die sterkte te identifiseer kan die sisteem beroof van `n kosbare bron (Saleebey,

1999:19). Daar is dus `n definitiewe behoefte vir `n etnies-sensitiewe benadering in die ondersoek na sosiale sisteme en die perspektief word derhalwe bespreek.

2.5 ETNIES-SENSITIEWE PERSPEKTIEF

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) poog om `n inheemse vorm van maatskaplike werk vir Suid-Afrika voor te stel deur die konseptualisering van `n perspektief wat die opinies van verskillende skrywers soos Khinduka (1971); McKendrick (1990) en Tsabalala (1992) integreer (Sturgeon, 1998:31). Hierdie skrywers is van mening dat maatskaplike werk in Suid-Afrika moet terugkeer na `n fokus op minderbevoorregtes en voorheen benadeeldes. Hierdie benadering stel voor dat die maatskaplike ontwikkelingsmodel vir Suid-Afrika relevant, mensgebaseerd, holisties en volhoubaar moet wees (Sturgeon, 1998:31). `n Ideale maatskaplikewerk-perspektief vir Suid-Afrika sal dus die behoeftes van die verskillende sosiale- en kulturele groepe van die land in ag moet neem.

Weens die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing sal `n benadering sonder die etnies-sensitiewe perspektief, onvolledig wees. `n Belangrike rede hiervoor is die afstand tussen maatskaplike werkers en kliënte, weens die groot kulturele verskille aanwesig (Sturgeon, 1998:34). Weens dié etniese verskille kan daar maklik misverstande tussen kliënte en maatskaplike werkers voorkom. In `n poging om die verskille te oorkom is hulpverleningsmodelle ontwikkel wat spesifiek sensitief is vir kulturele verskille. Sturgeon (1998:34) skryf dat Devore en Schlesinger (1996) na die modelle verwys as etnies-sensitiewe modelle. Aangesien jeugmisdadigers verteenwoordigend is van alle kulturele groepe in Suid-Afrika is die etnies-sensitiewe perspektief relevant vir die beskrywing van jeugoortreders en hul gesinne.

Die etnies-sensitiewe perspektief fokus op die etniese, kulturele en godsdienstige diversiteit tussen mense en die probleme en effek van diskriminasie (Sheafor *et al.*, 2000:94). Zastrow (2004:295) beskryf die perspektief as die inlywing van kennis oor

diverse etniese-, kulturele- en minderheidsgroepe by die teorieë en beginsels van maatskaplikewerk-praktyk. Die etnies-sensitiewe perspektief stel egter geen nuwe beginsels of benaderings vir maatskaplike werk voor nie. Dit moedig egter maatskaplike werkers aan om die huidige benaderings te gebruik met die inagneming van etniese realiteite. Die etnies-sensitiewe perspektief fokus dus op die waardes en disposisie van kliënte, met betrekking tot hul etniese- en sosiale groepe.

MacKintosh (1998:119) gee die omskrywing van drie **begrippe** wat relevant is tydens die gebruik van die etnies-sensitiewe perspektief en vir die doeleindes van die studie word dit as volg omskryf:

Kultuur: Kultuur is `n kollektiewe term wat gebruik word vir die simboliese en aangeleerde, nie biologiese aspekte van `n samelewing soos taal, godsdiens en gewoontes wat sosiale groepe onderskei van mekaar. Aangeleerde vorme van gedrag vorm die kultuur van `n groep en elke sosiale groep het sy eie unieke kultuur. Samelewings soos Suid-Afrika bestaan uit verskeie kulturele groepe en vandaar die term “kulturele diversiteit”. Die Rastafariër geloof is byvoorbeeld `n kultuur waarin die gebruik van dagga aanvaar word en `n jeugdige se betrokkenheid hierby kan hom moontlik met die gereg laat bots.

Etnisiteit: `n Etniese groep is `n kategorie van mense wat deur middel van selfidentifikasie, van dieselfde afkoms of kultuur is. Etnisiteit is dikwels die basis vir groep- of nasionale segregasie en politieke dominansie. Dit kan egter positief aangewend word vir die erkenning en beskerming van kulturele diversiteit. Suid-Afrika het `n verskeidenheid etniese groepe wat onderskei kan word volgens hul afkoms en kultuur soos byvoorbeeld die Zoeloes of Afrikaners.

Ras: Ras is `n term wat gebruik word om mense te groepeer volgens sekere biologiese eienskappe met betrekking tot fisiese voorkoms soos gelaatstrekke, haartekstuur en velkleur. Die klassifikasie het gewoonlik politiese konnotasies en hou

verband met die beheer wat dominante groepe oor ander in dieselfde gebied uitoefen. Alhoewel dit sosiaal meer aanvaarbaar is om groepe volgens kultuur te klassifiseer is ras `n konsep wat altyd na vore kom in die bestudering van etnies-sensitiewe studievelde.

Die etnies-sensitiewe perspektief stel voor dat `n situasie net as `n probleem beskryf kan word op grond van `n kliënt se waardes en verwagtinge (Sturgeon, 1998:35). Om dié rede is daar `n relatiewe waarde aan probleme gekoppel aangesien sommige kulture byvoorbeeld die welsyn en geluk van `n familie bo individuele welsyn plaas. Probleme in een kultuur is dus nie noodwendig probleme in `n ander kultuur nie. In die geval van jeugmisdaad is dit egter `n ander saak, aangesien sekere gedrag deur die Grondwet van Suid-Afrika as misdade gedefinieer word en alle kulture is hieraan onderhewig.

2.5.1 Eienskappe

Die etnies-sensitiewe perspektief word veral in gemeenskappe gebruik waar **onderdrukking en diskriminasie** `n bydraende faktor is tot die probleme van die sisteem (Sheafor *et al.*, 2000:94). Die invloed hiervan is sigbaar in Suid-Afrikaanse samelewings waar onderdrukking `n groot invloed op die huidige toestand van sekere gemeenskappe gehad het. Die invloed van die vorige regeringstelsel is duidelik te sien in die hoë skoolverlating en werkloosheidsyfers in Suid-Afrika. Jeugdiges moet funksioneer op vlakke waarvoor hul nie voorbereid is nie. In ander lande is jeugdiges gebore in `n samelewing van menseregte, terwyl `n groot deel van die Suid-Afrikaanse jeug gebore of grootgemaak is deur ouers waarteen gediskrimineer is (Bezuidenhout, 2003:4,5). Na 1994 het die regering egter verskeie wetgewing en beleid ingestel vir die ontwikkeling van die jeug. Die praktiese implementering en uitvoering daarvan blyk egter nog oneffektief en ongedaan te wees (Berry & Guthrie, 2003:11). Die nawerking van hierdie onvermoë om die jeug te bemagtig en te ontwikkel word huidiglik gesien in die stygende misdaadvlakke in Suid-Afrika (Bezuidenhout, 2003:5,6; Malan, 2005:20). Intervensie in die gebiede

moet dus volgens die etnies-sensitiewe perspektief gedoen word.

Morales en Sheafor (1983:418) beskryf die etnisiteit van die Amerikaanse samelewing as `n **etnosisteem** waarin verskillende etniese groepe saamgebind is deur een politieke sisteem. Dieselfde politieke sisteem het veroorsaak dat diverse kultuurgroepe begin het om dieselfde gewoontes en gebruike aan te neem en het dit dus `n invloed op die makrovlak. Die tradisionele waardes het egter nie noodwendig verander nie en die uitkoms hiervan is waardekonflik tussen geslagte in dieselfde familiesisteem. MacKintosh (1998:124) meld dat dit `n groot probleem is wanneer tradisionele kulture verander of moet aanpas by meer "moderne" samelewings, dikwels ten koste van hul eie kultuur. `n Voorbeeld hiervan is `n Xhosa gesin wat vanaf `n landelike gebied na `n stedelike gebied verhuis. In die nuwe omgewing sal die gesin deur `n proses van hersiening van waardes en norme gaan, indien die gesin as `n oop sisteem funksioneer. Waar die man voorheen aan die hoof van die huis was kan dit nou weens sosiale aanvaarde waardes en norme verander dat hy nie meer die soewereine magsposisie beklee nie. Hierdie veranderde waardes kan in direkte teenstand met die man se interne kulturele waardes wees en tot ernstige konflik in die familiesisteem lei (Pretorius, 2002:95). Die botsende waardes kan byvoorbeeld lei tot stremming en fisiese geweld tussen vader en seun waarna die jeugdige besluit om van die huis af weg te loop (status oortreding) en `n ander heenkome te vind.

Zastrow (2004:431) konstrueer `n konseptuele raamwerk vir die etnies-sensitiewe perspektief wat as die "dualistiese perspektief" beskryf word. Die konsep impliseer dat alle individue deel is van twee sisteme:

Die **dominante** sisteem (makrovlak): Dit is die samelewing waarvan `n individu deel is en is gewoonlik die bron van beheer wat oor ekonomiese mag beskik.

Die **versorgingsisteem** (mesovlak): Dit is die fisiese- en sosiale omgewing van die familie en gemeenskap.

Die “dualistiese perspektief” impliseer dat die negatiewe invloede van die dominante sisteem afgeweer kan word deur `n positiewe atmosfeer in die versorgingsisteem. Daarom hoef byvoorbeeld `n voorheen benadeelde jeugdige se frustrasie oor “onregverdige” rykdomverdeling in Suid-Afrika, nie noodwendig te lei tot sy betrokkenheid by misdaad nie aangesien `n opbouende versorgingsisteem (gesin) die stremming sou uitkanselleer.

Norton (in Sheafor *et al.*, 2000:94) beskryf twee **subsisteme** gelyksoortig aan Zastrow (2004) se dualistiese perspektief. Hierin word elke persoon beskryf as deel van `n ondersteuningsisteem, wat deel uitmaak van sterk invloede soos die ekonomiese-, politiese- en onderwys sisteme. Aan die ander kant word daar ook `n versorgingsisteem beskryf wat bestaan uit die persoon se meer intieme verhoudings soos familie en gemeenskap. Norton (in Sheafor *et al.*, 2000:94) verwys egter spesifiek na verskille wat tussen die waardes van die twee sisteme ontstaan en tot konflik en stremming tussen individue en die gesin lei. Dit gebeur byvoorbeeld in `n arm gesin waar `n jong seun deur die media blootgestel word aan skynbare ekonomiese sukses. Dit voel egter vir hom of hy nie die geleenthede het om self die ekonomiese sukses te behaal nie en in sy frustrasie kan die betrokkenheid by misdaad as `n goeie alternatief beskou word.

Die etnies-sensitiewe perspektief stel die maatskaplike werker in staat om `n meer akkurate beskouing van die betrokke sisteem te kry. Die sisteem word as uniek gesien met sterktes en bronne wat eg aan die spesifieke kultuur en milieu is. Die raamwerk help ook om huidige probleme in `n sisteem te verstaan in terme van onderdrukking uit die verlede wat as gevolg van etniese faktore was. Die etnies-sensitiewe perspektief stel die maatskaplike werker in staat om `n meer akkurate beskrywing van die jeugmisdadiger en sy gesin, as sosiale sisteem, te kan doen.

2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die multi-dimensioneleperspektief, wat as teoretiese raamwerk vir die ondersoek gebruik word, bespreek. Ten einde begrip aangaande die perspektief te ontwikkel, is die ekologiese sisteemteoretiese-, sterkte- en etnies-sensitiewe perspektiewe bespreek. Elkeen van hierdie perspektiewe is verduidelik ten einde teoretiese toepassings daarvan te kan doen. Die raamwerk stel die navorser in staat om `n meer holistiese ondersoek na die funksionering van die jeugmisdadiger en sy gesin te doen.

Vanuit hierdie hoofstuk het dit geblyk dat die jeugmisdadiger en sy gesin deel is van sosiale sisteme wat op die mikro-, meso- en makrovlakke `n wederkerige invloed op mekaar uitoefen. Elkeen van hierdie sisteme beskik oor bronne en sterktes. Ten einde die funksionering van die sisteme, wederkerige invloede op mekaar en sterktes korrek te beskryf is dit nodig om die sisteme vanuit `n etnies-sensitiewe perspektief te benader. Die fundasie vir so `n beskrywing van die jeugoortreder en sy gesin is geleë in die teoretiese bespreking van al hierdie perspektiewe.

In die volgende hoofstukke sal die jeugoortreder en sy gesin vanuit die multi-dimensionele perspektief beskryf word.

Pagina roborant cultus recti

HOOFSTUK 3

`n BESKRYWING VAN DIE JEUGOORTREDER VANUIT `n MULTI-DIMENSIONELE PERSPEKTIEF

3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die jeugoortreder beskryf vanuit die konseptuele raamwerk, soos in die vorige hoofstuk uiteengesit. Eerstens word die jeugoortreder omskryf volgens die wettige Suid-Afrikaaanse en teoretiese definisies van jeugoortreders sodat die grense van hierdie groep onder ondersoek duidelik afgebaken is. Guerra (1999:389) is van mening dat `n raamwerk vir die beskrywing van jeugoortreders op spesifieke areas moet fokus, waaronder `n duidelike definiëring van jeugoortreders. Nadat hierdie omskrywing van jeugoortreders gedoen is word daar gefokus op die teorieë oor jeugmisdaad ten einde die jeugmisdaadverskynsel te verklaar. Zastrow (2004:310) konstateer egter dat daar geen teorie is wat `n grondige verklaring kan gee van jeugmisdaad nie en Muncie (2002:84) noem dat verduidelikings oor jeugmisdaad divers en teenstrydig is. Daarom word op verskeie teorieë gefokus ten einde `n objektiewe beskouing van jeugmisdaad te gee. Laastens word die mikro- en makrovlakke van funksionering van die jeugoortreder ondersoek sodat die invloed van die biologiese- en psigo-sosiale sisteme verstaan kan word. Vervolgens word die jeugoortreder in hierdie hoofstuk beskryf vanuit `n multi-dimensionele perspektief ten einde die begrip van die betrokke individu te verhoog.

3.2 OMSKRYWING VAN DIE JEUGOORTREDER

Die omskrywing van die jeugoortreder begin by die kriminologiese-, sosiologiese- en wettige definisies van hierdie konsep. Daarna word die regte van jeugdiges in Suid-Afrika ondersoek ten einde `n begrip te kan ontwikkel vir die verskillende oogpunte waaruit dié sosiale kwessie benader word en hoe dit tot `n komplekse verskynsel ontwikkel het (Celliers, 2002:11). Laastens word die tipiese profiel van `n

jeugoortreder bespreek en die ontwikkelingsfases- en take wat met hierdie ontwikkelingstadium gepaard gaan.

3.2.1 Definisie van die jeugoortreder

Die jeugoortreder word derhalwe gedefinieer. Burchell en Milton (2000:31) beskryf misdaad as enige gedrag wat deur die wet gedefinieer word as `n oortreding en waarvoor straf voorgeskryf word. In hierdie studie word daar egter spesifiek op jeugmisdaad gefokus en in Suid-Afrika word `n kind in seksie 28 van die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika (Artikel 108 van 1996) omskryf as "`n persoon onder die ouderdom van 18 jaar". Die Departement van Korrektiewe Dienste verwys na `n jeugmisdadiger as `n individu tussen die ouderdomme van 12-18 jaar (in Prinsloo, 2005:13). Volgens die HAT (2005:499) is jeug `n tydperk van jonk wees, veral vanaf puberteit tot volwassenheid en `n jeugmisdadiger is `n jeugdige persoon wat homself aan misdaad skuldig maak. Met inagneming van al hierdie beskrywings word `n jeugoortreder of –misdadiger vir die doeleindes van hierdie studie omskryf as `n individu tussen die ouderdomme van 12-18 jaar wat hom aan misdaad skuldig maak. Daar is egter verskillende tipes misdaad waaraan `n jeugdige homself kan skuldig maak en hierdie tipes misdaad word derhalwe bespreek.

Pectora roborant cultus recti

3.2.2 Definisie van oortredinge

Dit is belangrik om onderskeid te tref tussen die twee tipes oortredinge waaraan jeugdiges hul skuldig maak, naamlik status- en jeugoortredings. Bezuidenhout (2003:24) definieer statusoortredings as gedrag wat net as wangedrag beskou word indien dit deur persone onder die ouderdom van 18 jaar gepleeg word. Hierdie tipe oortredings sluit onder andere in wegloop van die huis, alkohol gebruik en om buite die beheer van ouers te wees. Die voorkoms van statusoortredinge is `n groot rede waarom daar so baie jeugoortreders is. Aan die ander kant noem Kirst-Ashman (2007:476) dat jeugoortredings dade is wat as oortredings beskou word indien dit deur jeugdiges of volwassenes gepleeg is. Die status van die kind as jeugdige het dus niks te doen met die wangedrag waaraan die persoon hom skuldig maak nie.

Met inagneming van hierdie verklarings kan gesê word dat status- en jeugoortredings antisosiale gedrag is wat vyandig, skadelik vir ander en in teenstelling met sosiale verwagtinge is (Kirst-Ashman, 2007:476). Vir die doeleindes van hierdie studie word die terme jeugmisdaad en -oortreding gelykwaardig gebruik om na status- en jeugoortredings te verwys. Hierdie klassifikasie van oortredings is grootliks die gevolg van die ontwikkeling van kinderregte en in Suid-Afrika het kinderregte ook `n groot rol gespeel in die regstelsel vir jeugdiges en die verloop hiervan word derhalwe bespreek.

3.2.3 Die regte van jeugdiges

Hughes (2002:1) konstateer dat die geskiedenis van kinderregte wêreldwyd `n geskiedenis van konflik, teenstrydigheid, dubbelsinnigheid en kompromisse is. Bogenoemde outeurs noem verder dat konflik onvermydellik is in `n sisteem waar tradisioneel gepoog is om beide die doele van welsyn en justisie te bereik. `n Welsynsbenadering het nog altyd gefokus op behoeftebevrediging en rehabilitering terwyl dit teengestaan is deur die neo-konserwatiewe raamwerk van morele skuldigheid en straf. Aan die kant van die welsynsbenadering is `n organisasie soos NICRO wat poog om jeugmisdadigers te rehabiliteer deur afwendingprogramme in gemeenskappe aan te bied. Aan die ander kant wil die regstelsel swaar strawwe vir jeugmisdadigers oplê ten einde hul af te skrik van verdere misdaadpleging. As `n resultaat hiervan poog die kinderregstelsel in Brittanje, volgens Hughes (2002:1), deurentyd om `n middelweg te vind tussen jeug as `n spesiale geval en jeug wat ten volle verantwoordelik is vir hul eie gedrag. In `n poging om dié middelweg te vind, noem Hughes (2002:1) dat die sisteem verslap in die naam van afwending of misdaadvoorkoming. Hul is dus van mening dat `n afwendingsprogram soos aangebied deur byvoorbeeld NICRO net `n kompromis tot straf is en jeugoortreders vryskeld van persoonlike verantwoordbaarheid vir hul optrede.

In Suid-Afrika is individuele menseregte die basis van die konstitusie waarin kinderregte gewaarborg word in seksie 28 van die Konstitusie van die Republiek van

Suid-Afrika (Artikel 108 van 1996). Prinsloo (2005:2) noem dat hierin `n positiewe sosioregtelike plig teenoor die jeugdige verseker word en dat die beste belange van die individu in elke aangeleentheid nagestreef moet word. Die toepassing hiervan word in Amerika gesien en Taylor, Fritsch en Caeti (in Prinsloo, 2005:2) beweer dat howe hier die regte van jeugoortreders tot behandeling en `n kinderhof erken met die oog op rehabilitasie. Die Amerikaanse Hooggeregshof beklemtoon ook `n ondersoek na die totale omstandighede (ouderdom, agtergrond, opleiding, ensovoorts) van `n beskuldigde jeugdige. Die beste belang van die jeugdige word dus ten alle tye nagestreef. In Suid-Afrika is daar ook spesifieke wetgewing ingestel om in die beste belang van die kind op te tree en hierdie wetgewing word derhalwe ondersoek.

In seksie 28 (1)(g) van die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika (Artikel 108 van 1996) word genoem dat elke kind die reg het om nie aangehou te word nie en indien dit die laaste uitweg is mag die kind vir net 48 uur aangehou word. Die kind moet ook apart van enige persone ouer as 18 jaar aangehou word en hanteer word in ooreenstemming met die ouderdom van die individu. Daar word egter verskillende probleme rondom die uitvoering van hierdie wet ervaar, aangesien daar `n tekort aan veiligheidsfasiliteite is en hierdie fasiliteite ook nie ingerig is vir meer geharde jeugmisdadigers nie. Dit het veroorsaak dat jeugmisdadigers dadelik vrygelaat is of in plekke van veiligheid aangehou is waar hul dikwels ontsnap het. Om hierdie probleem te oorkom was seksie 29 van die Korrektiewe Dienste (Artikel 8 van 1959) gewysig in 1996 waarin daar beperkte diskresie aan howe gegee is aangaande die vonnisoplegging van ernstige jeugoortreders. Hierin is onder andere aan die hof die mag gegee om `n jeugdige tussen die ouderdom van 14-18 jaar vir gevangenisstraf te vonnis indien dit tot die veiligheid van die algemene publiek bydra. Hierdie wysiging van 1996 was primêr ingestel as `n tydelike reëling aangesien daar `n tekort aan fasiliteite was om ernstige jeugmisdadigers aan te hou, maar het verstryk op 10 Mei 1998. Na die verstryking van hierdie wysiging is die posisie steeds dat jeugdiges in tronk- of polisieselle opgesluit mag word voor hul eerste verskyning in die hof, maar nie vir langer as 24 uur nie. Die Departement van Welsyn- en Korrektiewe

dienste moet egter toesien dat hierdie jeugdiges apart van enige volwassenes aangehou word in die gevangenis.

Prinsloo (2005:12) konstateer dat `n fyn balans tussen die samelewing se behoefte om misdadigers te straf en die welsyn van jeugoortreders gehandhaaf moet word. Die laasgenoemde outeur noem verder dat jeugdiges meer ontvanklik vir positiewe- of negatiewe invloede is en daarom kan onredelike straf `n lewenslange negatiewe invloed op die individu hê. Die behandeling van jeugmisdadigers moet dus op so `n manier gedoen word dat dit `n positiewe invloed op hul persoonlikheid en toekoms sal hê. Byvoorbeeld `n jeugdige wat skuldig bevind is vir moord kan nie `n definitiewe lewenslange vonnis kry nie. Die oortreder kom dalk uit `n gesin waar geen liefde van ouers ontvang is en fisiese- en seksuele mishandeling plaasgevind het. Indien die individu effektief gerehabiliteer word kan hy `n totale ommeswaai in sy lewe hê en `n positiewe bydrae tot die samelewing lewer. Wanneer daar na die profiel van hierdie "tipiese" oortreders gekyk word is daar ooreenstemmende eienskappe wat dikwels by oortreders gevind kan word.

3.2.4 Profiel van die jeugoortreder

Die uiteensetting van die profiel van die jeugoortreder is belangrik ten einde goed bekend te wees met die spesifieke teikengroep. `n Korrekte profiel van die jeugoortreder sal die navorser in staat stel om `n spesifieke fokus vir die res van die ondersoek te kry. Vervolgens word daar op die mees algemene eienskappe van oortreders gefokus.

Manlik: Zastrow (2004:308) konstateer dat die meerderheid van misdadigers in die VSA manlik en onder die ouderdom van 21 jaar is. Booyens (2003:41) beweer dat offisiële- en onoffisiële misdaadbronne in Suid-Afrika duidelik toon dat dit baie meer waarskynlik vir mans is om `n misdaad te pleeg as vir vrouens. Weens die groot verskil tussen offisiële- en onoffisiële misdaadbronne word geen syfers genoem nie, maar die verskil in statistiek tussen mans en vrouens word aanvaar. Zastrow

(2004:308) skryf die hoë misdaadsyfers onder mans toe aan twee faktore, naamlik geslagsrolsosialisering wat mans aanspoor om meer uitdagend en avontuurlustig te wees en die regstelsel wat meer verdraagsaam teenoor vroue is. Hierin is die invloed van die dominante- en versorgingsisteme duidelik, aangesien hierdie negatiewe geslagsrolsosialisering teengewerk kan word deur positiewe invloed van die gesin van die jeugdige.

Jeugdig: In `n studie wat Frank (2005:12) in Suid-Afrika en nege ander wêreldlande onderneem het, is bevind dat jeugoortreders by gewapende groepe aangesluit het op `n gemiddelde ouderdom van 13 jaar en ses maande. Loveday (2003:106) noem dat die aanvang van jeugmisdaad op 14 jaar is, maar dat die moontlikheid bestaan dat dit vroeër reeds kon begin. Prinsloo (2005:13) bevind in `n Suid-Afrikaanse studie dat 60% van ernstige misdadigers al op die ouderdom van 19 jaar met die gereg gebots het. Dit is dus duidelik dat jeugdigheid `n definitiewe eienskap van oortreders is.

Onderdrukte etniese groep en sosiale klas: Die hoë voorkoms van jeugmisdaad onder bruin jeugdiges op die Kaapse Vlakte word deur Kinnes (1995:5) toegeskryf aan die hervestiging van duisende families vanaf residensiële areas in Kaapstad. Die hervestiging het gelei tot die disintegrasie van die nuklêre gesin. Hawkins, Laub en Lauritsen (1999:34) verwys spesifiek na die verskille in ras met betrekking tot spesifieke oortredings. Laasgenoemde outeurs het byvoorbeeld gevind dat die kans vir `n swart jeugdige om vir manslag aangekla te word, vyf keer hoër is as die van `n wit jeugdige. Die rede hiervoor word egter nie noodwendig in die ras van die oortreders gevind nie, maar die sosio-ekonomiese status en gemeenskapstrukture van die misdadigers (Hawkins *et al.*, 1999:38-40). Zastrow (2004:308) bevestig die impak van hierdie verskynsel deur die hoë voorkoms van misdaad onder swart jeug in die VSA toe te skryf aan gesinsdisintegrasie en die afwesigheid van vaders en manlike rolmodelle. Die hoë voorkoms van jeugoortreders word dus toegeskryf aan die disintegrasie van gesinne as gevolg van diskriminasie teen spesifieke etniese groepe. Dit het byvoorbeeld gelei tot die vorming van `n etnosisteem waarin

waardekonflik tussen geslagte in dieselfde familiesisteem voorkom, wat dikwels `n negatiewe invloed op families het. Die waardekonflik kan byvoorbeeld `n jeugdige in opstand teenoor sy ouers laat kom wat tot negatiewe gedrag kan lei.

3.2.5 Die ontwikkelingsfases en –take van die jeugdige

Menslike ontwikkeling word omskryf as die ontwikkeling van die mens oor die totale lewensloop, dit wil sê vanaf bevrugting tot die dood. Hierdie ontwikkeling verwys na die verandering wat mense gedurende hul lewens ondergaan. Daar is egter verskillende teorieë oor ontwikkeling waarin verskillende faktore beklemtoon word as belangrike determinante in die ontwikkelingsproses. Aangesien hierdie studie vanuit `n ekologies-sistemiese raamwerk gedoen word is die invloed van omgewingsfaktore op menslike ontwikkeling `n belangrike fokus. Erikson (in Keenan, 2002:21) het `n teorie ontwikkel wat fokus op die rol van sosiale- en kulturele faktore in die ontwikkeling van `n individu. Erikson (in Keenan, 2002:22; Meyer & Van Ede, 1998:53) is van mening dat alle individue deur agt fases van ontwikkeling gaan en dat elkeen van hierdie fases `n unieke krisis aan die individu voorhou, wat oorkom moet word. Fase vyf van hierdie teorie sluit in puberteit en adolessensie, en strek van die ouderdomme 12 tot 20 jaar. Dit is dus die ouderdom waarin die jeugmisdadigers is wat in hierdie studie ondersoek word en derhalwe word hierdie fase bespreek.

Gedurende die vyfde fase van ontwikkeling is die ontwikkelingskrisis wat oorkom moet word *identiteit teenoor identiteitsverwarring* (Keenan, 2002:22; Meyer & Van Ede, 1998:53). Daar word spesifiek op hierdie fase van ontwikkeling gefokus aangesien die ander ontwikkelingstake later in die hoofstuk bespreek word as deel van die vlakke van funksionering van die jeugoortreder. Hierdie vyfde fase behels egter dat adolessente moet poog om te ontdek wie hul werklik is om hul self-identiteit te vestig. Voor adolessensie leer kinders verskillende rolle soos kind, broer, vriend, rugbyspeler, ensovoorts. Tydens adolessensie is dit egter belangrik om al hierdie rolle te integreer in `n enkele identiteit. Indien die persoon nie daarin slaag om hierdie rolle te integreer nie, of konflik ervaar tussen twee rolle, is die resultaat wat Erikson

(in Keenan, 2002:23) noem identiteitsverwarring. Indien die sosiale omgewing interne stabiliteit en kontinuïteit bied en positiewe terugvoer ontvang word, sal die jeugdige se identiteit gevestig word. Indien die omgewing egter swak ondersteuning en onduidelike terugvoer gee sal rolonsekerheid intree. Vir die doeleindes van hierdie studie sal hierdie ontwikkelingsfase dus `n rol speel in die funksionering van die jeugmisdadiger.

Met die bogenoemde omskrywing van die jeugoortreder kan die volgende verklarings vir die doeleinde van hierdie studie gemaak word:

- Die jeugoortreder is `n individu tussen die ouderdomme van 12-18 jaar wat hom aan status- of jeugoortredings skuldig maak.
- Jeugoortreders is dikwels manlik en vanuit `n onderdrukte etniese groep.
- Die jeugoortreder is in `n ontwikkelingsfase waarin sekere take aan die jeugdige voorgehou word wat `n invloed op die funksionering van die individu het.

Die jeugoortreder word vir die res van die studie beskryf vanuit hierdie bogenoemde verklarings van die jeugoortreder.

Pectora roborant cultus recti

3.3 TEORIEë OOR JEUGMISDAAD

In hierdie gedeelte word daar gefokus op die teorieë oor jeugmisdaad. Vir `n akkurate beskrywing van die jeugoortreder binne die multi-dimensionele perspektief is `n goeie kennisbasis van die ontwikkeling van teorieë oor jeugmisdaad nodig. Die navorser is van mening dat die teorieë oor jeugmisdaad van onskatbare waarde is aangesien dit poog om by die wortel van die probleem uit te kom en nie net op reaksie van dade fokus nie. Daar word dus `n verklaring gegee van waarom individue by jeugmisdaad betrokke raak en hieruit kan daar voorkomende strategieë ontwikkel word. Hierdie teoretiese kennis maak dit ook moontlik om die beskrywing van die individu binne die spesifieke konseptuele raamwerk te doen.

Daar word gekyk na verskeie teorieë oor misdaad en Curren en Renzetti (1994:ix) konstateer dat daar soveel teorieë oor misdaad is as wat daar misdadigers is. Dit is duidelik `n oordrewe bewering, maar die invloed van verskeie misdaadverwante studievelde het gelei tot die vorming van `n wye verskeidenheid uiteenlopende teorieë oor jeugmisdaad. Die primêre doel van al hierdie teorieë is om `n verklaring vir jeugmisdaad te gee ten einde die inligting aan te wend om kriminele gedrag te voorspel (Joubert, 2003:80). Zastrow (2004:318) is egter van mening dat teorieë nie werklik slaag in die volle verklaring van jeugmisdaad nie. Die laasgenoemde outeur noem dat die term “misdaad” `n wye verskeidenheid oortredinge insluit en om die rede is dit onmoontlik om aan die hand van een teorie alle misdade te verklaar. Aangesien die aard van die misdade verskil is die motiewe of oorsake onderliggend tot die misdade ook verskillend (Zastrow, 2004:318). So kan `n enkele teorie byvoorbeeld nie verklaar waarom een jeugdige diefstal pleeg, `n ander verkrag en `n volgende dwelms gebruik nie.

Muncie (1999:84) konstateer dat daar nie wegbeweeg kan word van een teorie na `n ander nie, maar dat elke teorie `n kontemporêre verteenwoordiging en relevansie vir die verklaring van jeugmisdaad bevat. Gevolglik sal daar vir die doeleindes van hierdie studie na verskillende teorieë oor jeugmisdaad gekyk word ten einde `n objektiewe beskrywing van teorieë oor jeugmisdaad te kan gee. Derhalwe word die belangrikste teorieë oor jeugmisdaad in figuur 3.1 uiteengesit.



FIGUUR 3.1: Teorieë oor jeugmisdaad

Vir die doeleindes van die studie word daar gefokus op die klassieke-, positivistiese-, radikale- en etiketteringsteorieë oor jeugmisdaad. Toepaslike integrering van die teoretiese konstrukte vanuit die multi-dimensionele perspektief word derhalwe gekombineer met hierdie teorieë oor jeugmisdaad.

3.3.1 Klassieke teorieë

Daar word eerstens op die klassieke teorieë oor jeugmisdaad gefokus. Joubert (2003:81,82) en Muncie (1999:85) stem saam dat klassieke teorieë alle kriminele gedrag as vrywillig beskou en hiermee word impliseer dat jeugdiges oortree omdat hul kies om dit te doen. Curren en Renzetti (1994:7) noem dat die klassieke teorieë beïnvloed is deur die filosofiese argumente van die tydperk (1700's) waarin die fokus op hedonisme, rasionaliteit en vrye wil as die determinante vir menslike aksie was. Zastrow (2004:310) bevestig hierdie beskrywing en noem verder dat die vrywillige besluitneming gerig word deur `n geantisipeerde balans van plesier en pyn. Om hierdie rede kan jeugoortreders gesien word as rasionele besluitmakers wat kies om te oortree en beheer kan word deur `n vrees vir straf. Dit word voorgehou as die rede waarom byvoorbeeld `n jeugdige uit `n "goeie" huis, waar geen of oneffektiewe straf toegepas word, wel by misdaad betrokke raak. Omdat die straf nie slegter as die geantisipeerde plesier is nie raak hierdie individu betrokke by misdaad. Volgens die klassieke teorie kan `n jeugdige dus weerhou word van die betrokkenheid by misdaad deur die gesinsisteem se toepassing van effektiewe dissipline.

Pectora roborant cultus recti

3.3.2 Positivistiese teorieë

In die volgende gedeelte word daar op die positivistiese teorieë gefokus. Muncie (1999:85) konstateer dat die positivistiese teorieë gebruik maak van metodes uit die natuurwetenskappe in `n poging om sosiale gedrag te verklaar. Hierdeur word onderneem om `n oorsaak en effek verhouding te bepaal in dieselfde manier waarop natuurwetenskaplikes die verhouding tussen onderwerpe in die fisiese wêreld analiseer. So poog hul byvoorbeeld om die verhouding te verklaar tussen `n ouer se werkloosheid en die jeugdige se betrokkenheid by misdaad. Joubert (2003:95) gee `n uiteensetting van die verskillende positivistiese teorieë wat deur middel van figuur 3.2 op die jeugmisdadiger van toepassing gemaak word.



FIGUUR 3.2: Positivistiese teorieë oor jeugmisdaad (Joubert, 2003:95)

Vanuit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat daar twee uiteenlopende positivistiese teorieë tot jeugmisdaad is. Derhalwe word individuele- en sosiale positivisme bespreek.

3.3.2.1 Individuele positivisme

Muncie (1999:85) noem dat individuele positivisme fokus op enige abnormaliteite in die biologiese- of sielkundige samestelling van die individu. Die oorsaak van misdaad word in die individu gevind en dus word probleme op die mikrovlak van die sisteem ondersoek. Vervolgens word die individuele positivistiese teorieë bespreek.

Biologiese teorieë: Die biologiese teorieë fokus op fisiese abnormaliteite, genetiese faktore en chromosome en beweer dat sommige mense gebore word as misdadigers (Joubert, 2003:95). Weens die fokus op genetiese faktore word daar gewoonlik na die familiegeskiedenis van jeugoortreders gekyk. Muncie (1999:87) konstateer dat die teorieë spesifieke fisiese abnormaliteite aan oortreders toeken soos byvoorbeeld dat jeugmisdadigers gewoonlik goed ontwikkelde spiere en `n atletiese voorkoms het. Die teorieë is egter baie kontroversieel en Joubert (2003:83) noem dat die grootste probleem met hierdie teorieë is dat dit verskeie verklarings, maar geen oplossings vir jeugmisdaad kan gee nie. Aangesien die biologiese teorieë geen oplossings vir jeugmisdaad kan gee nie en teenstrydig met die ekologiese-sisteemteoretiese raamwerk van hierdie studie is sal dit nie verder in die ondersoek gebruik word nie.

Sielkundige teorieë: Sielkundige positivisme beskou jeugmisdaad as die resultaat van spesifieke verstandelike prosesse en –karaktereienskappe soos psigologiese versteurings (Muncie, 1999:92). Jeugoortreders se gedrag word verklaar aan die hand van hul kinderervaringe, morele ontwikkeling, intelligensie en persoonlikheid (Joubert, 2003:95). Muncie (1999:93) skryf dat Freud se psigo-analitiese teorie hier gebruik is om jeugmisdaad te verklaar as die sielkundige stremming tussen die onbewuste drange (die id) en die bewuste begrip van self, moraliteit en sosiale orde (die ego en super-ego). Jeugmisdaad is dus die resultaat van dié psigologiese stremming en die onvermoë van die individu om selfbeheer toe te pas. Hierdie onvermoë word toegeskryf aan `n tekort aan intieme- en vertrouensverhoudinge gedurende kinderdae (Muncie, 1999:92). So kan `n jeugdige byvoorbeeld in `n

poging om ekwilibrium in homself te behou, stremming ervaar en sy onvermoë om die stremming te hanteer kan toegeskryf word aan sy onbetrokke en afsydige ouers. Die stremming kan tot frustrasie of stres lei wat dikwels `n rede is waarom jeugdiges dwelms begin gebruik. Die vlakke van funksionering van die jeugoortreder word egter later in die hoofstuk bespreek waarin daar weer op die invloed van verstandelike prosesse en –karaktereienskappe op die jeugoortreder gefokus word.

3.3.2.2 Sosiale positivisme

In teenstelling met individuele positivisme, waar die oorsaak van misdaad in die persoon gesoek word, kyk sosiale positivisme na sosiale faktore as die oorsaak van jeugmisdaad (Curren & Renzetti, 1994:135; Muncie, 1999:99). Die gesin van die jeugoortreder sal byvoorbeeld as `n oop sisteem beskou word wat in wedersydse interaksie met die samelewing is en beïnvloed word deur sosiale faktore. Die breë doel van die teorie is die bestudering van die verspreiding van verskeie misdade in gegewe populasies. Muncie (1999:99) noem dat daar gevind is dat spesifieke misdade in spesifieke geografiese areas voorkom. Die oorsaak van jeugmisdaad is dus geleë in die sosiale konteks van die individu. Vervolgens word die sosiale positivistiese teorieë bespreek.

Pectora roborant cultus recti

Sosiale strukturele teorieë: Die eerste sosiale positivistiese teorieë waarop gefokus word is die sosiale strukturele teorieë. Die uitgangspunt van die strukturele teorie is dat laeklas mense tot `n groter mate betrokke raak by misdaad as middelklas mense (Joubert, 2003:87-90). Daar word spesifiek gefokus op sosiale disorganisasie, anomiese samelewings, en laeklas kulturele waardes en tradisies en dit word vervolgens uiteengesit aan die hand van Joubert (2003:87-90), Curren en Renzetti (1994:136-140) en Muncie (1999:101-110):

Sosiale disorganisasie: Sosiale disorganisasie word veroorsaak deur vinnige sosiale verandering wat lei tot die botsing tussen dominante- en soms ongeoorloofde waardes en norme. Hierdie “kultuurverskille” lei tot konflik tussen verskillende groepe

mense en die resultaat hiervan is misdaad. Die teorieë fokus nie werklik op die individu nie aangesien die oorsaak van misdaad gevind word in strukturele veranderlikes wat bydra tot armoede, werkloosheid, swak skoolopleiding en rassisme wat die indirekte oorsake van jeugmisdaad is. Sosiale disorganisasie is `n bewys van die sosiale defekte van die samelewing. Byvoorbeeld die verskil tussen `n jeugoortreder en `n nie-oortreder word nie in hul individuele karaktereienskappe gevind nie, maar in die eienskappe van die onderskeie buurte waarin hul woon.

Stremmingsteorieë: Die stremmingsteorieë verklaar misdaad as die direkte oorsaak van laeklas frustrasie en woede oor die onvermoë om rykdom, materiële besittings of status deur die wettige kanale te bekom. Die nuwe Suid-Afrika is `n goeie voorbeeld van stremming waar die nuwe politieke dispensasie `n verwagting vir `n beter samelewing, veral vir voorheen benadeeldes, gegee het. Die beloftes was onder andere goeie behuising, werksgeleenthede en kwaliteit skoolopleiding en `n groot persentasie van hierdie voorheen benadeelde groepe is steeds werkloos en woon in haglike omstandighede. Daar is dus nie geslaag om in die verwagtinge te voldoen in `n kort tydperk nie en die resultaat hiervan is gevoelens van frustrasie en ontevredenheid. Die laeklas sisteem ontvang dus negatiewe terugvoer aangesien daar nie aan verwagtinge voldoen word nie. Die negatiewe terugvoer lei tot frustrasie wat veroorsaak dat hierdie groep mense misdaad as `n alternatief aanwend ten einde hul behoeftes te bevredig.

Laeklas kulturele waardes en tradisies: Volgens hierdie teorie veroorsaak sosiale disorganisasie en stremming in gemeenskappe `n unieke laeklas kultuur wat bestaan uit waardes en oortuiginge wat in konflik met konvensionele norme is. Hierdie laeklas kultuur is `n aantreklike alternatief aangesien die arm gemeenskappe dit onmoontlik vind om die norme van die middelklas te bereik. Byvoorbeeld `n skoolverlater uit `n arm gemeenskap beskik gewoonlik nie oor die finansiële bronne om tersiêre opleiding te kry nie. Verder is die individu deel van `n geslote gesinsisteem en sonder enige ander bronne van ondersteuning. As `n alternatief lyk die materiële welvaart

van byvoorbeeld `n dwelmhandelaar in die gemeenskap aantreklik en die jeugdige besluit om daarby betrokke te raak. Dit is dus `n kombinasie van sosiale disorganisasie en stremming op die sisteem wat tot die betrokkenheid by jeugmisdaad lei.

Sosiale prosesteorieë: Die tweede groep sosiale positivistiese teorieë is die sosiale prosesteorieë. Joubert (2003:91) noem dat die sosiale prosesteorieë fokus op die interaksie wat jeugdiges met verskeie organisasies, institusies en prosesse in die samelewing het. Hierdie teorieë sal dus van toepassing wees op `n gesin wat as `n oop sisteem funksioneer. Die sosiale prosesteorieë fokus op die invloed van familieverhoudings, vriendekringe, opleidingservaringe en interaksie met outoriteitsfigure soos onderwysers en werksgewers. Indien die verhoudings positief is, sal jeugdiges wetsgehoorsame burgers wees en indien dit negatief is sal daar `n goeie kans vir oortredings wees. Die basiese konsep van die teorie is dat alle mense, ongeag hul ras, klas of geslag, die potensiaal het om oortreders te word (Joubert, 2003:91). So kan negatiewe invloede op die makrovlak byvoorbeeld teengewerk word deur positiewe familieverhoudings op die mikrovlak. Die relevante sosiale prosesteorieë vir hierdie studie word deur Joubert (2003:91-93), Muncie (1999:105-110) en Gottfredson en Hirschi (1990:78-82) as volg verduidelik:

Sosiale leerteorie: Die sosiale leerteorie beweer dat misdaad aangeleer word in die vorm van norme, waardes en gedrag wat geassosieer word met misdaad. Jeugdiges leer dus om misdaad te pleeg by ander in hul gesin of gemeenskap. In die gesin vorm lede van dieselfde geslag dikwels subsisteme. So kan byvoorbeeld `n subsisteem van ouer broers wat dwelms gebruik `n jonger broer beïnvloed sodat hy dwelmmisbruik as sosiaal aanvaarbaar beskou.

Sosiale beheerteorie: Die sosiale beheerteorie fokus op die manier waarop kinders grootgemaak en gesosialiseer word deur ander in hul gesin of gemeenskap en dit bepaal of kinders emosioneel en intellektueel verbind tot mense sal wees. Hierdie

teorie beweer dat die kognitiewe toevertroue aan ander verrys vanuit `n lang proses van versorging en sosialisering deur ouers of voogde. Verder word die menslike natuur as die motivering vir jeugmisdaad beskou en indien daar nie `n vorm van eksterne beheer is nie sal meer jeugdiges misdaad pleeg. Indien `n jeugdige byvoorbeeld as straatkind grootword sal daar geen persone wees wat deur emosionele en kognitiewe beheer hom kan weerhou om by misdaad betrokke te raak nie.

3.3.3 Radikale- en etiketteringsteorieë

Die finale groep teorieë wat bespreek word is die radikale- en etiketteringsteorieë. Muncie (1999:116) beskryf die term **radikale** teorieë as `n breë term wat gebruik word om verskeie diverse teorieë saam te bring. Die belangrikste kenmerk van die radikale teorieë is dat dit anti-positivisties is en nie op individuele karaktereienskappe en omgewingsfaktore van jeugoortreders fokus nie. Daar word eerder gekyk na die verhoudings van mag en die selektiewe proses van kriminalisering in die samelewing. Die samelewing maak dus reëls waarmee hul die mag kry om sekere gedrag te kriminaliseer wat as bedreigend vir hul eie posisie beskou word (Curren & Renzetti, 1994:264; Muncie, 1999:134). Die vorige regeringstelsel in Suid-Afrika is `n goeie voorbeeld hiervan, aangesien enige vorm van politieke opposisie as kriminele gedrag beskou is. So kon die Soweto opstande van 1976, wat grootliks deur jeugdiges ondersteun is as jeugmisdaad bestempel word.

Die **etiketteringsteorie** konstateer dat misdaad nie veroorsaak word deur gedisorganiseerde families, armoede, swak geleenthede of vriendskapsverhoudings nie. Volgens die etiketteringsteorieë is die oorsaak van misdaad eerder geleë in die samelewing se etikettering en stigmatisering van jeugdiges wat dan aanleiding gee tot die pleging van meer ernstige oortredinge (Joubert, 2003:93-94). Die etikettering van jeugdiges deur die samelewing veroorsaak dat jeugdiges in verdere misdaad betrokke raak en ook die geselskap van ander mede-beskuldigdes opsoek. Dit veroorsaak dat jeugdiges `n nuwe identiteit vorm waarna hul self begin glo dat hul

misdadigers is. `n Kind kan byvoorbeeld een maal `n potlood in die klas steel en deur sy onderwyser as `n dief voor die hele klas aangespreek word. Daarna begin klasmaats hom `n “skollie” noem waarna hy dit self begin glo en dit deel van sy identiteit raak. Die fokus verskuif dus weg van die makro sosiale strukture en hul invloed na die meso- en mikro persoonlike interaksie wat die sosiale lewe opmaak. Volgens die etiketteringsteorie verskil die jeugoortreder dus nie werklik van die wetsgehoorsame oortreder nie, maar word gevorm deur die gebruik van spesifieke woorde.

Na die bogenoemde bespreking van die teorieë oor jeugmisdaad maak die navorser die volgende afleidings. Die navorser stem saam met die klassieke teorieë wat misdaad as vrywillige gedrag beskou en dat die jeugdige `n individu is wat self keuses moet maak en nie net `n passiewe slagoffer van sy omstandighede is nie (Joubert, 2003:81,82; Muncie, 1999:85). Die navorser stem egter ook saam met die sosiale prosesteorieë aangesien die verhouding en interaksie tussen die individu en sy omgewing baie kompleks is en `n definitiewe rol speel in die funksionering van die jeugdige (Joubert, 2003:91; Muncie, 1999:105-110). Met die klem op die wederkerige interaksie tussen die sisteme word daar derhalwe na die funksionering van die jeugoortreder op die mikro-, meso-, en makrovlakke gekyk.

3.4 DIE VLAKKE VAN FUNKSIONERING VAN DIE JEUGOORTREDER

In die volgende gedeelte word daar gefokus op die vlakke van funksionering van die jeugoortreder. `n Akkurate beskrywing van die jeugmisdadiger moet op alle moontlike sisteme fokus ten einde `n grondige beskrywing van die individu te kan gee (Kirst-Ashman, 2007:468; Masuku, 2004:22-23; Zastrow, 2004:307). Die jeugdige is deel van sosiale sisteme wat wederkerige invloede op mekaar uitoefen en veranderinge in een deel van die sisteem het `n invloed op die hele sisteem. Daar is egter ook verskillende vlakke van ekologie waarvan die jeugoortreder deel is. Die vlakke is dus al die eenhede van individue, groepe of strukture waarvan die jeugoortreder deel is

en wat `n invloed op hom uitoefen. Daar word derhalwe na die invloed van die mikro- meso- en makrovlakke van funksionering in die lewe van die jeugoortreder gekyk.

3.4.1 Individu as sisteem (mikrovlak)

Die fokussisteem op die mikrovlak is die individu of jeugoortreder self. Compton en Galaway (1999:30) meld dat die individu verskillende sisteme het soos fisies-biologies-, kognitiewe-, emosionele- en aksie- en reaksiesisteme. Al hierdie sisteme het `n wederkerige invloed op die funksionering van die individu. Vervolgens word die mikrovlak van funksionering van die jeugoortreder beskryf.

3.4.1.1 Fisies-biologiese sisteem

Die fisiese- of liggaamlike ontwikkeling van die jeugdige word deur Ferns, Louw, Van Ede en Thom (2001:393) en Lefrancois (1999:317) beskryf as `n stadium van vinnige omvattende groei met spesifieke klem op die ontwikkeling van seksuele rypheid. Die suksesvolle of onsuksesvolle hantering van hierdie lewensoorgange op mikrovlak word bepaal deur die mate van ondersteuning wat die jeugdige vanaf mense en bronne in sy gesin of gemeenskap ontvang. Lefrancois (1999:317-318) noem dat die verandering in die jeugdige se liggaam tot stres kan lei wat `n invloed op die daaglikse funksionering van die jeugmisdadiger het.

Stres ontstaan wanneer daar `n wanbalans is tussen die eise wat `n omgewing stel en die vermoë van die individu om hierin te voldoen (Gerdes, Louw, Louw & Van Ede, 2001:494). Lefrancois (1999:386) is van mening dat die oorsaak van stres `n verskeidenheid van faktore in die omgewing kan wees, afhangende van die spesifieke lewenstadium. Aangesien die teikengroep in die studie jeugdiges is, sal hul daaglikse uitdagings en frustrasies te doen hê met verhoudings, skoolopleiding en die bepaling van `n loopbaan. Byvoorbeeld vanuit die individuele positivistiese benadering sal fisiese abnormaliteite in die biologiese- of sielkundige samestelling van die individu tesame met die stres lei tot die betrokkenheid by misdaad. Die ervaring van stres op hierdie lewenstadium lei ook dikwels na psigiese versteurings

of substansmisbruik (Lefrancois, 1999:386). Die fisies-biologiese sisteem van die jeugoortreder kan dus `n negatiewe invloed op die individu hê indien daar nie voldoende ondersteuningsisteme is nie.

3.4.1.2 Kognitiewe sisteem

Ferns *et al.* (2001:418) noem dat die kognitiewe ontwikkeling van die jeugdige tot gevolg het dat die konkrete denkvermoë verander in `n meer omvattende en volwasse vermoë. Dit beteken byvoorbeeld dat die jeugdige begin logies redeneer oor sowel konkrete as abstrakte begrippe. Hierdie ontwikkelingsfase sal dus die wyse waarop die jeugdige die wêreld sien en interpreteer beïnvloed. Liese (2003:164-165) konstateer dat jeugdiges nie net oortree weens die afwesigheid van waardes en norme nie maar ook omdat hul op `n sekere vlak van kognitiewe- en emosionele ontwikkeling funksioneer. Daar word derhalwe gefokus op die kognitiewe sisteme en –funksionering van jeugoortreders.

Formeel-operasionele denke is die hoogste vlak van denke en Piaget (in Ferns *et al.*, 2001:418) beskryf dit as `n fase waarin die vermoë om abstrakte denke, redenering van die moontlike na die werklike en reflektiewe abstraksies, ontwikkel word. Hierdie denke sal dus `n jeugdige bemagtig om drome te droom en `n visie vir die toekoms te kry wat groter as sy onmiddellike omstandighede is. Aanleg, vaardighede en die sosiale interaksie wat byvoorbeeld by `n skool plaasvind speel `n belangrike rol in die ontwikkeling van formeel–operasionele denke. Ferns *et al.* (2001:418-419) noem dat daar deur navorsing bevind is dat jeugdiges wat nie hul hoërskoolopleiding voltooi nie, swak presteer in toetse vir formeel-operasionele denke. Die vroeë skoolverlating van `n jeugdige sal dus `n negatiewe invloed op die ontwikkeling van sy formeel–operasionele denke hê. Die gevolg hiervan kan byvoorbeeld wees dat die jeugdige nie die disfunksionerende patrone van sy geslote gesinsisteem kan raaksien en reg interpreteer nie en gevolglik nooit groter drome en aspirasies kan hê as dit waaraan hy gewoond is nie (Lefrancois, 1999:324).

Egosentrisme is `n kognitiewe stadium waarin die individu nie daarin kan slaag om van sy eie fokus te desentreer nie. Dit impliseer dat alle observasies en interpretasies deur die individu se eie oogpunt waargeneem word (Feldman, 2000:389). Jeugdiges dink dikwels dat almal op dieselfde manier as hul waarneem en glo verkeerdelik dat hul gedagtes deur ander gedeel word (Ferns *et al.*, 2001:423). Gedurende hierdie stadium kan individue dus baie selfsugtig wees en nooit die belange van ander in ag neem nie. Lefrancois (1999:328) noem dat die invloed van egosentrisme `n bydrae kan lewer tot die verklaring van vandalisme, substansmisbruik en ander verbandhoudende gedrag. Die jeugdige skep vir homself persoonlike fabels wat hom byvoorbeeld laat glo dat hy nie gevang kan word gedurende `n inbraak nie. Volgens die klassieke teorieë sal jeugdiges dus uit selfsug kies om misdaad te pleeg aangesien die geantisipeerde plesier wat hul daaruit kan kry groter is as die moontlike straf.

Daar word egter ook onderskei tussen vlakke van **kognitiewe funksionering** en Liese (2003:164-165) verduidelik hierdie vlakke as volg:

Lae vlak sosio-morele redenering: Hierdie redeneringsvlak word gekenmerk deur die beskerming van behoeftes en belangstellings van mense waarvoor die individu omgee, gewoonlik vriende en familie. Lae vlak sosio-morele redenering word baie prominent gesien in gesinne wat as geslote sisteme funksioneer waar `n jeugdige in die gesin enige iets sal doen om die ander lede te beskerm. So sal hy byvoorbeeld indien `n vreemdeling enige leed aan sy gesinslede doen nie skroom om gewelddadig teenoor die persoon op te tree nie. Die houding kan soms as `n sterkte voorkom, omdat die vlak van redenering verander het van “ek” na ander. Die uitdaging is steeds daarin dat die “ander” beperk word tot mense wat die jeugdige voel belangrik is, en wat tot sy eie groep behoort.

Hoë vlak sosio-morele redenering: Op hierdie vlak van kognitiewe redenering besef individue dat almal in die gemeenskap unieke behoeftes het wat respekteer

moet word. Hierdie jeugdiges ondersteun die gemeenskap se behoefte vir wette en reëls sodat sosiale beheer gehandhaaf kan word. Hierdie tipe redenering is egter heeltemaal teenstrydig met die definisie van misdaad volgens Gottfredson en Hirschi (1990:15) wat verklaar dat misdaad dade is wat onderneem word weens die najaging van eiebelang. Misdaad is dus `n selfsugtige daad en om hierdie rede sal hoë vlak sosio-morele redenering selde onder jeugmisdadigers voorkom.

Die kognitiewe redeneringsvlakke van `n individu kom dus neer op die ontwikkeling van `n persoonlike waardestelsel en Ferns *et al.* (2001:464) bestempel dit as een van die belangrikste ontwikkelingstake van die jeugdige. Die persoonlike waardestelsel sal riglyne aan die individu verskaf vir algemene gedrag en help om sosiaal- en moreelverantwoordelike gedrag te openbaar. Hierdie persoonlike waardestelsel word opgemaak van waardes wat gewoonlik deur sosialisering by ouers en vriende gekry word.

3.4.2 Die gesin (mesovlak)

Soos bespreek in die vorige gedeelte het die gesin `n invloed op die persoonlike waardestelsel van `n jeugdige wat `n bepalende faktor is vir die betrokkenheid by misdaad. Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) noem dat die gesin die basiese eenheid van die samelewing is en dat gesinslewe versterk en bevorder moet word deur gesinsgesentreerde beleide en -programme. Die gesin is die mesovlak van funksionering van die jeugdige en Davis (2003:140) konstateer dat die gesinseenheid die belangrikste instelling vir die opvoeding en sosialisering van `n kind is. Hawkins *et al.* (1999:38-41) ondersteun hierdie stelling en noem dat gesinsdisintegrasie `n sterker invloed as gesinsgeweld het op die betrokkenheid by misdaad. Die gesin as sosiale sisteem op die mesovlak word in die volgende hoofstuk volledig bespreek en word vervolgens nie nou verder behandel nie. Daar word egter op die gemeenskap van die jeugoortreder gefokus.

3.4.3 Die gemeenskap (makrovlak)

Die gemeenskap is die makrovlak van funksionering vir die jeugoortreder en kan omskryf word as die netwerk van verhoudings en sosiale strukture wat plaaslik relevant is (Potgieter, 1998:128). `n Gemeenskap is dus `n plek waar mense leef en/of werk en bronne bestaan. Johnson (1995:233) noem dat verskillende gemeenskappe, verskillende karaktereienskappe het en daarom verskillende faktore voorkom waarop gefokus sal word gedurende `n gemeenskapstudie. In die gemeenskap van die jeugoortreder is daar verskillende sisteme wat `n invloed op die funksionering van die individu uitoefen waaronder die ekonomiese-, politieke-, opvoedkundige- en sosio-kulturele sisteme. Elkeen van hierdie sisteme beskik oor hul eie stel norme, waardes en aanvaarde gedrag wat bydra tot die kultuur in die sisteem. Die jeugoortreder is in wedersydse interaksie met hierdie sisteme en dit het `n direkte- en indirekte invloed op sy lewe. So kan die invloed van die ekonomiese sisteem byvoorbeeld deur stygende inflasie dit vir `n arm gesin onmoontlik maak om elke dag van die maand kos te kan koop. In `n poging om ekwilibrium in die gesin te handhaaf sal die jeugdige dat die jonger gesinslede die beskikbare kos gebruik en self `n ander opsie soos diefstal uitvoer om aan die lewe te bly.

Farrington (2002:427) konstateer dat die funksionering van die gemeenskap, wat bepaal word deur die bogenoemde sisteme, `n groot invloed op die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad het. Dit is egter onseker of die gemeenskapsfaktore `n direkte invloed op jeugdiges het en of dit eerder die gesin se swaarkry is, wat tot jeugmisdaad lei. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar spesifiek gefokus op die ekonomiese- en sosiale invloede van die makrovlak op die funksionering van die jeugoortreder. Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) noem dat sosiale- en ekonomiese otwikkeling interafhanklik van mekaar is. Sosiale ontwikkeling is die fundasie vir ekonomiese welvaart en ekonomiese groei is nodig vir sosiale ontwikkeling. Daar word derhalwe gefokus op hierdie invloede van die ekonomiese- en sosiale sisteme op die lewe van die jeugoortreder.

3.4.3.1 Ekonomiese sisteem

Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) noem dat Suid-Afrika die afgelope twee dekades `n afname in die ekonomiese groeikoers ervaar. Die betrokke Witskrif noem verder dat die gemiddelde jaarlikse groeipersentasie van die bruto binnelandse produksie gedaal het tot onder die jaarlikse populasiegroei. Die land se ekonomiese toestand het `n direkte invloed op die sosiale funksionering van individue en groepe op makrovlak en een van die sigbaarste bewyse van die huidige ekonomiese toestand is die voorkoms van armoede. Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) noem dat byna een derde (35,2%) van alle Suid-Afikaners, sowat 18 miljoen mense, in armoede lewe. Die ekonomiese toestand van gesinne en gemeenskappe het `n invloed op die sosiale funksionering van individue en dit word derhalwe bespreek.

Armoede behels onder andere om nie keuses te kan uitvoer nie en Ramphele en Wilson (1989:14) konstateer dat armoede soos `n siekte is wat manifesteer op verskillende maniere, in verskillende situasies en diverse oorsake het. Die bogenoemde outeurs noem verder dat misdaad een van die mees tasbaarste sosiale gevolge van armoede is (Ramphele & Wilson, 1989:152). Verskeie studies is egter gedoen oor die verhouding tussen armoede en jeugmisdaad. Daar is byvoorbeeld gevind dat hoër misdaadvlakke voorkom in arm gemeenskappe waar vinnige populasiegroei plaasvind as arm gemeenskappe met `n stabiele populasie (in Brewer, Catalano, Farrington, Harachi, Hawkins & Herrenkohl,1999:141). Sampson en Lauritsen (in Brewer *et al.*, 1999:140) en Ramphele en Wilson (1989:152) bevestig hierdie bevindinge en noem dat vinnige populasiegroei lei tot sosiale disorganisasie en gemeenskapsverandering wat bydrae tot hoë jeugmisdaadvlakke. Die verhouding tussen jeugmisdaad, armoede en sosiale disorganisasie word later volledig in hierdie studie bespreek.

Weens armoede is daar baie laeklas jeugdiges betrokke by misdaad in Suid-Afrika (Joubert, 2003:87). Kirst-Ashman (2007:470) noem ook dat twee derdes van alle gevangenes in Amerika uit arm- en werkersklas agtergronde kom. Vanuit die stremmingsteorieë kan hierdie verskynsel verklaar word aan die hand van ekonomiese frustrasie wat laeklas jeugdiges ervaar. Dit kan byvoorbeeld vir `n jeugdige in hierdie sosiale klas voel of hy nooit ekonomiese welvaart op `n wettige manier sal ervaar nie en daarom betrokke raak by misdaad. Daar is dus `n definitiewe direkte- of indirekte verhouding tussen armoede en jeugmisdaad en Frank (2005:14) is van mening dat die stygende syfers van armoede en werkloosheid in Suid-Afrika die gevaarligte laat flikker vir stygende jeugmisdaadvlakke.

Curren en Renzetti (1994:264) noem dat die invloed van `n jeugoortreder se ekonomiese bronne vanuit die radikale teorieë vanuit `n ander oogpunt beskou word. `n Arm jeugdige wat aangekla word, beskik byvoorbeeld nie oor die ekonomiese bronne om goeie regsverteenwoordiging te kry nie. Hierteenoor kan `n jeugdige met goeie ekonomiese bronne kwaliteit regsverteenwoordiging kry en so moontlik onskuldig bevind word. Zastrow (2004:325) noem byvoorbeeld dat die arrestasie van jeugdiges uit arm woongebiede `n relatiewe aanduiding is, aangesien die polisie moontlik baie meer op die laeklas as die middel- en hoëklas fokus.

Die invloed van die ekonomiese toestand van Suid-Afrika sal vanuit die sterkteperspektief eerder poog om op die gemeenskaplike behoeftes en sterktes van mense te fokus as die tekortkominge (Long, Tice & Morrison, 2006:192). Hierdeur sal die unieke sterktes van individue en gemeenskappe aangewend word vir behoeftes. Die sterktes van gemeenskappe is egter dikwels geleë in die funksionering van hul sosiale sisteme soos byvoorbeeld informele ondersteuningsgroepe en buurtwagte. Weens verskeie redes is die sosiale funksionering van gemeenskappe dikwels disfunksioneel. Die redes vir en invloede van die disfunksionerende sosiale sisteme op die makrovlak van die jeugoortreder word derhalwe bespreek.

3.4.3.2 Sosiale sisteem

Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) noem dat sosiale- en ekonomiese ontwikkeling interafhanklik van mekaar is. Sosiale ontwikkeling is die fundasie vir ekonomiese welvaart en ekonomiese groei is nodig vir sosiale ontwikkeling. Daar word in hierdie gedeelte gefokus op die invloed van die sosiale sisteem op die jeugoortreder.

Farrington (2002:427) en Loveday (2003:106) stem saam dat sosiale- en ekonomiese ontneming `n groot rol speel in die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad en verwys spesifiek na lae gesinsinkomste. Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) konstateer dat Suid-Afrika se ekonomie nie daarin kan slaag om werksgeleenthede te gee vir almal wat wil werk nie. Werkloosheid dra by tot die kwetsbaarheid van jeugdiges en maak hul meer vatbaar vir die betrokkenheid by misdaad.

Curren en Renzetti (1994:138) is egter van mening dat jeugmisdaad in arm gemeenskappe nie noodwendig die resultaat van ekonomiese ongelykheid is nie, maar eerder sosiale disorganisasie. Die laasgenoemde outeurs noem dat baie van hierdie arm gemeenskappe in oorgangstydperke is weens die instroming van nuwe immigrante. Suid-Afrika is `n goeie voorbeeld van hierdie verskynsel waar onwettige immigrante van buurlande die stedelike woongebiede infiltreer en dikwels “immorele” waardes en norme met hul saambring. Volgens hierdie beskouing kan daar dus gesê word dat die etniese samestelling van `n gemeenskap kan verander, maar dat die algemene eienskappe (hoë- of lae misdaad) dieselfde bly. Die voorkoms van jeugmisdaad in `n gemeenskap kan dus nie aan `n spesifieke kulturele groep gekoppel word nie, maar eerder aan die sosiale organisasie daarvan. Hierdie sosiale verandering op die makrovlak het dus `n negatiewe invloed op jeugdiges.

Derhalwe word daar gefokus op die belangrike sosiale invloede wat in hierdie arm- of gedisorganiseerde gemeenskappe in Suid-Afrika voorkom.

Hoë voorkoms van misdaad in die gemeenskap: Die gemeenskap se houding teenoor misdaad lewer `n bydrae tot die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad (Masuku, 2004:23; Loveday, 2003:107). Jeugdiges in `n arm en oorbevolkte gemeenskap soos Elsiesrivier in Kaapstad bring die meeste van hul speeltyd op straat deur (Ramphele & Wilson, 1989:156,157). Soos alle jongmense neig die jeugdiges om hul eie gedrag te modelleer op die dominante karakters in die gemeenskap, gewoonlik die bendelede. Die jeugdiges speel dikwels speletjies waarin hul opvoerings doen van die sensasionele tonele wat in hul gemeenskap afspeel. Volgens die basiese konsep van die sosiale leerteorie is die negatiewe invloed van hierdie bendes in Elsiesrivier dus die oorsaak van jeugmisdaad.

Voorkoms van bendes: Gottfredson en Hirschi (1990:205) beskryf `n bende as `n groep individue buite die gesin met `n selfgedefinieerde kriteria vir affiliasie en wat in `n sekere gebied voorkom. `n Jeugbende is dus `n groep waarin die jeugdige persoonlike gemak vind en sosialisering plaasvind. Leggett (2004:34) het in `n studie in die Manenberg-omgewing bevind dat 22% van die respondente erken dat hul vriende of familielede het wat bendelede is. Verder is bevind dat sowat 30% van alle jong mans in die Manenberg area deel van `n bende is. Die meeste van hierdie lede word in die bendes opgeneem gedurende vroeë adolessensie (Leggett, 2004:34). Frank (2005:12) bevind in haar studie oor jeugoortreders in tien lande dat die proses van “werwing” tot die bendes `n geleidelike proses is. Die proses bestaan uit die jeugdiges se aanvanklike blootstelling en latere verwelkoming tot die bende, meestal deur goeie kennisse (Ramphele & Wilson, 1989:158). Die bendes het meestal duidelike grense en funksioneer as geslote sisteme en toegang word gewoonlik verkry deur familie of vriende.

Navorsing (Brewer *et al.*, 1999:140) toon `n duidelike ooreenkoms tussen die lidmaatskap aan `n bende en misdaad. Daar is ook verder bevind dat bendelede hul aan ernstiger en gewelddadige misdade skuldig maak as die gewone misdaad van

kleinighede (Brewer *et al.*, 1999:140). Indien `n jeugdige dus deel van `n bende is is daar `n goeie kans dat dit tot die betrokkenheid by misdaad sal lei.

Beskikbaarheid van dwelms: Die beskikbaarheid van dwelms in `n gemeenskap het `n invloed op die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad (Brewer *et al.*, 1999:141). Leggett (2004:34) bevind in sy studie dat 69% van alle misdaad in die Manenberg-omgewing dwelmverwant is en dat dit die afgelope vyf jaar met 78% verhoog het. Van die respondente het 72% al gesien dat dagga gerook word, 50% Mandrax en 25% kokaïne. `n Groot hoeveelheid van jeugmisdade word gepleeg onder die invloed van alkohol of dwelms (Warr, 2002:81). Leggett (2004:19-20) bevestig dus dat alkohol en dwelms `n groot rol in die hoë misdaadsyfers in die Wes-Kaap speel. Hy beweer verder dat alkohol gevind is in 59% van alle moordslagoffers se bloed in 2002 in die Wes-Kaap. Thulo en Van Eck (2006:1) noem dat die Stellenbosch Landdroshof daagliks met `n gemiddeld van vier dwelmsake te doen kry. Dwelms het byvoorbeeld `n invloed op die mikrovlak van die jeugdige deur sy kognitiewe funksionering te beïnvloed sodat daar egosentries opgetree word en die belange van ander sisteme glad nie in ag geneem word nie.

Lae skoolprestasie en disorganiseerde skole: Die Witskrif vir Welsyn (Ministry for Welfare and Population Development, 1997) noem dat van die 7,1 miljoen mense tussen die ouderdomme van 16–24 jaar, het sowat 2,1 miljoen nie gematrikuleer of woon glad nie skool by nie. Vir meer as `n derde van die jeugdiges is die hoofrede waarom hul nie kan skool bywoon nie, `n tekort aan geld. Die gebrek aan opleiding ontneem jeugdiges van beroepskeuse en die betrokkenheid by misdaad is dikwels onafwendbaar. Masuku (2004:23) het bevind dat skole in die gebied van sy ondersoek gedisorganiseerd is en dat onderwysers dikwels te bang is om in te gryp aangesien hul deur bendelede vervolg kan word. Dit lei tot disorganisering by skole wat veroorsaak dat onderwysers geen beheer oor die leerlinge het nie en gevolglik kan daar nie onderrig gegee word nie.

Leggett (2004:19) verskil egter met hierdie bogenoemde sienings aangesien die Wes-Kaap die afgelope paar jaar konstant die hoogste matriek slaagsyfer in Suid-Afrika het maar ook gesamentlik die hoogste misdaadsyfers. In die lig van hierdie bevinding is dit egter belangrik om te gaan kyk na die hoeveelheid jeugdiges wat die skool verlaat voordat hul matriek bereik.

Muncie (1999:43) konstateer dat die swart jeug benadeel word deur verskeie rasspesifieke aspekte van die onderwysstelsel. Volgens die bogenoemde outeur kon die onderwyssisteem in Brittanje nog nie werklik daarin slaag om `n multi-kulturele onderwysplan wat in al die kulturele behoeftes voorsien, saam te stel nie. Hierdie kulturele probleme word dikwels na verwys as onderwysprobleme en die onderdrukte kulturele groepe word daardeur benadeel. Muncie (1999:43) noem dat die invloed van hierdie onderwysprobleme duidelik is in die hoë werkloosheidsyfers onder onderdrukte kulturele groepe. Vanuit die etnies-sensitiewe perspektief sal daar dus na die unieke funksionering en behoeftes van alle kulturele groepe gekyk moet word ten einde hierdie onderwysprobleem te oorkom.

Farrington (2002:427) noem dat die identifisering van sterktes in gedisorganiseerde- en wanfunksionerende gemeenskappe gebruik moet word om jeugoortreders te rehabiliteer. `n Omgewing kan in `n groot mate wanfunksionering toon, maar steeds `n geskikte topografie besit ten opsigte van bates en hulpbronne. Die identifisering van bates en hulpbronne word vanuit die sterkteperspektief gedoen ten einde die gemeenskap te beskerm teen negatiewe invloede op die makrovlak. Potgieter (1998:55) konstateer dat verandering in enige deel van `n sisteem `n invloed op al die ander dele van die sisteem sal hê. Deur die sterktes van `n disfunksionerende gemeenskap te identifiseer en te ontwikkel kan daar dus `n positiewe verskil in die gemeenskappe van jeugmisdadigers gemaak word.

3.5 SAMEVATTING

Vanuit die voorafgaande uiteensetting behoort die profiel van die jeugoortreder duidelik te wees. Daar is verskeie definisies vir jeugmisdadigers maar vir die doeleindes van die studie is `n jeugmisdadiger `n individu tussen die ouderdom van 12-18 jaar wat homself aan gedrag skuldig maak wat deur die wet beskou word as `n misdaad.

Daar is ook gesien dat die funksionering van die jeugoortreder op die mikro-, meso- en makrovlakke beïnvloed word deur `n verskeidenheid faktore. Die invloed van hierdie faktore op jeugmisdaad is verklaar aan die hand van verskeie teoriëe. Die individu as sisteem waarin biologiese- en sielkundige veranderinge plaasvind, weens die ontwikkelingsfase, vind dit dikwels moeilik om aan te pas by die veranderinge. Vanuit hierdie teoriëe is dit duidelik dat biologiese-, psigiese- en sosiale faktore `n rol speel in die vorming van `n jeugoortreder.

Jeugmisdaad as verskynsel is egter gekompliseerd weens die uniekheid daarvan. Die uniekheid van die verskynsel is daarin geleë dat die jeugoortreder nog nie `n volwassene is nie en die vorming van sy persoonlikheid dus nog onvoltooid is. Om hierdie rede is daar `n groter kans op rehabilitasie as by volwasse misdadigers.

Op die makrovlak is daar `n komplekse verhouding tussen die ekonomiese- en sosiale sisteme wat die jeugoortreder beïnvloed. Die funksionering van die jeugoortreder op die mesovlak word in die volgende hoofstuk ondersoek.

HOOFSTUK 4

`n BESKRYWING VAN DIE GESINSFUNKSIONERING VAN DIE JEUGOORTREDER

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om in die derde doelwit van die studie te slaag, naamlik die beskrywing van die gesinsfunksionering van die jeugoortreder. Die gesin word eerstens gekonseptualiseer ten einde `n duidelike begrip te ontwikkel vir die komplekse samestelling van sommige gesinne. Daarna word die gesin vanuit `n multi-dimensionele perspektief beskryf sodat die invloed van verskillende faktore op die funksionering van gesinne begryp kan word. Die algemene karaktereienskappe van die gesinne van jeugoortreders word laastens bespreek.

In die bespreking van die gesin van die jeugoortreder is dit onmoontlik om `n beskrywing van die gesinne van alle jeugoortreders te gee, aangesien daar verskeie teorieë vir die verklaring van jeugmisdaad is. Dieselfde teorie kan nie vir die verklaring van verskillende misdade gebruik word nie. Net so kan daar nie `n veralgemening van die gesinne van jeugoortreders gemaak word nie, aangesien die redes waarom individue misdaad pleeg verskillend is. Daar word egter gepoog om `n beskrywing te gee van die vernaamste eienskappe en verskynsels in die gesinne van jeugoortreders wat `n bydra kan lewer tot hul betrokkenheid by misdaad.

4.2 OMSKRYWING VAN DIE GESIN

In hierdie gedeelte word die gesin eerstens gedefinieer. Daarna word `n omskrywing van gesinne gegee deur te fokus op die verskillende gesinsamestellings wat voorkom.

Die *Final Draft for the National Policy for families* (Department of Social

Development, 2006:13) omskryf die gesin as `n groep van twee of meer mense wat saamgebind is deur instemming, herkoms, regsmiddele, aanneming, en wat verantwoordelikhede deel, `n gemeenskaplike doel het, en funksioneer as `n eenheid wat bestuur word deur familiereëls en waar norme en waardes ontwikkel en in stand gehou word. Hepworth, Larsen, Strom-Gottfried, Rooney en Rooney (2006:240) definieer die gesin as `n sosiale sisteem waarin elke deel en subsisteem in interaksie met mekaar is in `n voorspelbare, georganiseerde manier. Vir die doeleindes van hierdie studie verwys die term gesin na `n sosiale eenheid, van twee of meer persone, wat gevorm is deur bloed, huwelik of aanneming en saambly in dieselfde woning.

Hierdie omskrywing van die gesin kan as `n definisie vir gesinne in alle kulture gebruik word (Zastrow, 2004:193). Sosiale- en kulturele faktore het egter `n invloed op die samestelling van gesinne en die verskillende gesinsvorme word derhalwe bespreek.

4.2.1 Nuklêre gesinne

Die nuklêre gesin bestaan uit `n getroude paar en hul kinders wat saamwoon (Zastrow, 2004:193). Hierdie tipe gesin is meer geskik vir die industriële samelewing aangesien dit kleiner is en meer mobiel en aanpasbaar vir veranderende omstandighede, byvoorbeeld as daar verhuis moet word agter `n beter werk aan. In Suid-Afrika is daar `n goeie kombinasie van uitgebreide- en nuklêre gesinne en dit word grootliks deur die kultuur en geografiese ligging van families bepaal.

4.2.2 Uitgebreide gesinne

Uitgebreide gesinne bestaan uit `n aantal bloedverwante wat saamwoon soos ouers, kinders, grootouers, ooms, tantes, neefs en skoonfamilie (Zastrow, 2004:193). In Suid-Afrika is daar ook `n groeiende tendens van uitgebreide gesinne waar grootmoeders of selfs ander vrouens in die gemeenskap die hoof van hierdie gesinne is en daar na `n aantal pleegkinders omgesien word. Vir die doeleindes van hierdie

studie verwys uitgebreide gesinne na wye informele netwerke van verwante of goeie vriende wat saambly in dieselfde woning.

4.2.3 Enkelouergesinne

Zastrow (2004:194) verwys na die enkelouergesin as `n "nuwe" tipe gesin wat wêreldwyd ontwikkel. Enkelouergesinne ontstaan wanneer daar net een ouer is wat na kinders omsien. Hierdie gesinne word gevorm wanneer `n ongetroude persoon `n kind aanneem, `n ongetroude vrou geboorte gee aan `n kind, of `n getroude paar skei en een ouer (gewoonlik die vrou) verantwoordelikheid neem vir die sorg van die kind. `n Enkelouergesin is dus `n gesin waar net een ouer na die kinders omsien. Soos vroeër genoem is daar `n tendens in Suid-Afrika waar gesinne beide uitgebreide- en enkelouergesinne is.

4.2.4 Pleeggesinne

In Suid- Afrika is daar geen onderskeid tussen pleegsorg by nie-familie en familiepleegsorg nie (Van Rensburg, 2006:62). Die *Discussion Paper* van die *SA Law Commission* (2002:713,714) definieer pleegsorg as die voorsiening van sorg aan `n kind, op `n tydelike of permanente grondslag, deur spesifieke versorgers, wat verwant of nie-verwant is met `n kind. Vir die doeleindes van hierdie studie word `n pleeggesin omskryf as tydelike of permanente sorg aan `n kind wat verwant of nie-verwant is nie en regtelike outoriteit het om na die kind om te sien.

4.2.5 Gesinne met kinders as gesinshoofde ("child-headed families")

Volgens die Suid-Afrikaanse minister van sosiale ontwikkeling, Zola Skweyiya, is een uit elke agt kinders in Suid-Afrika huidiglik ouerloos, hoofsaaklik weens die HIV pandemie (Molwedi, 2006:5). Die minister noem verder dat hierdie tendens baie druk op gemeenskapstrukture plaas en veral op die uitgebreide gesinsisteem. Die uitgebreide gesinsisteem het tradisioneel in Suid-Afrika as `n veiligheidsnet vir weeskinders gedien maar met die groeiende HIV syfers is dit onmoontlik vir familielede om na al die weeskinders in `n gemeenskap om te sien (Molwedi,

2006:5). Gevolglik moet kinders as gesinshoofde optree sonder enige volwasse supervisie en so ontstaan die sogenaamde “child-headed families”. Kinders neem dus noodgedwonge die ouerverantwoordelikhede oor as primêre versorgers en die gevolge hiervan is disfunksionerende gesinne.

Kinders wat op straat woon vorm dikwels ook “child-headed families”. Maree (2003:61) noem dat kinders wat op die straat woon een van die vinnigste groeiende probleme in Afrika is. Die bogenoemde outeur noem verder dat straatkinders onder die veranderlike “gesinne” geplaas kan word aangesien hul beskou word as kinders met ontwrigte- of geen familiebande wat op straat moet oorleef. Die straatkinders kan volgens Maree (2003:61) in die volgende groepe ingedeel word: kinders wat op `n daaglikse basis deur hul ouers uitgestuur word om geld te verdien; straatkinders met los gesinskontak wat soms terugkeer huis toe; en kinders sonder enige gesinskontak wat permanent op die straat bly. Hierdie kinders wat permanent op die straat woon vorm hul eie “gesinne” waar die ouer kinders sekere ouerrolle vervul. In `n stryd om oorlewing raak baie van hierdie straatkinders by misdaad betrokke aangesien hul geen versorgers of bronne het nie.

Die gesinsamestelling van jeugdige het dus `n invloed op hul sosiale funksionering en hierdie invloed word derhalwe bespreek.

4.2.6 Die invloed van die gesinsamestelling op `n jeugdige

Germain en Gitterman (1986:630) noem dat die bronne van wanaanpassing in `n gesinsisteem gewoonlik te doen het met die samestelling van die sisteem. Deur die interaksie wat in die gesin plaasvind word daar ook karakter gevorm, rolle aangeleer en lede gesosialiseer vir deelname in die groter samelewing (Browne, Hollin & Palmer, 2002:9; Hepworth *et al.*, 2006:240). Die laasgenoemde outeurs beskryf die gesin as die basiese informele welsynsisteem van enige gemeenskap. Die gesin is dus primêr verantwoordelik vir die fisiese- en emosionele behoeftes van alle

gesinslede. Woolridge (in Hendrick, 2002:35) konstateer dat die oorsprong van byna elke ernstige misdaad geleë is in die huishoudelike lewe van die oortreder.

Johnson en Schwartz (1994:257) noem dat die verhouding tussen misdaad en die funksionering van `n jeugdige se gesinsisteem `n belangrike fokusarea vir navorsers is. Onwudiwe (2004:1) en Kirst-Ashman (2007:478) is van mening dat die wortel van jeugmisdaad gevind word in disfunksionerende gesinne. Beide hierdie laasgenoemde outeurs noem dat kriminologiese en sosiologiese literatuur die idee ondersteun dat die verbrokkeling van gesinsisteme in samelewings die basis van jeugmisdaad is. Davis (2003:140) konstateer dat die gesinseenheid die belangrikste instelling vir die opvoeding en sosialisering van `n kind is. Die gesin is dus die fundamentele agent van sosiale beheer en `n kind se aanvanklike kontak met die wêreld en sy sosiale prosesse begin met die gesin. Gesinne speel dus `n belangrike rol in die vorming en ontwikkeling van `n jeugoortreder en veral die gesinsamestelling het `n invloed op `n jeugdige se betrokkenheid by misdaad.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die reeds bespreekte definisie van gesinne gebruik word en verwys na nuklêre-, enkelouer-, uitgebreide-, pleeg- en “child-headed” gesinne.

4.3 DIE FUNKSIONERING VAN DIE GESINSISTEEM

Nadat die gesin in die vorige gedeelte van hierdie hoofstuk gedefinieer is word daar nou na die sistemiese funksionering van hierdie sosiale sisteem gekyk. Rodway (1986:621) konstateer dat menslike verwantskap `n sosiale- en biologiese noodsaaklikheid is. Sonder verhoudings kan individue nie oorleef nie en mense kan nie leer om mense te wees nie. Alhoewel `n kind gebore word met al die nodige kenmerke vir aanpassing en oorlewing in die wêreld is dit steeds nodig dat die individu deur die komplekse proses van aanleer en sosialisering in die gesin en spesifiek die kulturele groep gaan. So noem Rodway (1986:621) byvoorbeeld dat `n kind wat ontneem word van `n primêre verhouding met `n konstante versorger nooit

werklik homself of ander kan vertrou nie. Hierdie wantroue wat `n jeugdige in homself en ander het veroorsaak stremming op die band tussen gesinslede wat `n invloed het op die hanteringsvaardighede van oorgangstydperke in die ontwikkeling van die gesin en individue.

Aangesien die behoeftes en omstandighede van elke gesinsisteem uniek en anders is, is dit nodig om gesinne vanuit verskeie perspektiewe te benader, byvoorbeeld ekologies-sistemies en etnies-sensitief (Hepworth *et al*., 2006:241). Weens die multi-kulturele samestelling van die Suid-Afrikaanse samelewing is dit belangrik om sensitief te wees vir die verskillende sosiale- en kulturele kontekste en veral met betrekking tot die funksionering van gesinsisteme. Navorsing wat poog om spesifieke gesinsfaktore te isoleer van jeugmisdaad lewer teenstrydighede op (Johnson & Schwartz, 1994:257). Daarom word daar gepoog om in hierdie gedeelte van die hoofstuk die gesinsisteem van die jeugoortreder as geheel te ondersoek.

4.3.1 Lewensoorgange van die gesin

Soos alreeds bespreek in hoofstuk twee is die gesin `n sosiale sisteem wat in wederkerige interaksie met die omgewing is. Die interaksie in die gesinsisteem (mesovlak) van die jeugoortreder word beïnvloed deur die behoeftes en verantwoordelikhede van die groep (Hoffman & Sallee, 1994:207-213). Daar is dus spesifieke take wat deur die lede van die gesinsisteem uitgevoer moet word ten einde effektief te funksioneer. Germain en Gitterman (1986:630) noem dat die gesin, jeugdiges op `n holistiese wyse moet help met aanpassing by lewensoorgange en omgewingsdruk. Indien hierdie aanpassings nie suksesvol is nie veroorsaak dit spanning tussen gesinslede wat manifesteer in gedragsprobleme en na `n tyd lank gevestig raak as patrone. Die bronne van wanaanpassing in die gesinsisteem het gewoonlik te doen met die samestelling en struktuur van die sisteem en oorgangsfases (Germain & Gitterman, 1986:630). Indien die gesinstruktuur wanaangepas is sal daar byvoorbeeld `n gebrek aan grense wees wat samewerking

tussen ouers en kinders bemoeilik en kan lei tot konflik en afwykende gedrag onder jeugdiges.

Zastrow (2004:55) noem dat families verskeie oorgange beleef. Voorbeelde van gebeure wat aanpassing meebring is trou, geboorte van kinders, ouerskap, skool toe gaan van kinders, skoolverlaat en die verlies van `n ouer deur egskeiding of die dood. Daar word na hierdie lewensoorgange verwys as tye van tydelike disekwilibrium in die familiesisteem, waartydens familiestabiliteit bedreig word deur die eis vir verandering (Goldenberg & Goldenberg, 1998:37). Die gesin wat afgesny word van ondersteuningsisteme soos uitgebreide familie en vriende, vind dit moeiliker om aan te pas by hierdie oorgangsfases en stres wat hiermee saamgaan (Jerome, Preston & Weaver, 1999:54). Verder sal die suksesvolle hantering van oorgange afhang van die gesin se effektiwiteit van hul probleemoplossings-vaardighede, buigbaarheid en openheid. Hierdie vermoë om aan te pas sal grootliks van die ouersisteem afhang en uiteindelik `n invloed hê op die funksionering van al die individue in die gesinsisteem.

4.3.2 Die ekologies-sistemiese funksionering van die gesin

Hoffman en Sallee (1994:54) konstateer dat sisteme en gesinne in maatskaplike werk hoofsaaklik gebruik word vir die behandeling van gesinne in gesinsterapie. Gesinne kan dus sistemies beskryf word ten einde die patrone van funksionering in die gesinne raak te sien. Die gesin van die jeugoortreder word derhalwe bespreek aan die hand van die multi-dimensionele benadering en Hoffman en Sallee (1994:54-60) se beskrywing van die gesinsisteem.

Goldenberg en Goldenberg (1998:35) noem dat elke simptoom in die gesinsisteem `n funksie vervul in die behoud van **familiehomeostase**. Die laasgenoemde outeurs is van mening dat indien die probleem nie `n sekere funksie in die sisteem vervul nie, dit nie behou sal word nie. Homeostase in gesinne is dus dikwels disfunksioneel (Hoffman & Sallee, 1994:55). So kan daar byvoorbeeld ernstige konflik in `n huwelik

tussen `n man en vrou ontstaan. Hierna raak die seun by misdaad betrokke en sy gedrag verwyder die ouers se aandag van hulself en hierdeur word die stres op hul eie verhouding verlig. Daar word baie aandag aan die jeugoortreder gegee en soos wat hy verbeter ontstaan daar weer stres tussen die man en vrou. Namate hul verhouding weer stresvol raak lei dit weer tot die seun se kriminele gedrag. Hierdie tipe homeostase kom dikwels in die gesinne van jeugoortreders voor.

Alle sisteme het **grense** wat een sisteem van `n ander onderskei. Die grense bepaal ook watter gedrag, mense en waardes die sisteem binnekom en verlaat. Hoffman en Sallee (1994:57) noem dat die grense van disfunksionerende gesinne gewoonlik iewers tussen te styf en te los is en Johnson en Schwartz (1994:258) bevestig dat `n groot hoeveelheid van jeugoortreders uit sulke gesinne kom. In hierdie gesinne is grense dikwels baie buigbaar sodat daar byvoorbeeld geen reëls vir die jeugdiges is rakende inkomtye en aanvaarbare gedrag nie. Aan die ander kant kom jeugmisdadigers soms uit gesinne met rigiede grense soos byvoorbeeld dat jeugdiges glad nie by vriende mag kuier of oorslaap nie. Hierdie streng reëls lei dikwels tot rebellie by jeugdiges sodat hul juis alles wil doen waarteen hul ouers hul verbied. Compton en Galaway (1999:30) noem dat swak grenskontrole `n teken is van ernstige probleme in die gesinsisteem. Ouers van hierdie gesinne het dus nie beheer oor die invloede wat die gesinsisteem binnekom of verlaat nie.

Volgende word daar op **subsisteme** in die gesin gefokus. Subsisteme is dele van die gesinsisteem wat spesifieke funksies of prosesse in die sisteem moet uitvoer ten einde die sisteem te onderhou as `n geheel (Goldenberg & Goldenberg, 1998:27). Minuchin (in Goldenberg & Goldenberg, 1998:28) noem dat elke gesinsisteem `n aantal sulke subsisteme het wat gevorm word deur generasie, geslag, belangstellings of rolle binne die sisteem. Die blywendste van hierdie sisteme is die huweliks-, ouer-kind- en kinder subsisteme. Die spesifieke invloed van elkeen van hierdie subsisteme in die lewe van die jeugoortreder word later in hierdie hoofstuk bespreek.

Sisteme skep **terugvoer** en hierdie terugvoer kan beskryf word as die beweging wat in sisteme veroorsaak word deur interaksie (Hoffman & Sallee, 1994:59). Sisteme is in interaksie met ander sisteme en tussen die subsisteme in die gesin wat verandering meebring. Garvin en Tropman (1999:86) fokus op die voorkoms van kulturele agterstand wat impliseer dat `n sisteem se waardes en norme nie verander in ooreenstemming met die gedragsverandering van die sisteem nie. Die veronderstelling wat voortspruit uit hierdie teorie is dat verandering in die sosiale sisteem nie noodwendig tot verandering in die kultuur, waardes en oortuiging van `n sisteem lei nie. So word die jeugoortreder byvoorbeeld by die skool aan ander kulture en waardes blootgestel en wanneer hierdie gedrag as terugvoer in die gesinsisteem uitgevoer word, bots dit met die tradisionele waardes van die vader en kan daar konflik tussen vader en seun ontstaan. Die terugvoer wat gesinslede aan die gesin gee is dus dikwels die oorsaak van probleme in die gesinsisteem.

In die gesinsisteem moet elke fenomeen as deel van `n groter geheel gesien word en verstaan word in verwysing tot die ander dele van die groter sisteem. Hierdie beginsel word **holisme** genoem en dit impliseer dat `n probleem nie lineêr verklaar kan word nie maar as `n manifestasie van probleme in die breër sisteem (Hoffman & Sallee, 1994:60). So is die gesinsisteem byvoorbeeld in interaksie met verskeie ander sisteme soos die werkplek, skool en wyer gemeenskapsisteme. Elkeen van hierdie sisteme beskik oor sy eie stel norme, waardes en aanvaarde gedrag wat bydra tot die kultuur in die sisteem. Die jeugmisdadiger se ervaring van sy gesin word dus beïnvloed deur die norme en waardes van die spesifieke gemeenskap waarin die familiesisteem hulself bevind. Die sisteme en hul norme en waardes is egter nie altyd sigbaar of voelbaar nie en die objektiewe observasie daarvan is dikwels onmoontlik (Pretorius, 2002:93).

4.3.3 Die sterktes en etnies-sensitiewe funksionering van die gesin

Dit word aanvaar dat `n gesin `n nis of plek in die gemeenskap beklee wat metafories is vir die status wat deur die gesin of individu in die spesifieke sosiale sisteem beklee word (Brueggemann, 1996:111). Hierdie posisie het gewoonlik betrekking tot mag of onderdrukking en impliseer dat sommige individue of groepe die geleentheid het om vir hulself `n posisie in die samelewing uit te kerf terwyl ander gedwing word om sekere rolle te beklee wat nie menslike behoeftes en regte ondersteun nie. Die rede hiervoor is gewoonlik geslag, ouderdom, etnisiteit, sosiale klas of ander persoonlike of kulturele eienskappe wat deur die gemeenskap as minderwaardig beskou word. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar egter spesifiek gefokus op die invloed van kulturele faktore op die geleenthede of sterktes van die gesinsisteem.

Soos daar alreeds in die tweede hoofstuk genoem is het **kultuur** te doen met die simboliese en aangeleerde gedrag van `n groep. Die begrip, kultuur, is veral relevant tydens die gebruik van die etnies-sensitiewe perspektief. Goldenberg en Goldenberg (1998:294) noem dat net soos wat `n individu nie verstaan kan word in isolasie van sy gesin nie, kan `n gesin nie verstaan word in isolasie van die kultuur waarvan hul deel is nie. Die posisie (sterktes of bronne) wat `n gesinsisteem in `n gemeenskap beklee word dus ook bepaal deur die kulturele agtergrond van die sisteem. Hierdie posisie van die gesin het dan ook `n invloed op die funksionering van `n individu en moontlike betrokkenheid by misdaad.

Hepworth *et al.* (2006:243) noem dat alle gesinsisteme oor **sterktes** en bronne beskik wat gebruik kan word. Goldenberg en Goldenberg (1998:9) stem saam hiermee en noem dat alle sisteme sekere ernstige probleme in die gesig staar, maar dat hul ook self beskik oor interne bronne en sterktes. Die identifisering van hierdie sterktes is belangrik aangesien dit bydra tot die oplossing van probleme maar vereis vaardighede en determinasie in `n disfunksionerende sisteem. Die gesinne van jeugoortreders se strewe na ekwilibrium lei dikwels tot die vestiging van disfunksionele patrone (Goldenberg & Goldenberg, 1998:23). Gray en Collett van

Rooyen (2002:194) meen ook dat maatskaplike werkers dikwels poog om die oplossings vir probleme self te probeer vind terwyl daar eerder na kliënte as vennote in die probleemoplossingsproses gekyk moet word.

Die blootstelling aan negatiewe omstandighede in die gesin of gemeenskap bied aan lede van die sisteem die geleentheid vir groei en bronne vir uitdagings. Jeugdiges is aktiewe en ontwikkelende individue wat deur moeilike omstandighede verskeie vaardighede ontwikkel en aanleer wat hul help om sterker individue te wees (Saleebey, 1999:16). Kinders in disfunksionerende gesinne leer dikwels interpersoonlike vaardighede soos `n sin vir humor en kreatiwiteit. Saleebey (1999:19) konstateer dat jeugdiges wat blootgestel is aan trauma en swaarkry karaktereienskappe ontwikkel soos lojaliteit, deursettingsvermoë, onafhanklikheid en selfdissipline. Die negatiewe funksionering van die gesin van die jeugoortreder kan dus oorkom word en tot die positiewe ontwikkeling van die individu bydra.

Uit die bostaande gedeelte is dit duidelik dat die gesin `n sisteem in wedersydse interaksie met die omgewing is. Hierdie interaksie word grootliks beïnvloed deur die kultuur van die omgewing en gesin. Hierdie kultuur het weer `n invloed op die beskikbare sterktes en bronne vir die gesin en individu. Die jeugdige word dus beïnvloed deur die meso- en makrovlakke van funksionering in sy omgewing.

4.4 GESINSAMESTELLING

In hierdie gedeelte word die algemene eienskappe van die gesinsamestelling van jeugoortreders bespreek. Hierdie gesinsamestelling verwys egter nie na die verskillende gesinstipes (byvoorbeeld nuklêre- en uitgebreide gesinne) soos vroeër in hierdie hoofstuk bespreek is nie. Die doel van die vroeëre bespreking was om `n duidelike definisie van gesinne te gee terwyl die volgende bespreking fokus op spesifieke eienskappe van die gesinne van jeugoortreders. Hierdie inligting is nodig ten einde vas te stel of spesifieke gesinsamestellings `n bydrae lewer tot jeugmisdaad.

Farrington (in Browne *et al.*, 2002:15) konstateer dat jeugoortreders gewoonlik uit **groot gesinne** afkomstig is en Gottfredson en Hirschi (1990:102) noem dat hierdie een van die konstantste bevindings oor jeugmisdaad is. Ouers van kinders in groot families vind dit moeiliker om al die kinders te monitor, supervisie te gee en reg op te tree teenoor almal se behoeftes (Gottfredson & Hirschi, 1990:102). Browne *et al.* (2002:15) noem dat jeugoortreders dikwels uit gesinne kom waar hierdie tipe laevlak ouerskap hoogty vier. Die groot families van jeugmisdadigers het dikwels ook nie genoeg ekonomiese bronne nie en die stres wat geassosieer word met armoede het `n invloed op kinders. Met die voorkoms van hierdie tipe stres word interpersoonlike verhoudings dikwels afgeskeep weens die spanning en konflik tussen die mense wat saamwoon (Browne *et al.*, 2002:15). Volgens die sosiale leerteorie sal daar dus geen kognitiewe toevertroue ontwikkel sodat eksterne beheer toegepas kan word op jeugdiges nie. Groot gesinne lei dus dikwels tot afskeping van sommige kinders en plaas ekonomiese druk op die sisteem. `n Kombinasie van hierdie faktore word dikwels in die gesinne van jeugoortreders gevind. Groot gesinne is egter ook dikwels uitgebreide- of enkelouergesinne en daar word derhalwe na die invloed van hierdie tipe gesinne op jeugdiges gekyk.

Pectora roborant cultus recti

Guerra (2002:xvi) konstateer dat **enkelouergesinne** die grootste risikofaktor vir jeugmisdaad is. Frank (2005:12) ondersteun hierdie stelling en noem dat jeugoortreders in gewapende groepe dikwels uit enkelouergesinne kom. Die afwesigheid van een ouer in `n gesinsisteem het `n skadelike invloed op die oorblywende ouer en die kinders (Goldenberg & Goldenberg, 1998:28). Daar is bevind dat hierdie jeugdiges se kanse byvoorbeeld twee keer meer is om vroeg skool te verlaat en twee en `n half keer beter is om werkloos te wees as jeugdiges wat met beide biologiese ouers grootword (Guerra, 2002:xv). Gottfredson en Hirschi (1990:103) en Popenoe (1996:152) konstateer egter dat die negatiewe invloed van enkelouerskap minder is indien `n ouer oorlede is as in die geval van enkelouerskap as gevolg van egskeiding. Die laasgenoemde outeurs noem verder dat vroeë

skoolverlating waarskynliker is vir jeugdiges uit enkelouergesinne weens egskeiding as jeugdiges uit enkelouergesinne weens die dood van `n ouer. Die vroeë skoolverlating en werkloosheid van jeugdiges is weer `n risikofaktor vir die betrokkenheid by misdaad en sal later bespreek word. Enkelouergesinne is dikwels ook uitgebreide gesinne waar biologiese- of voogouers na `n klomp kinders omsien.

Browne *et al.* (2002:14) verwys ook na `n ander belangrike verskynsel by enkelouergesinne. Die bogenoemde outeurs noem dat daar bevind is dat kinders wat `n sterk verbinding met die een **ouer onder wie se bewaring** hul is en geen verhouding met die ander ouer het nie, meer waarskynlik by misdaad betrokke sal raak. Jeugmisdadigers het dikwels `n sterk verhouding met een ouer maar `n negatiewe of bitter houding teenoor die ander. Daar kan dus afgelei word dat `n goeie verbintenis met meer as een familielid as `n beskermingsfaktor teen jeugmisdaad sal wees. Gottfredson en Hirschi (1990:103) verwys ook na enkelouers wat weer trou en die probleme wat hiermee saamgaan soos byvoorbeeld dat manlike jeugdiges weier om te luister na iemand wat nie hul biologiese ouer is nie. Popenoe (1996:150) noem dat stiefvaders selfs `n groter risikofaktor is vir die betrokkenheid van manlike jeugdiges by misdaad. Die laasgenoemde outeur noem dat stiefvaders nie so verbonde tot die kind se welsyn soos `n biologiese vader is nie. Die risiko van enkelouerskap vir die betrokkenheid by misdaad deur manlike jeugdiges kan dus nie verminder word deur die hertrou van `n moeder nie.

Spesifieke gesinsamestellings het dus `n invloed op jeugmisdaad. Soos gesien in die bespreekte gedeelte is groot gesinne `n kenmerk van die gesinsamestelling waaruit jeugoortreders kom. Groot gesinne is egter ook dikwels uitgebreide- of enkelouergesinne en hierdie gesinsamestellings is moontlike risikofaktore vir die betrokkenheid by jeugmisdaad.

4.5 DIE OUERS VAN JEUGOORTREDERS

In hierdie gedeelte word daar gefokus op die eienskappe en invloede van die ouers van jeugoortreders. Goldenberg en Goldenberg (1998:28) noem dat die ouer (man-vrou) subsisteem die belangrikste eenheid in die gesinsisteem is en dat die sukses van die gesin grootliks berus op die vermoë van die man en vrou om `n suksesvolle verhouding te hê.

Elke kind wat die gesinsisteem binnekom het gawes en talente om `n positiewe lewe te kan lei maar dit is nodig dat hulle die geleentheid gebied word om hierdie eienskappe te ontwikkel en te beoefen (Kretzmann & McKnight, 1993:13). Individue is dus die roumateriaal vir gemeenskapsbou maar die individue moet in hul gesinne opgebou word om hul volle potensiaal te bereik. Die belangrikste rolspelers in hierdie ontwikkelingsproses is die ouers of voogde van `n kind en die toekoms van `n kind word grootliks deur hierdie invloede bepaal. In die volgende gedeelte word daar gefokus op twee faktore by ouerskap wat `n invloed op jeugdiges het.

Die eerste faktor is **ouerhouding**. Farrington (2002:426) en Loveday (2003) noem dat `n koue en verwerpende ouerhouding teenoor kinders tot jeugmisdaad bydra. Hierdie negatiewe ouerhouding veroorsaak dat jeugdiges se interne inhibisies afgestomp raak. In `n studie wat Foster in Londen gedoen het, is bevind dat ouers se houding teenoor onderwys, straatlewe en misdaad herhaal word deur die kinders in die gesin (Muncie, 1999:25). Farrington (in Muncie, 1999:25) noem dat kinders wat blootgestel is aan negatiewe ouerskapstyle en skeiding tussen ouers `n goeie kans het om by misdaad betrokke te raak aangesien die jeugdiges nie `n interne lokus van kontrole oor sosiaal onaanvaarbare gedrag ontwikkel nie. Tesame hiermee ontwikkel jeugdiges uit kriminele gesinne `n anti-outoriteits houding en die oortuiging dat misdaad regverdigbaar is.

Guerra (2002:140) konstateer dat die regering of hulporganisasies nie kan instaan vir **ouerlike verantwoordelikhede** nie en selfs die gemeenskap nie `n plaasvervanger

vir die persoonlike en direkte sorg van `n vader en moeder kan wees nie. In die hersiene Kinderwet (Minister of Social Development, 2006) word ouerlike verantwoordelikhede omskryf as die sorg en optrede as bewaarder van `n kind. Hierdie verantwoordelikhede van `n ouer word ook as die regte van `n ouer beskryf en dit impliseer dat die ouer mag en kan omsien na die fisiese- en emosionele behoeftes van sy/haar kind. Hierdie verantwoordelikhede en regte kan ook wettiglik oorgedra word na `n voog. Die mate waarin daar in hierdie fisiese- en emosionele behoeftes van `n kind voorsien word, het `n invloed op die latere funksionering en gedrag van die kind .

Wêreldwyd het veral vaders baie uitbeweeg na die werkplek en is `n gaping gelaat in die huis, die plek waar die karakter van die kind gevorm moet word. Die afwesigheid van `n vader in die huis beteken die afwesigheid van `n manlike rolmodel vir manlike jeugdiges. Popenoe (1996:142) konstateer dat manlike rolmodelle nodig is vir die beheer van jeugdiges en dat die afwesigheid hiervan `n risikofaktor vir die betrokkenheid by jeugmisdaad is. Die rol van moeders het ook grootliks verander van die tradisionele “huisvrou” wat na die kinders omsien na `n meer beroepsgedrewe rol. Hierdie rolle van die vader en moeder en die invloed daarvan op die lewe van die jeugoortreder word derhalwe bespreek.

4.5.1 Die rol van die vader in die gesin

Popenoe (1996:9) noem dat die belangrikste verlore bestanddeel in hedendaagse families die biologiese vader is. Die outeur noem verder dat **afwesige vaders** die onderliggende rede van al die verklarings vir die stygende misdaadsyfers onder manlike jeugdiges is en dat 72% van jeugmisdadigers en 70% van langtermyn gevangenes in die VSA uit vaderlose huise kom (Popenoe, 1996:62). Manlike jeugdiges wie se vaders in die huis woon en betrokke in hul lewens is, het beter skoolprestasies as kinders wat met `n enkelmoeder woon (Roopnarine, 2004:70; Loveday, 2003). Hierdie jeugdiges wie onbetrokke- of afwesige vaders het, is ook meer waarskynlik om nie skool te voltooi nie. Popenoe (1996:142) noem dat seuns

by hul vaders leer hoe om `n man te wees deur identifisering en nabootsing. Vaders leer hul seuns oor manlike verantwoordelikheid, onafhanklikheid en hoe om in verband te staan met die teenoorgestelde geslag. Die laasgenoemde outeur noem verder dat seuns wat verwerp word of afwesige vaders het, sal grootword as jeugdiges met `n gevoel van teenstrydige manlikheid wat die "vaderwond" genoem word. Die afwesigheid van liefde, affeksie en belangstelling, veral vanaf die vader, het `n negatiewe invloed op `n jeugdige (Clarke, 2002:127). Egosentrisme kan die gevolg hiervan wees waarin `n individu sal poog om deurentyd die aandag op homself te vestig. Egosentrisme is ook dikwels `n kenmerk van jeugoortreders.

Pleck (2004:41) konstateer dat die Tweede wêreldoorlog `n reuse invloed op jeugmisdaadsyfers in Amerika gehad het, aangesien vaders afwesig was in huise en moeders moes werk as broodwinners vir die gesinne. Gedurende hierdie tydperk het rebellie onder jeugdiges ook baie gegroei weens die afwesigheid van vaders en die families wat moes rondtrek agter werksgeleenthede aan. Dit was `n tydperk waarin baie jong seuns begin het om dagga te rook, motors te steel en in hegtenis geneem te word (Pleck, 2004:41). In Suid-Afrika het `n soortgelyke verskynsel voorgekom met die destydse **trekarbeiderstelsel** (Ramphele & Wilson, 1989:158). Onder hierdie stelsel het groot groepe mense in spesifiek afgebakende dele van die land gewoon. Die mans in hierdie gebiede moes na groot stede verhuis vir werksgeleenthede met die gevolg dat vrouens alleen agtergelaat is om na die gesinne om te sien, dikwels sonder enige fisiese- of finansiële ondersteuning van die mans of ander familie. Die resultaat hiervan was grootskaalse familiedisintegrasie en manlike jeugdiges wat geen rolmodelle gehad het nie. Popenoe (1996:2,63) noem dat betrokke vaders onmisbaar is vir die welsyn van die gesin en gemeenskap en dat die groeiende syfers van vaderloosheid `n ramp in wording is.

Lamb en Tamis-Lemonda (2004:14) verwys na die verskillende sosio-kulturele verwagtinge van die korrekte vertolking van die vaderrol. Hewlett (2004:184) beskryf hierdie kulturele verwagtinge as die kennis en gebruike wat nie-biologies oorgedra

word van generasie na generasie. Vaders speel verskillende rolle in verskillende subkulturele kontekste en daarom het verskillende groepe kontrasterende menings oor wat `n goeie vader is. So is daar byvoorbeeld sekere kulture en kontekste waarin die rol van die broodwinner (finansiële sekuriteit) as belangrik geag word soos in die geval van `n buite egtelike kind. Vir ander families en gemeenskappe is finansiële sekuriteit minder belangrik maar direkte sorg en supervisie en emosionele ondersteuning vanaf die vader word as belangrik geag. Popenoe (1996:196) is egter van mening dat die verskillende kulturele verwagting van vaderskap nie soseer die probleem is nie maar eerder die feit dat jong mans nie meer deur ouer mans die waardes van vaderskap geleer word nie. Kulturele waardes oor vaderskap word dus nie meer oorgedra van een geslag na die volgende nie en so raak hierdie kulturele waardes verlore.

4.5.2 Die rol van die moeder in die gesin

Burt (in Hendrick, 2002:35) ken die rol van die grootmaak van emosionele gebalanseerde jeugdiges aan die moeder toe. Gottfredson en Hirschi (1990:104) noem dat die toename van vrouens wat die arbeidmark betree `n invloed op die stygende jeugmisdaadsyfers het. Die belangrikste rede hiervoor is dat kinders sonder toesig gelaat word en daarom is gevind dat goeie supervisie hierdie risiko vir jeugmisdaad verminder. Maree (2003:59) noem dat baie Suid-Afrikaanse huishoudings afwesige moeders het weens werksverpligtinge. Sommige moeders werk groot afstande van hul huise af en moet vroeg in die oggend hul huise verlaat waarna hul eers in die aande terugkeer. Ander woon in stede gedurende die week en is net naweke tuis om hul moederrol te vervul. Hierdeur gaan `n groot deel van die ouerliefde en supervisie verlore wat dikwels manifesteer in gedragsprobleme vanaf `n jong ouderdom (Maree, 2003:59). Dit is dus duidelik dat `n afwesige moeder `n invloed op die emosionele ontwikkeling van `n jeugdige het maar dat bystand en ondersteuning vir `n vrou vanaf `n manlike figuur onafwendbaar is in die grootmaak van kinders.

4.5.3 Die invloed van `n kriminele ouer

Farrington, Barnes en Lambert (in Muncie, 1999:25) konstateer dat die "beste voorspeller" vir jeugmisdaad `n kriminele ouer is. Die laasgenoemde outeur noem verder dat die negatiewe invloed van`n kriminele ouer die grootste impak maak terwyl die kind jonger as tien jaar oud is. Muncie (1999:25) noem dat dit voorkom of kriminele gedrag van ouers na kinders oorgedra word: "*crime runs in the family*". Die verhouding is veral sterk tussen `n kriminele vader en die latere misdaadpleging deur `n seun. Maree (2003:59) verwys ook na die groot manlike tronkpopulasie van Suid-Afrika wat beteken dat baie jeugdiges vaderloos is. Hierdie kombinasie van `n afwesige vader wat boonop `n misdadiger is, kom dikwels in die gesinne van jeugoortreders voor en het `n negatiewe invloed op die funksionering van die gesin. Die ouers van jeugoortreders het dus `n definitiewe invloed op hul betrokkenheid by misdaad.

4.6 GESINSFUNKSIONERING

Die ouersisteem, soos hierbo bespreek, het `n groot invloed op die funksionering van `n gesin. `n Spannende of gebroke ouersisteem lei dikwels tot spannende gesinsverhoudings. Burt (in Hendrick, 2002:35) noem dat spannende gesinsverhoudings tot senuagtige kinders lei en dat `n goed funksionerende gesin nodig is vir die vorming van `n geestesgesonde kind. `n Studie wat in Inanda, `n lae inkomste area naby Durban in KwaZulu-Natal, gedoen is het getoon dat jeugdiges wat met die gereg bots afkomstig is uit gesinne wat verhoudingsprobleme het (Maree, 2003:74). Daar is verskeie faktore wat verhoudingsprobleme veroorsaak maar vir die doeleindes van hierdie studie word daar spesifiek gefokus op ouerskapsvaardighede, die invloed van bloedverwante en familiedisintegrasie.

4.6.1 Ouerskapsvaardighede

Browne *et al.* (2002:11) konstateer dat ouerskapsvaardighede nie instinktief is nie en dat die ouers van jeugoortreders dikwels nie die vermoë het om te onderskei tussen geskikte- en swak gedrag nie. Maree (2003:60) skryf die voorkoms van swak

ouerskapsvaardighede in Suid-Afrika toe aan die groot hoeveelheid jong ouers wat glad nie oor ouerskapsvaardighede beskik nie. Ouers van jeugoortreders versuim om hul kinders te beloon en aan te moedig vir goeie gedrag, reageer nie positief op kinders se behoeftes nie en misluk om te onderskei tussen hul eie gemoed en die kind se gedrag. Winnicott (in Browne *et al.*, 2002:12) is van mening dat jeugmisdaad eintlik `n natuurlike reaksie tot swak ouerskapsvaardighede is, aangesien die beheer wat aangeleer moet word in die gesin, verskuif word na beheer in die samelewing. Vir die doeleindes van hierdie studie verwys ouerskapsvaardighede spesifiek na supervisie en dissipline wat deur ouers toegepas word.

Maree (2003:60) noem dat die afwesigheid van **ouersupervisie** korreleer met kriminele aktiwiteite en wangedrag van jeugdiges. Fraser (1996) ondersteun hierdie stelling en konstateer dat inkonsekwente ouersupervisie aan kinders en `n mislukking om reëls vas te lê kenmerke van `n disfunksionerende gesin is. Wanneer daar wel opgetree word is dit met fors en negatiewe effek. Die ouers van jeugmisdadigers sal dikwels skreeu, gryp, stamp en slaan sodat kinders bevele gehoorsaam (Fraser, 1996:348). Die afwesigheid van ouersupervisie in Suid-Afrika kan volgens Maree (2003:60) toegeskryf word aan die jonkheid van ouers wat veroorsaak dat hul dikwels bang is vir hul eie kinders. Ouersupervisie impliseer dus dat ouers sekere riglyne neerlê waarvolgens kinders hul lewens kan rig. Die afwesigheid van hierdie ouerlike riglyne lei dikwels tot wangedrag onder jeugdiges.

Farrington (2002:426) en Browne *et al.* (2002:12) stem saam dat die ouers van jeugoortreders ongevoelige en wisselvallige **dissipline** op hul kinders toepas. Gottfredson en Hirschi (1990:101) noem dat straf in die gesinne van jeugoortreders gewoonlik maklik, korttermyn en onsensitief is waartydens daar geskreeu en geslaan word. Hierdie fisiese mishandeling deur ouers word geassosieer met `n groter risiko vir jeugdiges om self gewelddadig op te tree. Sherman (in Emmet, 2000:281) bevind dat sterk ouer-kind verhoudings waar kinders konsekwent en sensitief gedissiplineer word en goeie gemeenskapsondersteuning ontvang, die beste teenvoeter vir

jeugoortredings is. Vanuit die klassieke teorie word aangevoer dat strawwe wat konsekwent en dadelik is, jeugdiges sal weerhou van misdaad. Die afwesigheid van effektiewe straf deur ouers word byvoorbeeld aangevoer vir die rede waarom jeugdiges uit “goeie” huise by misdaad betrokke raak (Joubert, 2003:81,82). Die toepassing van effektiewe dissipline is dus `n vaardigheid wat deur ouers bemeester moet word en die suksesvolle toepassing daarvan het `n invloed op die betrokkenheid van `n jeugdige by misdaad.

4.6.2 Die invloed van bloedverwante

Die teenwoordigheid van misdadiger bloedverwante het `n negatiewe invloed op ander kinders in die gesin (Maree, 2003:60; Browne *et al.*, 2002:10). Veral ouer broers wat betrokke is by misdaad het `n negatiewe invloed op jonger verwante van dieselfde geslag en kan `n subsisteem in die gesin vorm. Hierdie subsisteem sal die kind se eerste sosiale groep verteenwoordig waarin sekere gedrag aangeleer word (Goldenberg & Goldenberg, 1998:29). Volgens die biologiese teorieë oor jeugmisdaad sal die rede hiervoor in genetiese faktore gevind word. Dit is egter al in die vorige hoofstuk bespreek waarom hierdie studie eerder op die sosiale invloede as genetiese determinante fokus. Die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad uit dieselfde gesinne word dus toegeskryf aan die blootstelling aan byna identiese ondervindinge van ouerskap, armoede, ontwrigting en soms mishandeling en verwaarlosing (Browne *et al.*, 2002:10). Volgens die sosiale positivistiese teorieë sal die rede vir die betrokkenheid van verwante by misdaad gevind word in die sosiale strukture en interaksie wat in die gesinsisteem plaasvind. Die betrokkenheid van bloedverwante by misdaad het dus `n negatiewe invloed op ander sibbe in die gesinsisteem.

4.6.3 Familiedisintegrasie

Familiedisintegrasie het `n groot invloed op die funksionering van `n gesin. Sherman (soos in Emmet, 2000:281) noem dat informele beheer (dissiplinering van kinders) verdwyn sodra gesinne en gemeenskappe disintegreer. Die belangrikste kenmerk

van familiedisintegrasie is die afwesigheid van die biologiese vader of moeder. Die huidige disintegrasie van gesinne in Suid-Afrika is dus `n rede vir die groeiende syfers van jeugmisdaad. Die stelling word ondersteun deur die navorsing van Gottfredson en Hirschi (1990:103) waarin bevind is dat die syfers van familiedisintegrasie (gemeet aan die persentasie van enkelouergesinne en egskeidings) `n sterk aanduiding vir jeugmisdaad in `n spesifieke area is. Hawkins *et al.* (1999:41) noem dat familiedisintegrasie `n sterker invloed as familiegeweld op die betrokkenheid by jeugmisdaad het. Gottfredson en Hirschi (1990:178) is ook van mening dat famieliedisintegrasie `n risikofaktor vir jeugmisdaad oor verskeie kulture is en nie net tot sekere samelewings beperk is nie.

Farrington (2002:426) noem dat familiedisintegrasie veral weens egskeiding `n definitiewe invloed op jeugdiges se betrokkenheid by misdaad het. Browne *et al.* (2002:14) bevestig dat hierdie verskynsel herhaaldelik bewys is en dat jeugdiges uit gebroke huwelike langtermyn invloede daarvan ervaar soos byvoorbeeld gedragsprobleme en depressie. Block (in Browne *et al.*, 2002:14) bevind egter dat `n groot hoeveelheid van hierdie jeugdiges al tekens van gedragsprobleme of depressie voor die egskeidings getoon het. Om hierdie rede noem die outeur dat die atmosfeer van konflik tussen ouers eerder die probleme veroorsaak en nie noodwendig die egskeiding self nie. Farrington (2002:426) en Johnson en Schwartz (1994:257) verwys ook na hierdie invloed van die ouerkonflik wat bydra tot egskeiding en noem dat dit `n algemene verskynsel in die gesinne van jeugoortreders is. Popenoe (1996:53) is egter van mening dat die impak van egskeiding op `n jong seun geleë is in die afwesigheid of verlies van die vader. Indien al hierdie verklarings in ag geneem word kan daar met sekerheid gesê word dat egskeiding wel `n risikofaktor vir jeugmisdaad is. Egskeidings het dus `n definitiewe invloed op die funksionering van `n gesinsisteem.

4.7 SOSIO-EKONOMIESE INVLOEDE OP DIE GESINSISTEEM

Soos alreeds in die vorige hoofstuk bespreek, is sosiale- en ekonomiese ontwikkeling interafhanklik van mekaar (Ministry for Welfare and Population Development, 1997). Sosiale ontwikkeling is die grondslag vir ekonomiese welvaart en ekonomiese groei is nodig vir sosiale ontwikkeling. In hierdie gedeelte word daar gefokus op die invloed van sosio-ekonomiese faktore op die gesin van die jeugoortreder. Daar word spesifiek gefokus op die invloed van werkloosheid, armoede en ander sosio-ekonomiese stremminge op die funksionering van die gesinsisteem.

4.7.1 Werkloosheid en armoede

Uit die vorige hoofstuk was dit duidelik dat `n land se ekonomiese toestand `n direkte invloed op die sosiale funksionering van individue en groepe op mesovlak het. Een van die sigbaarste bewyse van die huidige ekonomiese toestand in `n land is die voorkoms van **werkloosheid**. Murray (in Muncie, 1999:141) konstateer dat werkloosheid, veral onder mans, lei tot die verval van die gemeenskap. Die ondersteuning van `n gesin is `n sentrale deel van manwees en mans wat nie hul gesinne ondersteun nie moet ander maniere vind om hul manlikheid te bewys (Muncie, 1999:141). Die vrees van werkloosheid dra by tot die las van armoede wat dikwels voorkom in die gesinne van jeugoortreders (Ramphele & Wilson, 1989:158).

Onwudiwe (2004:155) noem dat kinders wat in **arm gesinne** grootword dikwels hierdie negatiewe invloed vir die res van hul lewens met hul saamdra. Die gesin is ook die plek waar kinders blootgestel word aan die voordele van opleiding en `n goeie werksetiek (Onwudiwe, 2004:156). Dus sal kinders wat geen voorbeeld van werkende ouers het nie ook selde self gemotiveerd wees vir opleiding en werk. Die ouers van jeugmisdadigers het dikwels `n negatiewe houding teenoor opleiding en die houding word oorgedra na die kinders. Hierdie negatiewe ouerhouding is een van die hoof redes vir vroeë skoolverlating. In Suid-Afrika is `n groot deel van die jeug gebore of grootgemaak deur ouers waarteen gediskrimineer is (Bezuidenhout, 2003:5). Na 1994 het die regering egter verskeie wetgewing en beleid ingestel vir die

ontwikkeling van die jeug. Die praktiese implementering en uitvoering daarvan blyk egter nog nie effektief te wees nie (Berry & Guthrie, 2003:11). Die nawerking van hierdie onvermoë om die jeug te bemagtig en ontwikkel word tans gesien in die stygende misdaadvlakke in Suid-Afrika (Bezuidenhout, 2003:5,6; Malan, 2005:20). Armoede het dus `n negatiewe invloed op die funksionering van gesinne en kan as `n bydraende faktor vir jeugmisdaad gesien word.

Farrington (in Muncie, 1999:25) konstateer dat jeugdiges uit arm gesinne `n groter disposisie het tot die betrokkenheid by misdaad, aangesien hul dikwels nie die geleentheid het om wettiglik hul behoeftes te bevredig en doele te bereik nie. Warr (2002:60) noem dat die inkomste en lewenstyl waarmee `n kind groot word ook die standaard sal bepaal waarmee hy eendag tevrede sal wees. Armoede het dus `n kringloop waarin dit oorgedra word vanaf een geslag na die volgende en so word `n teelaarde vir misdaad geskep. Hierdie tekort aan geleenthede lei ook dikwels tot spanning in die gesinsisteem wat `n negatiewe invloed op ouers en kinders het.

4.7.2 Stremminge op die gesinsisteem

Daar word in hierdie gedeelte gefokus op die stremminge wat deur armoede in `n gesinsisteem veroorsaak word. Maree (2003:58) en Browne *et al.* (2002:15) noem dat armoede veral lei tot stres, depressie en huwelikskonflik tussen ouers. Hierdie stremminge het weer `n invloed op ouers se verhouding met hul kinders en die kwaliteit van ouerskap kan negatief beïnvloed word. Indien hierdie aanpassings nie suksesvol is nie veroorsaak dit spanning tussen gesinslede wat manifesteer in gedragsprobleme en na `n tyd gevestig raak as patrone (Germain & Gitterman, 1986:630). Weens die lae sosio-ekonomiese status van die familie kan jeugdiges byvoorbeeld `n swak selfbeeld ontwikkel met gevoelens van minderwaardigheid en skaamte. Hierdie karaktereienskappe het `n invloed op die jeugdige se kognitiewe vermoëns wat uiteindelik tot `n swak weerstand vir kriminele gedrag in groepsverband sal lei.

Hierdie stremminge in die gesinsisteem word deur Johnson en Schwartz (1994:258) beskryf as `n bydraende faktor vir fisiese-, seksuele- en emosionele **mishandeling** in gesinne. Die bogenoemde outeurs noem ook dat jeugmisdadigers dikwels vanaf `n vroeë ouderdom, in hul gesinne mishandel is. In `n studie onder manlike gevangenes in Suid-Afrikaanse tronke bevind Wedge *et al.* (in Maree, 2003:61) dat 68% van die deelnemers as kinders aan `n vorm van mishandeling blootgestel is. Browne *et al.* (2002:17) noem dat mishandeling dikwels voorkom saammet ander risiko faktore vir jeugmisdaad en daarom is dit moeilik om die langtermyninvloed van mishandeling te bepaal. Jerome *et al.* (1999:54) noem dat **kinderverwaarlosing** dikwels voorkom in geslote gesinne wat sonder enige ondersteuningsbronne soos familie en vriende funksioneer. Hierdie verwaarlosing van kinders kom dikwels voor wanneer groot groepe mense saamwoon en daar nie persoonlike aandag en liefde aan alle individue in die sisteem gegee word nie.

Armoede lei dikwels tot probleme met **behuising** en Maree (2003:59) noem dat oorbevolkte huislike omstandighede `n teken van lae sosio-ekonomiese status is. Oorbevolkte behuising lei tot geen privaatheid, irritasie met mekaar en jeugdiges wat in die buurte ronddwaal en selfs hul huise verlaat. Clarke (2002:127) verwys spesifiek na die negatiewe invloed van kinders wat “in die straat” speel en die faktore waaraan hul blootgestel word soos alkohol en dwelms. Hier in die strate word jeugdiges ook aanvanklik blootgestel en later verwelkom tot die bendes, meestal deur goeie kennisse (Ramphele & Wilson, 1989:158). Soos in die vorige hoofstuk bespreek vind jeugdiges in die bende `n mate van persoonlike gemak en sosialisering. Aangesien sommige van hierdie jeugdiges geen ondersteuning vanaf hul gesinne kry nie is die betrokkenheid by misdaad onafwendbaar.

4.7.3 Die sosio-ekonomiese invloed van HIV op gesinne

Soos in die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk bespreek is, het HIV `n groot invloed op die samestelling en funksionering van gesinne. Pharoah (2005) noem dat daar sterk korrelasie is tussen die dinamiek wat aan die gang gesit word deur HIV en

jeugmisdaad. Die laasgenoemde outeur verwys na kinders wat as wese na hulself moet omsien na die dood van ouers aan HIV. Maree (2003:60) verwys spesifiek na Suid-Afrika waar die meeste van hierdie kinders steeds na die dood van hul ouers by hierdie huise aanbly. Dit veroorsaak dat ouer broers of susters na ander kinders moet omsien wat dikwels lei tot die betrokkenheid by jeugmisdaad. Hierdie siekte en sterfte van ouers laat kinders ook vol vrees en onsekerheid wat hul in `n baie beïnvloedbare posisie vir misdaad laat. Die emosionele trauma, stigma, etikettering en die verlies van positiewe rolmodelle is van die faktore wat verder bydra tot jeudiges wat deur HIV beïnvloed is se betrokkenheid by misdaad.

4.7.4 Die invloed van kultuur op die sosio-ekonomiese funksionering van `n gesin

Die sosio-ekonomiese beïnvloeding van `n gesin word bepaal deur die spesifieke kultuur van die gesinsisteem. Hawkins *et al.* (1999:38) noem dat sosio-ekonomiese invloede soos werkloosheid en armoede verskillende invloede op verskillende kulturele groepe het. Daarom word tot die gevolgtrekking gekom dat kulturele invloede aangehelp word deur die sosio-ekonomiese omgewing van `n jeugoortreder (Hawkins *et al.*, 1999:39). Die spesifieke norme en waardes van `n kultuur sal dus die invloed van `n positiewe- of negatiewe sosio-ekonomiese omgewing bepaal. Vanuit die kulturele afwykende teorieë word die invloed van sosio-ekonomiese faktore op die gesin gekoppel aan `n laeklas kultuur wat ontstaan in sekere gemeenskappe (Joubert, 2003:90). Hierdie laeklas kultuur ontwikkel hul eie waardes en norme, byvoorbeeld onmiddellike bevrediging en taaiheid. Die spesifieke invloed van sosio-ekonomiese faktore op wit- of swart gesinne en die jeugdiges daarin sal dus bepaal word deur die spesifieke kultuur van die gesinsisteem.

4.8 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het `n oorsig gegee van die gesinne van jeugoortreders. In die eerste gedeelte van die hoofstuk is daar gefokus op die verskillende tipes gesinne wat voorkom. Dit was duidelik dat die tipe gesin grootliks bepaal word deur die

aanwesigheid of afwesigheid van ouers. Daarna is die lewensoorgange van die gesin vanuit `n sistemiese perspektief beskryf ten einde die invloed van verskeie sisteme op die funksionering van die gesin te illustreer.

Die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk het gefokus op spesifieke gesinsfaktore en die invloed daarvan op die funksionering van die gesinsisteem. Eerstens is daar gekyk na spesifieke gesinsamestellings en die invloed daarvan op jeugmisdaad. Daarna is gefokus op die ouers van jeugoortreders en veral op die rol van die vader en moeder in hul invloed op die gesinsfunksionering. Hierdie faktore rondom ouers en ouerskap het die grootste impak op die funksionering van jeugdiges. Veral die afwesigheid van `n vader of positiewe manlike rolmodel in die lewe van `n manlike jeugdige het `n negatiewe invloed op sy lewe. Laastens is die invloed van sosio-ekonomiese faktore op die gesin ondersoek.

Die volgende hoofstuk verken die gesinservaringe van jeugoortreders en skets die resultate van die studie.

Pectora roborant cultus recti

HOOFSTUK 5

`n VERKENNING VAN DIE GESINSERVARINGE EN –PERSEPSIES VAN JEUGOORTREDERS

5.1 INLEIDING

Die manlike jeugoortreder en sy gesin is vanuit `n multi-dimensionele perspektief bespreek in die vorige twee hoofstukke van hierdie tesis. In hierdie hoofstuk word die ingesamelde inligting vanuit onderhoude met manlike jeugoortreders weergegee, ten einde hul eie gesinservaringe en –persepsies multi-dimensioneel te verstaan.

5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Die empiriese ondersoek is uitgevoer soos beskryf in die eerste hoofstuk van hierdie tesis. In `n kwalitatiewe studie bepaal die navorser se keuses en aksies die navorsingsontwerp of –strategie (De Vos *et al.*, 2005:269). Kwalitatiewe navorsers kan dus gedurende die verloop van die studie die beste navorsingstrategie vir hul navorsing bepaal en hul hele navorsingproses hiervolgens beplan en aanpas. In die volgende gedeelte van hierdie hoofstuk word die navorsingsproses vlugtig bespreek, met spesiale verwysing na die praktiese uitvoering daarvan.

Weens die moeisaamheid om deelnemers vir die studie te identifiseer, is besluit om navorsing te beperk tot jeugoortreders wat NICRO se YES-program bygewoon het gedurende die tydstip van die studie in die Stellenbosch en Paarl omgewings. Daar was 25 manlike jeugoortreders betrokke by hierdie programme wat voldoen het aan die kriteria vir insluiting by die studie, soos beskryf in die eerste hoofstuk. Vanuit hierdie populasie is die steekproef geneem volgens die opvolgende/voortvloeiende seleksie. `n Opvolgende/voortvloeiende seleksie impliseer dat gevalle en data ingesamel word tot `n versadigingspunt van nuwe en diverse informasie bereik is (De Vos *et al.*, 2005:330). Die uitvoering van hierdie proses word derhalwe bespreek.

Die navorser het die proses van data-insameling begin deur kontak te maak met die potensiële deelnemers, tydens hul bywoning van die YES-program. Gedurende hierdie kontak is die navorser aan die potensiële deelnemers voorgestel en die doel en prosedure van die studie is aan hul verduidelik. Die navorser het ook as vrywilliger gehelp met die fasilitering van die program en dus die potensiële deelnemers op `n weeklikse basis gesien en `n goeie verhouding met hul opgebou. Gedurende die laaste sessie van die YES-program het die ouers van die potensiële deelnemers ook die progam bygewoon en die navorser het die doel van die studie aan hul verduidelik, sodat toestemming vanaf die ouers gekry kon word om wel onderhoude met hul kinders te voer. Die navorser het daarna die individue se bereidheid om deel te neem aan die studie vasgestel en deelnemers is drie maande later gekontak en tuisonderhoude is gevoer. Uit hierdie eerste groep was daar egter nie genoeg respondente nie en daar is by nog twee YES-groepe in Stellenbosch en Paarl ingeskakel. Dieselfde prosedure is hier gevolg in die identifisering van deelnemers. Elke respondent is op die afgespreekte tydperk weer deur die navorser gekontak ten einde `n afspraak vir die onderhoud te maak. Die navorser is op die afgespreekte tyd en datum na die respondente se huise waartydens die onderhoude gevoer is. Nadat tien onderhoude met jeugoortreders gehou is het herhalende data begin voorkom en die versadigingspunt vir data insameling was dus bereik. Die onderhoude is gedurende September 2006 gevoer, soos wat dit vir die ondersoeker en respondent geleë was.

Met die teoretiese ondersoek van hierdie tesis as agtergrond, is De Vos *et al.* (2005:296-297) se omskrywing van `n onderhoudskedule as navorsingsinstrument gebruik, deur vooraf vasgestelde vrae met `n vaste orde en indikasies vir die beantwoording daarvan te formuleer (kyk bylae A). Daar is op onderhoude as navorsingsinstrumente besluit aangesien komplekse terminologie in die literatuur gebruik word om inligting rondom die funksionering van die gesin in te samel. Dit sou dus vir die ondersoeker nodig wees om sekere terminologie, konsepte en begrippe te verduidelik of te verhelder. Sodoende sou die ondersoeker kon verseker dat al die

vasgestelde vrae wel beantwoord en dat die vrae dieselfde deur al die respondente verstaan word. Die onderhoude is in die moedertaal (Afrikaans) van die respondente gedoen. `n Bandopname van die onderhoude is ook gemaak met die instemming van die deelnemers (De Vos *et al.*, 2005:298). Hierdie kwalitatiewe metode is gebruik om die respondente se ervaringe en persepsies in hul eie woorde vas te vang.

Die onderhoudskedule is deur middel van persoonlike onderhoude (De Vos *et al.*, 2005:289-291) deur die ondersoeker geoperasionaliseer. Die persoonlike onderhoude het verseker dat al die respondente gerespondeer het en dat hulle response bruikbaar vir die doeleindes van die ondersoek was. Die vrae in die onderhoudskedule is op so `n manier saamgestel dat al die aspekte van die multi-dimensionele perspektief op gesinne in ag geneem is. Daar is dus vanuit die ekologiese sisteemteoretiese-, sterkte- en etnies-sensitiewe perspektiewe na die gesinservaringe en -persepsies van die respondente gekyk. In sommige gevalle het respondente van gesinne verander, gewoonlik weens die afsterwe van ouers of voogde. In hierdie gevalle is die deelnemers gevra om die spesifieke vrae te beantwoord vanuit die gesinne waarin hul die grootste gedeelte van hul lewens deurgebring het. Die algemene vrae is beantwoord vanuit alle ervaringe wat deelnemers al van gesinne gehad het.

Die onderhoude met die respondente het gemiddeld 20 minute geduur. Die ondersoeker het na afloop van elke onderhoud, wat op die oudioband opgeneem is, die onderhoude woordeliks getranskribeer, sodat die inligting vir die doeleindes van die empiriese ondersoek verwerk kon word. Die verwerkte gegewens word vervolgens in narratiewe-, tabel- en figuurlike vorme aangebied.

5.3 RESULTATE VAN DIE ONDERSOEK

Die resultate van die studie word bespreek aan die hand van die skematiese uiteensetting in figuur 5.1, waar die hoof- en subtemas wat in hierdie studie

geïdentifiseer is, aangedui word. Verbatim-aanhalings van die individuele onderhoude word saam met die relevante literatuur ondersteun in die bevindinge.

Skematiese uiteensetting van die hoof- en subtemas van die empiriese studie:

Hooftemas	Subtemas
1. Identifiserende besonderhede van deelnemers	- Ouderdom
	- Bevolkingsgroep
	- Tipe oortreding
	- Gesinsamestelling
2. Ouers	- Ouerlike verantwoordelikhede
	- Vaderfiguur
	- Moederfiguur
	- Verhouding tussen ouers
	- Betrokkenheid van ouers by misdaad
	- Ouerhouding teenoor die gereg en opleiding
3. Gesinsfunksionering	- Ouerskapsvaardighede
	- Bloedverwante
4. Sosio-ekonomiese funksionering	- Werk
	- Ekonomiese posisie van gesin
	- Mishandeling in gesin
	- Aard van behuising
5. Invloed van gemeenskap op gesin	- Misdaad in gemeenskap
	- Bendes
	- Bronne in gemeenskap
6. Teorieë oor jeugmisdaad	- Oorsaak van misdaad

Figuur 5.1: `n Skematiese uiteensetting van die hoof- en subtemas van die empiriese studie

5.3.1 Identifiserende besonderhede van deelnemers

Tabel 5.1 gee `n samevatting van die identifiserende besonderhede van die tien deelnemers wat deelgeneem het aan die studie. Hierdie inligting word bespreek in die volgende gedeelte van hierdie hoofstuk.

Tabel 5.1 Identifiserende besonderhede van die deelnemers

Deelnemer	Ouderdom	Bevolkingsgroep	Tipe oortreding	Gesinstipe
1	15	Kleurling	Aanranding	Pleeggesin
2	17	Kleurling	Diefstal	Nuklêre
3	15	Kleurling	Aanranding	Nuklêre
4	17	Kleurling	Geldvervalsing	Nuklêre
5	17	Kleurling	Aanranding	Enkelouergesin
6	16	Kleurling	Onwettige besit van ammunisie	Uitgebreide
7	17	Kleurling	Diefstal	Uitgebreide
8	14	Kleurling	Diefstal	Nuklêre
9	14	Kleurling	Diefstal	Uitgebreide
10	16	Kleurling	Diefstal	Nuklêre

Hierdie identifiserende besonderhede van die deelnemers word vervolgens gedissekteer en bespreek:

5.3.1.1 Ouderdom

Eerstens is die ouderdom van die respondente bepaal om seker te maak dat deelnemers kwalifiseer om aan die studie deel te neem, aangesien die studie fokus op jeugoortreders tussen die ouderdomme van 12-18 jaar. Die ouderdomme van die respondente word in figuur 5.2 weergegee.



n=10

Figuur 5.2: Ouderdom van deelnemers

Al tien (100%) respondente is tussen die ouderdomme van 12-18 jaar. Soos aangedui in figuur 5.2 is twee (20%) deelnemers 14; twee (20%) 15; 2 (20%) 16 en vier (40%) 17 jaar oud. Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met navorsing van Loveday (2003:106) wat toon dat die aanvang van jeugmisdaad op sowat 14 jarige ouderdom is. Hierdie ouderdom (14-17 jaar) van respondente is ook in ooreenstemming met die teorie van Erikson oor die ontwikkelingsfases van jeugdiges waarin genoem word dat identiteitsverwarring kan voorkom in hierdie ouderdomskategorie en dikwels tot afwykende gedrag kan lei (Keenan, 2002:23). Die ouderdomsgroep van respondente is dus `n ouderdom waarin individue om verskeie redes beïnvloedbaar is vir die betrokkenheid by misdaad.

Soos genoem in die literatuurstudie word `n jeugoortreder omskryf as `n individu tussen die ouderdomme van 12-18 jaar wat hom aan misdaad skuldig maak (Burchell & Milton, 2000:31; Pretorius, 2005:13). Die respondente voldoen almal aan hierdie definisie en daarom kwalifiseer hul vir deelname aan die studie.

5.3.1.2 Bevolkingsgroep

Die bevolkingsgroep van respondente is vasgestel, aangesien die literatuurstudie aangedui het dat die voorkoms van misdaad meer onder sekere bevolkingsgroepe is as ander (Hawkins *et al.*, 1999:34; Zastrow, 2004:308). Alhoewel dit sosiaal meer aanvaarbaar is om groepe volgens kultuur te klassifiseer, noem MacKintosh (1998:119) dat ras `n konsep is wat altyd na vore kom in die bestudering van etnies-sensitiewe studievelde. Aangesien die gesinservaringe en -persepsies van respondente vanuit `n multi-dimensionele perspektief beskou word, sal die ras van respondente `n invloed hê op die bevindinge van die studie. Vir die doeleindes van hierdie studie was dit dus nodig om hierdie inligting van respondente te bekom.

Al tien (100%) respondente is Kleurlinge. Die hoofrede hiervoor is waarskynlik die geografiese area waarin die YES-program aangebied is en hierdie bevinding is in ooreenstemming met die teorie van Hawkins *et al.* (1999:38-40). Die laasgenoemde outeurs noem dat die rede vir hoë misdaadsyfers onder sekere bevolkingsgroepe nie noodwendig in die ras van die oortreders gevind word nie, maar eerder in die sosio-ekonomiese status en gemeenskapstrukture van hul samelewings. Om hierdie verskynsel te bevestig word daar later in hierdie hoofstuk gefokus op die sosio-ekonomiese status en gemeenskapstrukture van die respondente. Zastrow (2004:308) noem egter spesifiek dat die hoë voorkoms van misdaad onder swart jeug in die VSA toegeskryf kan word aan gesinsdisintegrasie en die afwesigheid van vaders en manlike rolmodelle. Hierdie wedersydse beïnvloeding tussen die sosio-ekonomiese status en gesinsfunksionering van `n spesifieke bevolkingsgroep word in die verloop van die ondersoek beskou vanuit `n multi-dimensionele perspektief ten einde die invloed daarvan op die ervaringe en persepsies van die jeugdige te bepaal.

5.3.1.3 Tipe oortreding

Respondente is gevra oor die tipe oortreding wat hul gepleeg het. Zastrow (2004:318) noem dat die term “misdaad” `n wye verskeidenheid oortredinge insluit en om dié rede is dit onmoontlik om aan die hand van een teorie alle misdade te

verklaar. Aangesien die aard van die misdade verskil, is die motiewe of oorsake onderliggend tot die misdade ook verskillend. Om hierdie rede is dit nodig om vas te stel watter tipe oortredinge die deelnemers gepleeg het, ten einde die bevindinge van toepassing te kan maak op hierdie tipe oortreders. Die tipe oortredinge wat deur respondente gepleeg is, word aangedui in figuur 5.3.



n=10

Figuur 5.3: Tipe oortreding gepleeg deur respondent

Respondente was by die volgende tipes misdade betrokke: vyf (50%) diefstal; drie (30%) aanranding; een (10%) geldvervalsing; en een (10%) was in die onwettige besit van ammunisie. Soos bespreek in die literatuurstudie word daar onderskei tussen status- en jeugoortredings en al hierdie respondente is skuldig aan jeugoortredings (Bezuidenhout, 2003:24). Die respondente het egter verskillende misdade gepleeg en dit is duidelik dat geen van die respondente skuldig is aan halsmisdade soos moord of verkragting nie. Die bevindinge van hierdie studie sal dus nie van toepassing wees op geharde misdadigers nie maar eerste oortreders wat skuldig is aan die bogenoemde misdade.

5.3.1.4 Gesinstipe

Soos alreeds in die literatuurstudie bespreek is, word die jeugmisdadiger nie as die oorsaak van die probleem ondersoek nie, maar eerder die sisteme waarvan hy deel is (Compton & Galaway, 1999:28; Potgieter, 1998:54). Germain en Gitterman (1986:630) noem ook dat die bronne van wanaanpassing in `n gesinsisteem gewoonlik te doen het met die samestelling van die sisteem. Die gesinsamestelling van die jeugoortreder het dus `n belangrike invloed op sy lewe en om hierdie rede is respondente uitgevra oor hul gesinstipe en die resultate word in tabel 5.2 weergegee.

Tabel 5.2: Gesinstipe van respondente

Gesinstipe	Primêre versorgers		
	Beide ouers	Enkelouer	Voog(de)
Nuklêre	5		
Uitgebreide	1	1	1
Pleeg			1
Enkelouer		1	

n=10

Die primêre gesinstipes van respondente is as volg: Vyf uit nuklêre gesinne, drie uit uitgebreide gesinne, een uit `n pleeggesin en een uit `n enkelouergesin. Soos in die literatuurstudie (Zastrow, 2004:193) genoem is, kan die primêre versorgers in `n uitgebreide gesin beide ouers, `n enkelouer of voog(de) wees. Drie van die respondente is uit elkeen van hierdie tipes uitgebreide gesinne.

Die grootste hoeveelheid respondente woon dus saam met een of beide biologiese ouers en hierdie bevindinge is in teenstelling met die navorsing van Gottfredson en Hirschi (1990:103). Die laasgenoemde outeurs noem dat die syfers van familiedisintegrasie (gemeet aan die persentasie van enkelouergesinne en egskeidings), `n sterk aanduiding vir jeugmisdaad in `n spesifieke area is.

Goldenberg en Goldenberg (1998:28) noem egter dat gesinsfunksionering grootliks berus op die vermoë van die man en vrou om `n suksesvolle verhouding te hê. Daar bestaan dus die moontlikheid dat, alhoewel meer as die helfte van die respondente wel saam met hul ouers woon, die verhoudings tussen hierdie ouers wanfunksionerend kon wees. Dit is dus nodig om hierdie gesinsisteme van die respondente, wat struktureel in plek lyk, te ondersoek vanuit `n multi-dimensionele perspektief ten einde `n akkurate beskouing van die gesinne van respondente te doen. Derhalwe word daar gefokus op die mate waarin die ouers van die respondente hul ouerlike verantwoordelikhede teenoor hul kinders nagekom het.

5.3.2 Ouers van jeugoortreders

Kretzmann en McKnight (1993:13) noem dat individue die roumateriaal vir gemeenskapsbou is, maar dat jeugdiges in hul gesinne opgebou moet word om hul volle potensiaal te bereik. Die belangrikste rolspelers in hierdie ontwikkelingsproses is die ouers of voogde van `n kind, en die toekoms van `n kind word grootliks deur hierdie invloede bepaal. Om hierdie rede is respondente gevra om hul eie ervaringe van ouerskap in hul gesinne te beskryf. Die volgende areas rondom ouerskap is ondersoek: ouerlike verantwoordelikhede; rol van die vader en moeder; verhouding tussen ouers of voogde; ouers of voogde se betrokkenheid by misdaad; en ouerhouding teenoor die gereg en opleiding. Hierdie faktore kan dus almal `n invloed hê op die gesinservaringe en persepsies van manlike jeugoortreders.

5.3.2.1 Ouerlike verantwoordelikhede

Die respondente se persepsie van ouerlike verantwoordelikhede is `n goeie aanduiding van die tipe ouerskap waaraan hulle self blootgestel is. Hierdie inligting is ook noodsaaklik ten einde `n beskrywing van die gesinservaringe van jeugoortreders te kan gee. Derhalwe is respondente gevra om hul idee van ouerlike verantwoordelikhede weer te gee.

Die eerste tendens wat uit die response na vore kom, is `n verwagting vir die nakom van primêre ouerlike verantwoordelikhede, soos geïllustreer deur die volgende response:

- *"Sorg vir hulle… en kos en klere gee."*
- *"…op te pas en jou te voed."*
- *"…laat hulle kind elke dag in die skool is, vroeg in die huis… kerkstap."*

Die belangrikste verwagting wat respondente vanaf ouers of voogde koester is die voorsiening van basiese behoeftes (kos en klere). Byna al die respondente het egter ook na die toepassing van `n tipe beheer verwys, as `n ouerlike verantwoordelikheid. Hierdie respondente verwag om deur ouers of voogde geleer te word om tussen aanvaarbare en onaanvaarbae gedrag te onderskei en ook om toe te sien na die uitvoering van hierdie gedrag. Van die response ter illustrasie van hierdie tendens, is as volg:

- "*Om hulle kinders reg groot te maak. Respek leer… sodat hy nie verkeerde goed doen nie…"*
- *"… vir hulle maniere wys en nie nog baie drink en skel nie… dan sal ons ook so wees."*

In `n latere vraag oor die verantwoordelikhede van `n vader bevestig `n respondent ook die laasgenoemde tendens van beheer, deur die volgende respons: *"…hy praat saam met my… sê vir my wat is reg en wat is verkeerd."*

Vanuit die bogenoemde reaksies is dit duidelik dat die respondente verskillende persepsies van ouers of voogde het. `n Algemene tendens van die response is die verwagting vir primêre sorg, wat ooreenstem met die wettige omskrywing van die regte en verantwoordelikhede van ouers, soos bespreek in die vorige literatuurhoofstuk (Minister of Social Development, 2006). Respondente verwag ook om deur ouers geleer te word om tussen reg en verkeerd te onderskei. Die afleiding word gemaak dat die respondente se verwagtinge van ouerskap `n refleksie is van

die mate waarin hul eie ouers of voogde hul verantwoordelikhede teenoor die respondente nagekom het.

Indien die respondente se persepsie van ouerlike verantwoordelikhede vanuit `n multi-dimensionele perspektief beskou word, kan dit beskryf word as `n refleksie van die invloed van die verskillende vlakke van ekologie in hul lewens (Germain & Gitterman, 1986:628-631). Op die mikro- en mesovlakke is die respondente direk beïnvloed deur hul gesinne en gemeenskappe. Hierdie vlakke van funksionering het die formeel-operasionele denke van die respondente op so `n wyse beïnvloed dat hul nie daarin kan slaag om abstrakte denke te formuleer in terme van drome en aspirasies nie (Piaget in Ferns *et al.*, 2001:418). Weens die invloed van hul gesinne en gemeenskappe op hul kognitiewe redeneringsvermoëns kon die respondente dus nie daarin slaag om `n ander persepsie van ouerlike verantwoordelikhede te hê as dit waaraan hul blootgestel is nie. Ouerlike verantwoordelikhede kan egter van kulture verskil en daarom is respondente spesifiek gevra oor die mate waarin hul eie ouers of voogde hierdie **verantwoordelikhede teenoor hulle nagekom** het.

Sewe van die respondente het geantwoord dat hul ouers of voogde die genoemde verantwoordelikhede wel teenoor hul nagekom het, soos geïllustreer deur die volgende response:

- *"… hulle het my in die skool gesit, hulle het my grootgemaak… as ek vir hulle iets vra dan gee hulle dit vir my…"*
- *"… het baie saam met my gepraat van my onbeskoftigheid… dat ek moet los die drink en rook en so."*

Een het sy ouers se nakom van hulle ouerlike verantwoordelikhede gemotiveer met, "*ja, mar nie alles nie*…" en twee van die respondente was van mening dat hul ouers of voogde nie hul ouerlike verantwoordelikheid nagekom het nie. Een van die response ter toeligting was as volg:

- *"… ek het eers by die huis gebly maar toe gaan bly ek daar (ouma)... my ma hulle het gedrink daai tyd… nie aandag gekry nie en so…"*

Die meeste respondente voel dus dat hul ouers of voogde wel hul ouerlike verantwoordelikhede nagekom het. Vanuit die etnies-sensitiewe perspektief word voorgestel dat aangeleerde vorme van gedrag die kultuur van `n groep vorm en hierdie kultuur dikwels disfunksioneel is maar in stand gehou word deur die groep se vermoë om `n mate van ekwilibrium te behou (MacKintosh, 1998:119). Die respondente se persepsies oor hul ouers of voogde se nakom van hul verantwoordelikhede word moontlik beïnvloed deur die formeel-operasionele denke van die respondente soos beskryf deur Piaget (in Ferns *et al.*, 2001:418). Die gevolg hiervan is dus dat die jeugdiges nie die disfunksionerende patrone van hul geslote gesinsisteme kan raaksien en reg interpreteer nie en dus nie na alternatiewe moontlikhede vir ouerlike verantwoordelikhede kan aspireer nie (Lefrancois, 1999:324; Compton & Gallaway, 1999:29-30; Rodway, 1986:516). Die gesinservaringe en –persepsies van die respondente het dus hul kognitiewe vermoëns op so `n manier beïnvloed dat hul nie daarin kan slaag om die disfunksionerende patrone van hul gesinsisteme raak te sien en na alternatiewe vorme van ouerskap te aspireer nie.

Die jeugdiges se betrokkenheid by misdaad is `n verdere bewys dat die respondente se positiewe persepsies rakende die funksionering van hul versorgingsisteme (gesin) verwronge is, aangesien die invloed van die dominante sisteem (gemeenskap) nie afgeweer kon word nie (Zastrow, 2004:431). Die dominante sisteem het dus `n invloed op die respondente se gesinservaringe en –persepsies en dit word later volledig ondersoek.

5.3.2.2 Vaderfiguur

Daar is twee vrae aan respondente gevra met betrekking tot die vaderfigure in hul lewens. Eerstens is respondente spesifiek uitgevra oor die verhouding met hul

biologiese vaders en daarna oor hul idee van die rol en verantwoordelikhede van `n vaderfiguur. Hierdie response word derhalwe bespreek.

Vanuit die literatuurstudie is dit duidelik dat die biologiese vader `n groot rol in die ontwikkeling van `n manlike jeugdige speel (Pleck, 2004:41; Popenoe, 1996:9). Twee van die respondente se biologiese vaders is oorlede of hulle ken hul nie en daar is geen vaderfigure in hul lewens nie. Soos een van hierdie respondente opgemerk het:

- *"…ek het hom nie eintlik geken nie… ek het nie geweet hy is my pa soos ek opgegroei het nie."*

Die ander respondente het bevestig dat hul wel hul biologiese vaders ken, waaronder ses saam met hul vaders woon en die ander twee hul vaders ongereeld sien. Hierdie bevindings is in teenstelling met die navorsing van Popenoe (1996:9) wat noem dat 72% van jeugmisdadigers in die VSA uit vaderlose huise kom. Die eerste rede vir hierdie teenstrydige bevindinge is moontlik geleë in die verskillende kulturele kontekste van die studies. Tweedens ken die respondente in hierdie ondersoek hul vaders goed, maar die vaders kom nie noodwendig hul ouerlike pligte teenoor die jeugdiges na nie. Om hierdie bewering te ondersoek is respondente wat wel hul biologiese vaders ken, gevra om hierdie **verhouding te beskryf.**

Twee van die respondente noem dat hul goeie verhoudings met hul biologiese vaders het. Soos een van hierdie respondente opgemerk het:

- "*Ons praat alles saam mekaar… en hy`s altyd daar vir my."*

Die ander respondente het egter gemengde gevoelens oor die verhouding met hul biologiese vaders en hier volg van die kommentaar ter illustrasie daarvan:

- *"Ek en hy is oraait maar partykeer dan stry ons… ek wat mos nou so laat inkom, en ek luister nie, maar hy is oraait… hy speel saam met my en my broertjie en my sustertjie."*

- *"Ons verhouding is oraait… as hy my goeters vra dan doen ek dit, dis net somtyds dat `n man nie wil nie… soos doen gou daai of doen gou die of maak bietjie koffie of gaan gou winkel toe… dan moet `n man op en af wees, maar soms is ek bietjie lui."*

Hierdie respondente se verhouding met hul vaders is dus bevredigend. Net een van die respondente het prontuit sy slegte verhouding met sy vader as volg beskryf:

- *"My pa drink te veel en toe my ma doodgaan toe gan hy mos van die huis af weg en vat `n ander vrou waarvan ek nie hou nie…ek dink nie hy is lief vir my nie."*

`n Tendens wat sterk na vore kom is dat die respondente se evaluering van die verhouding met hul vaders sterk beïnvloed word deur die kommunikasie tussen hulle, soos geïllustreer deur die volgende response:

- *"Ons praat nie… net as ons nou altwee saam rugby kyk… dan praat ons nou heeltyd saam."*
- *"…as hy miskien huis toe kom en hy het `n doppie in of so, dan praat ek en hy lekker met mekaar..."*

Hierdie bevinding word ook later bevestig wanneer `n respondent op die vraag oor `n ideale vader antwoord dat: "*Hy (vader) moet baie saam met hom (seun) praat*." Hierdie tendens stem ooreen met literatuur wat noem dat seuns by hul vaders leer hoe om `n man te wees deur identifisering en nabootsing (Popenoe, 1996:142). Die ervaringe en persepsies van die respondente is dus beïnvloed deur die voorbeelde wat deur hul vaders aan hulle gestel is.

Gedurende die ontwikkelingsfase waarin die respondente is, moet hul self-identiteit gevestig word deur die ontdekking van wie hul werklik is (Meyer & Van Ede, 1998:53). Die vestiging van hierdie identiteit het te doen met die integrasie van rolle en indien `n jeugdige nie daarin kan slaag nie, is die resultaat wat Erikson (in

Keenan, 2002:23) noem identiteitsverwarring. Die jeudiges het egter bevestiging en ondersteuning vanaf hul vaders nodig om hul identiteite te vestig en indien hul nie hierdie bevestiging en ondersteuning ervaar nie sal rolonsekerheid intree (Keenan, 2002:22). Hierdie bevestiging en ondersteuning geskied deur beide verbale en nie-verbale gedrag wat vanaf `n vader na sy seun oorgedra word (Gray & Collett van Rooyen, 2002:197). Die ervaringe en persepsies van die respondente oor hul verhouding met hul vaders stem dus grootliks ooreen met die mate waarin hul kon slaag om hul self-identiteit te vestig deur bevestiging en ondersteuning vanaf hul vaders.

Respondente is volgende gevra oor hul **idee van vaderlike verantwoordelikhede** en die mate waarin hulle vaderfigure (biologies of voog) aan hul eie idee van vaderlike verantwoordelikhede voldoen. Hierdie vraag is gevra ten einde die invloed van die respondente se ervaringe van vaderskap op hul eie lewens te ondersoek.

Die helfte van die respondente se idee van vaderlike verantwoordelikhede het te doen met die voorsiening van basiese behoeftes. Hierdie respondente het ook almal genoem dat hul vaders wel in hierdie behoeftes voorsien het, soos belig deur die volgende reaksie van `n respondent:

- *"… jou op te pas en jou te voed… hy (vader) werk vir ons, doen alles vir ons… party aande dan slaap my ma nie in die huis nie dan sorg hy vir ons."*

Hierdie respondente se vaders voorsien dus in hul basiese behoeftes en dit is die enigste verwagting wat hul van `n vader het. Hierdie persepsie oor vaderskap toon ooreenstemming met die vroeëre bevindinge oor die nakom van ouerlike verantwoordelikhede. Vanuit die etnies-sensitiewe perspektief kan hierdie patroon van vaderskap as `n aangeleerde vorm van gedrag in die kultuur van die respondente beskou word wat in stand gehou word deur die groep se vermoë om hierdeur `n mate van ekwilibrium te behou (MacKintosh, 1998:119). Die jeugdiges se vlakke van formeel-operasionele denke stel hul ook nie in staat om die probleme van

vaderskap in hul kultuur te identifiseer en na alternatiewe maniere te strewe nie (Ferns *et al.*, 2001:418; Lefrancois, 1999:324). Hierdie afleidings word bevestig deur die volgende aanhaling van `n respondent:

- *"Soos my pa ook optree, so tree `n goeie pa op…"*

Die ander helfte van die respondente met vaders het gevoel dat hul vaders nie hul verantwoordelikhede teenoor hul seuns nagekom het nie. Die volgende antwoord gee `n opsomming van die algemene gevoel van hierdie respondente:

- *"Hy moet soos `n ander pa en sy kinders doen… gan speel miskien rugby en gaan kyk games, loop saam jou laaitie in die rondte, en skool toe en so… nie aanmekaar saam met sy vrinne wees nie. En hy moet omgee vir sy kinders ook en vir hulle wys hy`s lief vir hulle… en lekker pret hê met hulle, man… gaan speel in die parkie en so, fight en so."*

Hierdie respondente voel dat vaders emosionele- en sosiale aandag aan hul kinders moet gee en dat hulle eie vaders nie hierdie verantwoordelikhede teenoor hulle nagekom het nie, soos die volgende reaksie dit illustreer: "*Hy was daar vir my… soos in geld gee en so… maar hy het nie na my geluister nie."* Nadat `n ander respondent die primêre verantwoordelikhede ("…*kos en slaapplek…"*) van `n vader genoem het, het hy afgesluit met, "*…nee, my pa het niks van daardie goed gedoen nie."*

Hierdie respondente besef dus dat vaderlike verantwoordelikhede nie net die bevrediging van basiese behoeftes insluit nie maar ook emosionele- en sosiale leiding en ondersteuning. `n Ander respondent illustreer hierdie proses met die volgende respons:

- *"… en nie nog baie drink en skel nie… dan sal ons ook so wees."*

Hierdie bevindinge toon sterk ooreenkomste met literatuur (Clarke, 2002:127) wat noem dat seuns `n begeerte na liefde, affeksie en belangstelling het, veral vanaf die

vader. Jong seuns het dus `n behoefte na `n vaderfiguur wat emosioneel, sosiaal en in woord en daad `n voorbeeld kan stel wat nagevolg kan word.

Die navorsing van Popenoe (1996:142) gee `n akkurate verwoording van hierdie algemene tendens wat duidelik na vore kom: die “vaderwond”. Laasgenoemde outeur noem dat die vaderwond ontstaan wanneer seuns onbetrokke vaders het en die resultaat hiervan is jeugdiges met `n gevoel van teenstrydige manlikheid. Die vaderwond het `n invloed op die kognitiewe vermoëns (besluitneming en assessering) van `n jeugdige, soos bespreek in die literatuurstudie (Liese, 2003:164-165). Die funksionering van hierdie subsisteem (vader-seun) het ook `n invloed op die funksionering van die hele gesinsisteem (Garvin & Seabury in Hoffman & Sallee, 1994:54). Manlike jeugdiges het dus `n behoefte aan liefde en affeksie van hul vaders en dit blyk dat die meerderheid van die respondente nie hierdie bevestiging vanaf hul vaders gekry het nie. Die gesinservaringe en persepsies van respondente rakende die verhoudings met hul vaders is dus negatief beïnvloed deur hul eie blootstelling aan vaderskap.

5.3.2.3 Moederfiguur

Die respondente is uitgevra oor die moederfigure in hul lewens. Maree (2003:59) noem dat baie Suid-Afrikaanse huishoudings afwesige moeders het weens werksverpligtinge. Hierdeur gaan `n groot deel van die liefde en supervisie verlore wat jeugdiges vanaf `n moederfiguur behoort te kry en dit manifesteer dikwels in gedragsprobleme vanaf `n jong ouderdom (Maree, 2003:59). Om hierdie rede is ondersoek ingestel na die verhouding tussen respondente en hul moeders of vroulike voogde.

Die agt respondente wat wel saam met hul biologiese moeders woon of hul ken, is gevra om hierdie verhouding te beskryf. Die meeste respondente het die verhouding met hul moeders vergelyk met hul verhouding met hul vaders en dit as beter beskryf, soos belig met die volgende response:

- *"Ek en my ma is eintlik… is eintlik meer close… ek sal alles saam met haar praat… ja, ek en my ma is baie close."*
- *"Beter as met my pa s`n… ek kan alles praat met my ma… grappe maak en so en dan lag sy… of dan maak ek `n grap saam met my pa ook en net somtyds wat hy dit vat en somtyds dan vat hy dit nie… dan raak hy kwaad."*
- *"My verhouding is eintlik meer sterker met my ma, ek praat altyd saam met my ma… en my ma is by die huis elke dag…"*

Die twee respondente wat hul biologiese moeders op `n ongereelde basis sien, se verhouding met hul moeder word saamgevat met die volgende opmerking:

- *"…verhouding is oraait saam met my ma. As sy my iets vra dan doen ek dit vir haar…"*

Hierdie terugvoer dui daarop dat respondente `n beter verhouding met hul moeders as hul vaders het. `n Belangrike tendens is die verwysing na goeie kommunikasie en spontaniteit wat respondente met hul moeders geniet. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met literatuur (Burt in Hendrick, 2002:35) wat toon dat moeders meer betrokke is as vaders in die emosionele ontwikkeling van jeugdiges. Om hierdie bevinding te bevestig en na ander verwagtinge van moeders te kyk, is respondente gevra oor hul **idee van moederlike verantwoordelikhede.**

`n Duidelike tendens is die wye verskeidenheid verantwoordelikhede wat respondente aan moeders toeken, soos geïllustreer in die volgende reaksies:

- "*Sy moet vir hul kos gee, en klere en kyk dat hul skooltoe gaan… My ma het al hierdie goed vir my gedoen."*
- *"Sy moet liefde gee vir haar kinders en omsien na haar kinders."*
- *"Sy kyk na `n man… as daar miskien nie brood in die huis is nie dan gaan leen sy geld en so. Elke aand moet ons dan eet… of as daar nie geld is nie dan leen my ma by die werk of so dat ons elke aand kan eet. Maar my ma slat my ook nog somtyds…"*

Die bevindinge dui daarop dat die respondente se persepsie van moederlike verantwoordelikhede beide fisiese- en emosionele sorg insluit. Hierdie bevinding, tesame met die tendense oor vaderskap, dui daarop dat die vaders in die gesinne van die respondente nie hul vaderlike pligte nagekom het nie en dat dit deur die moeder ingeneem is. `n Rolverandering het dus plaasgevind en hierdie tendens is in ooreenstemming met die differensiasie in sisteme wat verwys na die ontwikkeling en verandering wat oor tyd in `n sisteem plaasvind. Hierdie tendens wys spesifiek na die beweging van `n ongedifferensieerde eenheid na gedifferensieerde dele (Rodway, 1986:518). In hierdie geval, `n rolverandering.

Net een van die respondente het gevoel dat sy moeder nie haar verantwoordelikhede nagekom het nie, soos geïllustreer deur sy respons: *"…my ma het dit gedoen… maar ook nie baie nie."* Die ander respondente het bevestig dat moederlike verantwoordelikhede teenoor hulle nagekom is deur hul moeders of vroulike voogde. Hierdie respondente was meestal vol lof vir hul moeders of vroulike voogde, soos die reaksie van hierdie respondent dit belig:

- *"Soos, my ma is vir my `n baie goeie ma, sy gee om vir my, en like sy doen alles… as daar probleme is, sy is altyd daar vir my… sy wys sy is lief vir my… en enige ding, skoolinskrywings, sy is daar. Vir my is my ma `n goeie ma…want ek wil eendag `n vrou soos sy hê. As my pa opstaan, sy koffie is daar… die huis is elke dag skoon… sy`s rêrig `n goeie vrou vir my, en ek wil so vrou hê eendag."*

Die meeste respondente bevestig dus dat hul moeders hul fisiese sowel as emosionele verantwoordelikhede teenoor hul nagekom het. Hierdie bevinding is in teenstelling met die navorsing van Maree (2003:59) wat beweer dat die moeders van jeugdiges met gedragsprobleme dikwels vêr van hul huise af werk en net naweke tuis is om hul moederrol te vervul. Die rede hiervoor is moontlik geleë in geografiese areas waarin die navorsing gedoen is.

Hierdie bevindinge oor die vervulling van moederlike verantwoordelikhede is ook in teenstelling met die bogenoemde bevindinge van vaderlike verantwoordelikhede. Respondente het meestal gevoel dat hul moeders goed geslaag het in die vervulling van hul verantwoordelikhede, die teendeel van hul gevoelens oor hul vaders. Die respondente se persepsies rondom hul vaders en moeders kan egter onderhewig wees aan hul eie vlakke van kognitiewe funksionering, soos beskryf deur Liese (2003:164-165). Die laasgenoemde outeur noem dat jeugdiges uit geslote gesinsisteme dikwels op `n lae vlak van sosio-morele redenering funksioneer. Hierdie redeneringsvlak word gekenmerk deur die beskerming van behoeftes van mense waarvoor die individu omgee, in hierdie geval hul moeders. Die afleiding kan dus gemaak word dat die respondente weens verskeie redes `n beter verhouding met hul moeders as hul vaders het en daarom die persepsie het dat hul moeders al hul verantwoordelikhede vervul het. Hierdie persepsie van die respondente is egter steeds `n bewys dat die moeders in `n groter mate as die vaders daarin geslaag het om hul ouerlike verantwoordelikhede teenoor respondente na te kom.

5.3.2.4 Verhouding tussen ouers

Nadat die verwagtinge en nakom van ouerlike verantwoordelikhede teenoor die respondente ondersoek is, is respondente gevra oor die verhouding tussen hul ouers of voogde. Vanuit die literatuurstudie in die vorige hoofstuk was dit duidelik dat die verhouding tussen ouers of voogde `n invloed op die funksionering van kinders het (Maree, 2003:74). Dit is dus belangrik om vas te stel hoe die verhouding tussen die ouers van respondente is, indien hul wel ouers het.

Die helfte van die respondente met ouers is van mening dat hul ouers wel `n goeie verhouding met mekaar het. Respondente kon egter nie werklik verduidelik waarom hul die verhouding tussen hul ouers as goed bestempel nie. Die respondente wat wel redes kon gee, het dit as volg verduidelik:

- *"Ek dink hulle is lief vir mekaar, as hulle nie lief vir mekaar gewees het nie, hoekom is ons hier... en hoekom het hulle getrou... hulle soen mekaar... en hulle praat lekker as hulle gaan slaap, kyk TV saam en so, ry uit beach toe of so."*
- *"...want hulle kon al lankal uitmekaar uit gewees het, want daar was baie struikelblokke in hulle pad... hulle het baie gestry met mekaar... maar hulle was lief vir mekaar, hulle het gehou by mekaar, hulle het survive."*

Hieruit blyk dit dat die respondente se persepsies van die verhouding tussen hul ouers gebaseer is op die feit dat hul ouers steeds saam is. Vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief slaag die ouer-subsisteem van die respondente moontlik daarin om homeostase te bereik (Compton & Gallaway, 1999:31). Hierdie balans is egter dikwels disfunksioneel. Die respondente het dus moontlik verwronge persepsies van die verhouding tussen hul ouers en hierdie persepsies word beïnvloed deur hul vlak van formeel-operasionele denke (Piaget in Ferns *et al.*, 2001:418). Indien hul op `n lae vlak van formeel-operasionele denke funksioneer is hierdie ervaringe van die respondente oor die verhouding tussen hul ouers nie `n akkurate refleksie van die werklike situasie nie. Hierdie afleiding oor die verhoudings tussen die ouers van respondente word bevestig deur die volgende reaksie van `n respondent, wat onseker was oor die verhouding tussen sy ouers:

- "*Ek weet rêrig nie... maar hulle het nie bymekaar gebly nie."*

Die ander helfte van die respondente met ouers het prontuit verklaar dat hul ouers nie `n goeie verhouding het nie, soos geïllustreer deur die volgende response:

- *"Lyk nie so nie... hulle stry en skel altyd."*
- *"Hulle was nie lief vir mekaar nie... my pa het my ma geslaan as hy dronk was."*

Ontrouheid en misbruik vanaf `n eggenoot kom ook voor by beide ouers, soos die volgende kommentaar dit belig:

- *"... maar sy bly verkeerd om uit die huis uit te slaap... vat sy al my pa se geld en drink dit alles uit."*
- *"... my ma ja... maar nie eintlik my pa nie. Somtyds dan slaap hy sommer met `n ander vrou, jy hoor die stories mos so aan wat die mense vertel."*

Hierdie respondente het dus negatiewe ervaringe en persepsies van die verhouding tussen hul ouers. Vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief verwag die beginsel van holisme dat elke fenomeen as deel van `n groter geheel gesien moet word en net verstaan kan word in verwysing tot die ander dele van die groter sisteem (Ife, 1995:43- 49). Die respondente se negatiewe persepsies van die verhoudings tussen hul ouers is dus beïnvloed deur die funksionering van die ouer-subsisteem. Hierdie negatiewe ervaringe en persepsies van die respondente oor die verhouding tussen hul ouers het moontlik `n negatiewe effek op die funksionering van die hele gesinsisteem gehad (Garvin & Seabury in Hoffman & Sallee, 1994:54).

Die verhoudings tussen die ouers van respondente blyk dus onstabiel te wees. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met `n studie wat in KwaZulu-Natal gedoen is en getoon het dat jeugdiges wat met die gereg bots afkomstig is uit gesinne wat verhoudingsprobleme het (Maree, 2003:74). Die gesinservaringe en –persepsies van die respondente oor die verhoudings tussen hul ouers kan dus multi-dimensioneel beskou word om `n meer akkurate aanduiding van die funksionering van die ouer-subsisteem te kry.

5.3.2.5 Betrokkenheid van ouers by misdaad

Soos aangedui in die literatuurstudie, het die betrokkenheid van ouers by misdaad `n invloed op kinders se misdaadpleging (Muncie, 1999:25). Om die voorkoms en invloed hiervan in die lewe van respondente te bepaal is hul gevra oor die betrokkenheid van hul ouers of voogde by misdaad.

Meer as die helfte van die respondente se ouers was al betrokke by misdaad. Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met Muncie (1999:25) se bewering dat kriminele gedrag van ouers na kinders oorgedra word: "*crime runs in the family*". Behalwe vir een, is al hierdie kriminele ouers vaders. Hierdie bevinding kan in verband gebring word met die respondente se terugvoer oor die onbevredigende nakom van verantwoordelikhede deur hul vaders. Die tendens word ook deur Maree (2003:59) bevestig, aangesien hy beweer dat die groot manlike tronkpopulasie van Suid-Afrika beteken dat baie jeugdiges vaderloos is. Hierdie kombinasie van `n afwesige vader wat boonop `n misdadiger is, kan vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief `n negatiewe invloed op ander lede van `n gesinsisteem hê weens die wederkerige interaksie tussen persone en hul omgewing (Germain & Gitterman, 1986:619).

Ten einde die invloed van `n kriminele ouer op die houding van `n kind te bepaal, is respondente gevra oor hul **gevoelens rakende hul ouers se betrokkenheid by misdaad**. Een respondent het sy onvoorwaardelike liefde vir sy pa bevestig met:

- *"Ek sal huil… baie hartseer wees as dit weer moet gebeur."*

`n Ander respondent was egter nie veel gepla oor sy vader se kriminele agtergrond nie, soos geïllustreer met sy respons:

- *"… maar ek worry nie daaroor nie."*

En `n ander respondent het die kriminele gedrag van sy vader veroordeel en dit beskou as die versuiming van sy vaderlike pligte, soos belig met die volgende reaksie:

- *"Hy moet respek hê vir sy kinders… hy moenie so vloek voor hulle nie…. nie steel of baklei voor hulle nie."*

Die respondente se uiteenlopende reaksies op hul ouers se betrokkenheid by misdaad word ondersteun deur die navorsing van Farrington *et al.* (in Muncie, 1999:25). Hierdie outeurs noem dat die negatiewe invloed van`n kriminele ouer die

grootste impak maak terwyl die kind jonger as tien jaar oud is. Die ouderdom van die respondente ten tyde van die misdaadpleging van ouers is nie vasgestel nie en dit kan `n moontlike rede vir die respondente se uiteenlopende gevoelens wees.

Vanuit die etnies-sensitiewe perspektief is die persepsies van die respondente oor hul ouers se betrokkenheid by misdaad waarskynlik beïnvloed deur die kulturele groepe waarvan hul deel is. Weens die voorkoms daarvan, word misdaad byvoorbeeld as algemeen aanvaar in sekere kulture en gemeenskappe en daarom is die respondente nie veel gepla oor hul ouers of voogde se betrokkenheid by misdaad nie (Sturgeon, 1998:35). Die gesinservaringe en persepsies van die respondente oor die betrokkenheid van hul ouers by misdaad word dus beïnvloed deur die kultuur waarvan hul deel is.

5.3.2.6 Ouerhouding teenoor die gereg en opleiding

In `n studie wat Foster (in Muncie, 1999:25) in London gedoen het, is bevind dat ouers se houding teenoor misdaad en skoolopleiding oorgedra word na die kinders in die gesin. Om hierdie rede is respondente gevra oor hul ouers of voogde se houding teenoor die respondente se betrokkenheid by misdaad en die noodsaaklikheid van skoolopleiding.

Eerstens is gefokus op die **respondente se betrokkenheid by misdaad** en al die respondente het genoem dat hul ouers of voogde hul kriminele gedrag veroordeel, soos opgesom deur die volgende reaksies:

- *“My pa is meestal op die dinge… hy sal altyd vir my sê, ‘jy weet jy is nou 17 jaar oud, jy is nou reg om Pollsmor (tronk) toe te gaan… moenie verkeerde goed doen op straat nie’.”*
- *“My pa… hy sê ons mag nie daai goed doen nie. Soos ons is mos nog te jonk om te rook en te drink, en hy wil ook nie hê ons moet daai doen nie.”*

Die kriminele gedrag van die respondente dra dus nie die goedkeuring van hul ouers of voogde weg nie. Hierdie opponerende houding van die ouers of voogde het egter nie `n invloed gehad op die gedrag van die respondente nie, aangesien hul wel by misdaad betrokke geraak het. Hierdie bevinding is in teenstelling met die literatuur wat noem dat ouers of voogde se houding teenoor misdaad na hul kinders oorgedra word (Muncie, 1999:25). Vanuit `n multi-dimensionele perspektief word hierdie ervaringe en persepsies van die respondente as volg beskryf.

Die respondente se persepsies van hul ouers se houding teenoor misdaad is moontlik verwronge weens die teenstrydighede in hul persoonlike waardestelsels. Die kognitiewe redeneringsvlakke van `n individu beïnvloed die ontwikkeling van `n persoonlike waardestelsel en Ferns *et al.* (2001:464) bestempel dit as een van die belangrikste ontwikkelingstake van die jeugdige. Die persoonlike waardestelsel verskaf riglyne aan die individu vir algemene gedrag en hierdie waardestelsel word opgemaak uit waardes wat gewoonlik deur sosialisering by ouers gekry word. Respondente se waardestelsels kan dus verwronge wees aangesien die helfte van die ouers van respondente self by misdaad betrokke was en misdadige gedrag dus gemodelleer is. Die afleiding word gemaak dat die respondente se ouers se houding teenoor misdaad geen invloed op hul gedrag gehad het nie weens die vorming van teenstrydige persoonlike waardestelsels.

Respondente is ook gevra oor hul **ouers of voogde se houding teenoor skoolopleiding** en die meeste respondente se ouers of voogde motiveer hul kinders om hul skoolopleiding te voltooi, soos geïllustreer deur die volgende respons:

- *"…my pa sê daai, hy glo nie aan `n ding van jy moet by die huis sit nie... ek kan nie vir hom gaan sê ek smaak nie meer skoolgaan nie, ek moet klaarmaak."*

Net een respondent noem egter met die volgende respons dat sy ouers of voogde nie werklik omgegee het of hy skool bywoon nie:

- *"Hulle het dit nou eerste besef (na hy skool verlaat het)... die ander tyd dan was daar nie skoolgeld... dan het my ma al die geld uitgedrink."*

Die positiewe houding van ouers teenoor skoolopleiding is ook duidelik in die respondente se relatiewe goeie skoolbywoning, aangesien net een `n vroeë skoolverlater is. Hierdie is `n gesinsterkte soos beskryf deur Saleebey (2002:84). Die laasgenoemde outeur noem dat `n positiewe houding vanaf ouers `n jeugdige kan oorreed en inspireer om die kulturele erflating van hardwerkendheid en ondernemingsgees self voort te sit. Maar soos in die vorige bevinding gesien is, sal hierdie gedrag van hardwerkendheid en ondernemingsgees gemodelleer moet word deur ouers ten einde `n blywende invloed op hul kinders se lewens te hê. Die afleiding word gemaak dat die respondente se gesinservaringe en persepsies oor hul ouers of voogde se houding teenoor skoolopleiding `n positiewe invloed op hul eie skoolbywoning het.

5.3.3 Gesinsfunksionering

Ondersoek is ingestel na die gesinsfunksionering van die gesinne van die respondente. Vanuit die literatuurstudie was dit duidelik dat gesinsfunksionering grootliks deur die ouersisteem bepaal word (Maree, 2003:74). Nadat die ervaringe en persepsies van respondente oor hul ouers verkry is, is daar gefokus op spesifieke ouerskapsvaardighede wat toegepas is in die gesinsisteme van die respondente. Die aanwesigheid en invloed van bloedverwante op die funksionering van die gesin is ook ondersoek.

5.3.3.1 Ouerskapsvaardighede

Fraser (1996) en Maree (2003:60) noem dat die supervisie, ondersteuning en dissipline wat deur ouers toegepas word `n invloed het op die sosiale- en kognitiewe funksionering van jeugdiges. Ten einde te bepaal watter tipe ouerskapsvaardighede die respondente aan blootgestel is in hul gesinne, is hul gevra oor die **supervisie, ondersteuning en dissipline** wat vanaf ouers of voogde ontvang is.

Die respondente is eerstens gevra oor die **supervisie en ondersteuning** wat hul vanaf ouers of voogde ontvang het. Byna al die respondente bevestig dat hul goeie ondersteuning en raad vanaf ouers of voogde ontvang het, soos geïllustreer deur die volgende respons:

- *"Altyd, maar ek hardloop net na my ma toe… en dan sê my ma my pa."*

Hierdie respons is nog `n bevestiging van die vorige bevinding dat respondente nie `n oop en spontane verhouding met hul vaders het nie. Net een van die respondente verklaar met die volgende respons dat hy geen ondersteuning of supervisie vanaf sy ouers ontvang het nie:

- *"…my ma hulle het gedrink daai tyd… nie aandag gekry nie en so… ek was nog klein gewees."*

Hierdie ondersteuning wat respondente vanaf hul ouers of voogde ontvang het, is `n gesinsterkte wat respondente deur moeilike tye kan dra (Saleebey, 2002:84). Hierdie bevindinge is egter in teenstelling met die literatuur (Maree, 2003:60) in die vorige hoofstuk van hierdie studie, waarin genoem is dat jeugoortreders dikwels uit gesinne kom waar swak ouersupervisie en ondersteuning ontvang is. Dit is daarom nodig om na hierdie bevindinge te kyk vanuit `n multi-dimensionele perspektief, aangesien dit die respondente se waarheid is en nie saamstem met huidige tendense in die samelewing nie (O`Connor, 2006:1).

Vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief funksioneer die gesinsisteme van die respondente moontlik as geslote sisteme wat daarin slaag om ekwilibrium te bereik (Rodway, 1986:517). Hierdie balans is egter dikwels disfunksioneel. So sal die gesin van `n jeugoortreder, wat baie aggressief is, byvoorbeeld nie sy dwelmprobleem aanspreek nie in `n poging om ekwilibrium in die sisteem te behou. Hierdie tipe optrede vanaf `n ouer of voog kan deur die respondente beskou word as goeie supervisie en ondersteuning, aangesien ekwilibrium behou word in die

gesinsisteem. In teendeel word daar egter swak ouerskapsvaardighede hierdeur oorgedra, maar die respondente se positiewe ervaring daarvan beïnvloed hul spesifieke persepsies rondom supervisie en ondersteuning.

Respondente is volgende gevra oor die toepassing van **dissipline** deur hul ouers of voogde. Spesifieke teorieë, soos bespreek in die literatuurstudie (Joubert, 2003:81,82), noem dat dissipline deur ouers die mees effektiewe voorkomingsmaatreël vir jeugmisdaad is. Om hierdie rede is daar ondersoek ingestel na die dissipline waaraan respondente blootgestel is.

Al die respondente het `n vorm van dissipline vanaf hulle ouers of voogde ontvang. Die helfte van die respondente se ouers of voogde het hulle net lyfstraf gegee, soos een respondent dit beskryf:

- *"…my pa sê hy glo daaraan… die boompie moet gebuig word terwyl hy jonk is. As jy nou nonsens aanvang dan slat hy vir jou..."*

Die ander helfte van die respondente het verskillende tipes straf ervaar en die volgende respons gee `n samevatting daarvan:

- *"…partykeers is dit pak kry… of hulle sê ek moet in my kamer bly dan mag ek nie uitkom of so nie."*

Twee van hierdie respondente is egter relatief selde gedissiplineer, soos een respondent dit beskryf:

- *"… my pa, hy het my eenkeer geslaan… maar my ma, ek is al gewoond man, sy gooi my altyd met `n skoen of so… maar daai is niks."*

Hierdie bevindinge toon dus dat die meerderheid respondente gedissiplineer is deur hul ouers of voogde. Vanuit die sterkte perspektief is die toepassing van regverdige dissipline `n gesinsterkte (Saleebey, 2002:84). Die respondente se ervaringe

daarvan blyk egter dat dit nie `n positiewe invloed op hul lewens gehad het nie, soos belig deur die volgende respons:

- *"… as hulle vir my sê bly binne, jump ek maar net deur die venster want ek glo nie jy moet gehok word nie… hulle hok my aanmekaar maar ek glo nie daaraan nie."*

Alhoewel al die respondente aan `n vorm van dissipline blootgestel is, het hul steeds by misdaad betrokke geraak. Farrington (2002:426) noem dat die ouers van jeugoortreders ongevoelige en wisselvallige dissipline op hul kinders toepas. Die moontlikheid bestaan dus dat die dissipline wat deur die ouers of voogde van respondente toegepas is, van die bogenoemde eienskappe bevat het. Die ervaringe en persepsies van die respondente oor dissiplinering in hul gesinne word derhalwe vanuit `n multi-dimensionele perspektief beskryf.

Vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief is die bogenoemde ervaringe van respondente oor die toepassing van dissipline deur hul ouers of voogde `n moontlike aanduiding van entropie in `n geslote gesinsisteem (Rodway, 1986:517). Die respondente se persepsies van dissipline is dus gevorm deur die dissipline waaraan hul blootgestel is. Die ervaringe van die respondente oor die toepassing van dissipline is dat hul ouers of voogde baie streng was en daar is geen invloede van buite ingelaat nie. Hierdie ervaringe van die respondente het `n invloed gehad op die kognitiewe redeneringsvlakke van hierdie jeugdiges wat aanleiding gee tot die ontwikkeling van `n persoonlike waardestelsel. Ferns *et al.* (2001:464) bestempel die ontwikkeling van `n persoonlike waardestelsel as een van die belangrikste ontwikkelingstake van die jeugdige. Die respondente se ervaringe en persepsies van die dissipline waaraan hul blootgestel is, is dus beïnvloed deur hul persoonlike waardestelsels wat opgemaak is deur waardes wat deur sosialisering vanaf hul ouers of voogde ontvang is. Die respondente het dus `n vorm van dissipline vanaf hul ouers of voogde ontvang, maar hul persepsies daarvan weerspieël dat dit nie `n positiewe invloed op hul gehad het nie.

5.3.3.2 Bloedverwante

Vanuit die literatuur is dit duidelik dat die teenwoordigheid van misdadiger bloedverwante `n negatiewe invloed op ander kinders in die gesin het (Maree, 2003:60; Browne *et al.*, 2002:10). Om hierdie rede is ondersoek ingestel na die teenwoordigheid van misdadiger bloedverwante in die gesinne van respondente.

Byna die helfte van die respondente het misdadiger bloedverwante in terme van broers en dit blyk dat hul nie werklik besorg is oor hul broers se betrokkenheid by misdaad nie, soos belig met die volgende response:

- *"My broer, hy was al paar keer by NICRO… dis nie so erg nie."*
- *"…dit hang mos nou af of hy dit gedoen het. Maar as hy dit gedoen het dan is dit mos sy eie ding… ek kan mos nou niks dink of sê vir hom nie."*

`n Ander respondent met `n misdadiger broer het dit egter as `n les vir homself beskou, soos geïllustreer deur sy reaksie:

- *"… hy (broer) skryf mos briewe en dan sê hy vir my, daai is nie `n lekker plek (tronk) nie…. Ek moet die goete los waarmee ek deurmekaar is."*

Hierdie persepsie van die respondent kan as `n gesinsterkte beskou word aangesien die respondent `n les kan leer uit sy broer se foute (Saleebey, 2002:1). Dit is egter belangrik dat hierdie sterkte gemobiliseer en aangewend word deur die gesinsisteem om bloedverwante te weerhou van betrokkenheid by misdaad.

Nog `n belangrike bevinding is dat daar drie pare broers in elkeen van die drie NICRO-groepe was waarby die navorser betrokke was tydens die tydperk van die studie. Elkeen van hierdie pare broers was betrokke by dieselfde misdaad en erken dat hulle `n direkte invloed op mekaar gehad het. Daar kan dus met sekerheid gesê word dat die teenwoordigheid van bloedverwante in `n gesin `n invloed op die ander kinders het. Hierdie bevindinge stem ooreen met Browne *et al.* (2002:10) wat beweer

dat die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad uit dieselfde gesinne toegeskryf kan word aan die blootstelling aan byna identiese ondervindinge van ouerskap. Die dominante- en versorgingsisteme is dus ooreenstemmend en identiese gedrag is byna onafwendbaar weens die spesifieke sosiale sisteme waarin bloedverwante verkeer (Zastrow, 2004:431).

5.3.4 Sosio-ekonomiese funksionering

Daar is gepoog om te bepaal wat die sosio-ekonomiese funksionering van die gesinne van die respondente is. Soos bespreek in die literatuurstudie, is sosiale- en ekonomiese ontwikkeling interafhanklik van mekaar (Ministry for Welfare and Population Development, 1997). Brueggemann (1996:110) noem ook dat stres wat veroorsaak word deur onvoldoende interne- en eksterne bronne die aanpassingsvermoë van `n sosiale sisteem beïnvloed. Voorbeelde van sulke negatiewe gemeenskapstressors is werkloosheid en armoede en dit kan byvoorbeeld die ekonomiese rede wees waarom `n kind aanvanklik by misdaad betrokke raak. Respondente is gevra oor die moontlike invloed van hierdie twee (werk en ekonomiese posisie) stressors op hul gesinsisteme.

Pectora roborant cultus recti

5.3.4.1 Werk

Soos aangedui in die literatuurstudie (Onwudiwe, 2004:156), is die gesin ook die eerste plek waar kinders blootgestel word aan die voordele van opleiding en `n goeie werksetiek. Dus sal kinders wat geen voorbeeld van werkende ouers het nie, ook selde self gemotiveerd wees vir opleiding en werk. Om hierdie rede is daar gefokus op die ouers of voogde van die respondente se werksposisie.

In byna die helfte van die gesinne werk beide ouers of voogde en in die ander gesinne is daar ten minste een ouer of voog wat werk. Daar is net twee gesinne waar geen ouer of voog werk nie. Byna al die vaders werk ook en daar word dus `n voorbeeld in terme van werk vir respondente gestel.

Bogenoemde bevinding is `n positiewe en `n sterkpunt vir die gesinsisteme van die respondente, aangesien hardwerkende ouers of voogde die respondente sal inspireer om die moontlike kulturele erflating van hardwerkendheid en ondernemingsgees self voort te sit (Saleebey, 2002:84). Maar soos in die bevinding van misdadiger ouers gesien is, sal hierdie gedrag van hardwerkendheid en ondernemingsgees gemodelleer moet word deur ouers ten einde `n werklike impak op hul kinders se lewens te hê. Die respondente is almal egter nog skoolgaande en daarom kan die invloed van die ouers of voogde se werksetiek op die respondente se lewens nog nie werklik bepaal word nie.

Verder is die menings van respondente ook gevra oor die **noodsaaklikheid van werk en waarom `n persoon moet werk of nie hoef te werk nie**. Eerstens is respondente gevra oor die noodsaaklikheid van werk en almal het oortuigend geantwoord dat alle mense moet werk. Die respondente is verder gevra waarom hul werk as noodsaaklik beskou en byna almal se rede waarom werk belangrik is, het te doen gehad met die vervulling van basiese behoeftes (kos en verblyf), soos belig met die volgende response:

- *"Om vir jou te sorg… jou gesin… en om te kan survive."*
- *"… vir `n man is dit nodig om te werk, hy moet mos kyk na sy gesin, sy vrou en sy kinders, hy moet mos sorg dat hulle `n dak oor die kop het en dat hulle kan elke aand eet."*
- *"In vandag se lewe moet jy werk… as jy nie werk gaan jy vergaan in die lewe. Jy moet werk, jy moet kyk na jou kinders as jy kinders het, en al het jy nie kinders nie moet jy nog altyd werk want jy moet na jouself kyk ook."*

Hierdie respondente glo dit is belangrik om te werk sodat die basiese behoeftes van individue of gesinne bevredig kan word. Die respondente verwys ook deurlopend na die sorg van `n familie en kinders. Die respondente se algemene motivering vir werk is dus oorlewing. Hierdie tendens hou waarskynlik verband met die ekonomiese

posisie van die gesinne waaruit die respondente kom, maar hierdie afleiding word later verder ondersoek.

Indien die respondente se persepsie van werk vanuit `n multi-dimensionele perspektief beskou word, kan dit beskryf word as `n refleksie van die invloed van die verskillende vlakke van ekologie in hul lewens (Germain & Gitterman, 1986:628-631). Op die mikro- en mesovlakke is die respondente direk beïnvloed deur hul gesinne en gemeenskappe. Hierdie vlakke van funksionering het die formeel-operasionele denke van die respondente op so `n wyse beïnvloed dat hul nie daarin kan slaag om abstrakte denke te formuleer in terme van drome en `n toekomsvisie nie (Piaget in Ferns *et al.*, 2001:418). Om hierdie rede word werk deur die respondente beskou as `n funksie wat net vervul word ten einde in basiese behoeftes te voorsien.

Vanuit die etnies-sensitiewe perspektief word die invloed van onderdrukking en diskriminasie steeds gesien in sekere gemeenskappe en dra dit by tot die probleme in hierdie sisteme (Sheafor *et al.*, 2000:94). Die respondente is waarskynlik grootgemaak deur ouers of voogde waarteen gediskrimineer is en die ouers of voogde se vlakke van formeel-operasionele denke is ook oorgedra na die jeugdiges (Bezuidenhout, 2003:4,5). Die respondente se ervaringe en -persepsies van werk is dus beperk tot die invloed van hul ouers en gemeenskappe: werk word dus bloot as oorlewingsfunksie beskou, sonder enige addisionele insentief soos die uitlewing van ambisie.

5.3.4.2 Ekonomiese posisie van gesin

Vanuit die literatuurstudie (Onwudiwe, 2004:155) was dit duidelik dat die ekonomiese posisie van `n gesin `n invloed op die funksionering van `n individu het. Joubert (2003:87) noem dat daar baie arm jeugdiges betrokke is by misdaad in Suid-Afrika weens die ekonomiese posisie van hul gesinne. Om hierdie rede is respondente gevra om vanuit hul eie perspektief die ekonomiese posisie van hul gesinne en die invloed daarvan op hul betrokkenheid by misdaad te beskryf.

Respondente is gevra om hul **gesin se ekonomiese posisie** te klassifiseer as ryk, gemiddeld of arm. Sewe van die respondente beskou hul gesinne as gemiddeld, terwyl die ander drie van mening is dat hul gesinne arm is. Respondente doen hierdie klassifikasie op grond van die vermoë van hul gesin om basiese behoeftes te bevredig. Dit word bevestig met die volgende response deur die respondente wat hul gesinne as arm beskou:

- *"Daar`s nooit kos in die huis nie… (bars uit in trane)"*
- *"Somtyds is daar kos… somtyds is daar nie."*

Daar is dus nie in die basiese behoeftes van hierdie respondente voorsien nie en hul betrokkenheid by misdaad was waarskynlik beïnvloed deur die ekonomiese posisie van hul gesinsisteme. Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met die navorsing van Kirst-Ashman (2007:470) wat noem dat twee derdes van alle gevangenes in die VSA uit arm- en werkersklas agtergronde kom. Daar is egter geen spesifieke kriteria waarvolgens hierdie bepalings van die ekonomiese posisie van die gesinne van respondente gedoen is nie en daarom is respondente gevra om self die **invloed** hiervan op **hul betrokkenheid by misdaad** te verduidelik.

Pectora roborant cultus recti

Die helfte van die deelnemers is oortuig dat hul gesinne se finansiële posisie geen invloed op hul betrokkenheid by misdaad gehad het nie. Die ander helfte glo dat hul gesinne se ekonomiese posisie een van verskeie invloede op hul betrokkenheid by misdaad is, soos geïllustreer deur die volgende aanhalings:

- *"… ek het geweet daardie dag (dag van diefstal), toe het ek geweet my ma gaan nie die ding vir my koop nie… en toe so lat ek nou daai ding gevat het."*
- *"Dis amper so man, ek kan mos nie elke keer op my ma hulle staatmaak as ek geld wil hê nie…"*

Die persepsies van die respondente oor die invloed van hul gesinne se ekonomiese posisie op hul betrokkenheid by misdaad word beïnvloed deur hul vlakke van

kognitiewe funksionering. Indien die respondente op `n lae vlak van sosio-morele redenering funksioneer, sal hul poog om hul eie gesinne so goed as moontlik te laat lyk en enige negatiewe invloed van hierdie sisteem ontken (Liese, 2003:164-165). Vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief word daar gefokus op die persoon en sy omgewing en die transaksies wat hierin plaasvind (Germain & Gitterman, 1986:619; Payne, 2005:150). Die ekonomiese posisie van die gesinne van respondente moet dus `n definitiewe invloed op hul funksionering hê. Die afleiding word gemaak dat die ervaringe en persepsies van die respondente oor die invloed van hul gesinne se ekonomiese posisies op hul betrokkenheid by misdaad verwronge is en dat daar `n korrelasie tussen ekonomiese posisie van `n gesin en misdaad kan wees.

5.3.4.3 Mishandeling in gesin

Johnson en Schwartz (1994:258) beskryf `n stremming soos armoede as `n bydraende faktor vir fisiese-, seksuele- en emosionele mishandeling in gesinne. Om hierdie rede is respondente gevra oor enige vorme van mishandeling in hul gesinne. Sewe respondente het geen vorm van mishandeling in hul gesinne ervaar nie en drie het wel. Die response van hierdie deelnemers word vervolgens weergegee:

- *"My pa het my geslat as hy dronk was… met die vuis in die gesig."*
- *"Ek is gedif (met die kop geslaan)… my pa het my so geslaan."*
- *"My oupa (voog) het my geslaan… een keer gesteek met die mes…"*

Hierdie bevindinge van blootstelling aan mishandeling is baie minder as die navorsing waarna verwys is in die literatuurstudie (Maree, 2003:61), wat noem dat 68% van manlike gevangenes in Suid-Afrikaanse tronke aan `n vorm van mishandeling blootgestel is as kinders. Die rede hiervoor kan moontlik gevind word in die navorsing van Browne *et al.* (2002:17) wat noem dat die effek van mishandeling op `n jeugdige bepaal word deur die aanwesigheid van ander risiko faktore in die gesinsisteem. Vanuit die vorige bevindings in hierdie ondersoek is dit egter duidelik dat daar wel verskeie risiko faktore vir die betrokkenheid by misdaad in die gesinne

van die respondente voorkom. Om hierdie rede kan die respondente se ervaringe oor mishandeling in hul gesinne moontlik verwronge wees en daarom word dit vanuit `n multi-dimensionele perspektief beskou.

Vanuit die etnies-sensitiewe perspektief kan die ervaringe van die respondente oor die voorkoms van mishandeling in hul gesinne gekoppel word aan hul kultuur. Sturgeon (1998:35) noem dat daar dikwels `n relatiewe waarde aan spesifieke gedrag in verskillende kulture gekoppel word en in hierdie geval funksioneer die gesinsisteme van respondente moontlik in gemeenskappe waar gesinsgeweld algemeen voorkom (Maree, 2003:61). Die gevolg hiervan is dat respondente sekere vorme van geweld nie as mishandeling ervaar nie. Die respondente se response kan ook beskou word as `n aanduiding van entropie in `n geslote gesinsisteem (Rodway, 1986:517). Hierdie entropie lei tot `n lae vlak van sosio-morele redenering waarin die jeugdiges ten alle koste hul gesinne beskerm teen enige bedreigings (Liese, 2003:164-165). Die moontlikheid bestaan dus dat daar meer mishandeling in die gesinne van die respondente voorgekom het, maar hul ontkenning daarvan is `n refleksie van hul kognitiewe redeneringsvlakke waarin hul poog om die belange van hul gesinne en kulture te beskerm. Die gesinservaringe en –persepsies van die respondente oor die voorkoms van mishandeling in hul gesinne is dus beïnvloed deur die kultuur waarin hul gesinne en gemeenskappe funksioneer.

5.3.4.4 Aard van behuising

Daar is inligting oor die behuising van respondente gekry, aangesien armoede dikwels lei tot swak behuising en Maree (2003:59) noem dat oorbevolkte huislike omstandighede `n teken van lae sosio-ekonomiese status is. Soos in die vorige hoofstuk verduidelik, lei oorbevolkte behuising tot geen privaatheid, irritasie met mekaar en jeugdiges wat in die buurte ronddwaal en selfs hul huise verlaat (Clarke, 2002:127). Om hierdie rede is dit belangrik om die huislike omstandighede van respondente te ondersoek.

Daar is gefokus op die tipe huise waarin respondente woon en die hoeveelheid mense wat daarin saamwoon. Die helfte van die respondente woon in baksteenhuise en die ander respondente woon in woonstelle of houthuise (“wendy”/“bungalow”) wat hul as oorbevolk beskryf.

Respondente is spesifiek gevra hoeveel mense in hierdie huise saamwoon, aangesien die hoeveelheid mense wat saamwoon in `n huis `n invloed het op die funksionering van `n gesinsisteem (Clarke, 2002:127). Die gemiddeld is bereken op ses mense in `n huis met `n maksimum van nege en minimum van vier mense wat saamwoon in een woning met drie vertrekke.

Dit blyk dus dat die behuisingstrukture van respondente en hul gesinne aanvaarbaar, maar oorbevolk is. Daar is deurentyd transaksies tussen individue en hul omgewings wat `n wedersydse invloed op mekaar uitoefen (Compton & Galaway, 1999:3; Sheafor *et al.*, 2000:91). Die onvermydelike invloed van misdadiger bloedverwante op die mesovlak, soos vroeër beskryf in hierdie hoofstuk, word dus weer bevestig.

5.3.5 Invloed van die gemeenskap op die gesin

Die beginsel van holisme verwag dat elke fenomeen as deel van `n groter geheel gesien moet word en net verstaan kan word in verwysing tot die ander dele van die groter sisteem (Ife, 1995:43- 49). Die funksionering van die individu en gesin kan dus net verstaan word in verwysing tot faktore in die gemeenskap. Dit word beskryf as die wederkerige interaksies tussen `n persoon en sy omgewing waarin die fokus van intervensie op die verbetering van die passing tussen sisteme is (Germain & Gitterman, 1986:619; Payne, 2005:150). Spesifieke gemeenskapsfaktore het egter in `n mindere of meerdere mate ook `n invloed op die gesinservaringe van jeugmisdadigers. Johnson (1995:233) noem dat verskillende gemeenskappe verskillende karaktereienskappe het en daarom word daar gewoonlik op `n verskeidenheid faktore gefokus gedurende `n gemeenskapstudie. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word daar egter gefokus op die volgende

gemeenskapsfaktore: misdaad in die gemeenskap; sterktes in die gemeenskap; die beskikbaarheid van skoolopleiding; en die voorkoms van bendes. Hierdie faktore kan dus almal `n invloed hê op die gesinservaringe en –persepsies van `n jeugoortreder.

5.3.5.1 Misdaad in gemeenskap

Vanuit die literatuurstudie (Masuku, 2004:23) is dit duidelik dat die voorkoms van misdaad en die houding van `n gemeenskap teenoor misdaad `n invloed op die betrokkenheid van jeugdiges daarby het. Ten einde die invloed hiervan onder respondente te bepaal, is hul gevra oor die voorkoms en algemene houding van mense in hul gemeenskappe teenoor misdaad.

Daar is `n hoë voorkoms van misdaad in die gemeenskappe van die respondente, maar meer as die helfte van die respondente noem dat mense in hul gemeenskap openlik gekant is teen misdaad, soos geïllustreer deur die volgende respons:

- "*Hulle is daarteen... maar die mense rook daar op ons parkie dagga en buttons... maar hulle bel altyd die polisie, soos vanmiddag het hul ook die polisie gebel...*"
- *"... die jonges kom mos van ander plekke, van Amstelhof (Paarl) en so, dan kom rob hul die kinders daar by ons... dan sal die mense opstaan, en jaag vir hulle of so."*

Die ander deelnemers noem dat misdaad so algemeen voorkom in hul gemeenskappe dat mense al gewoond is daaraan, soos geïllustreer deur die volgende reaksie:

- *"... hierdie mense hier (Cloetesville), ek sal nie sê hulle is gekant daarteen nie want dinge gebeur sommer hier rondom hulle... hulle worry ook nie meer nie want dis amper soos, reality nou, daar moet gesteel word van jou, daar moet ingebreek word by jou huis..."*

Uit hierdie response is dit duidelik dat die respondente en hul gesinne in gemeenskappe woon met `n hoë misdaadsyfer. Mense is egter gekant teen misdaad, maar weens die hoë voorkoms daarvan, aanvaar sommiges dit al as die norm vir hul gemeenskappe. Hierdie bevindinge dui `n ooreenkoms aan met die navorsing van Ramphele en Wilson (1989:156, 157) wat noem dat jeugmisdadigers herhaaldelik blootgestel word aan misdaad in hul gemeenskappe. Dit bevestig ook die navorsing van Masuku (2004:23) en Loveday (2003:107) wat noem dat die voorkoms van misdaad in `n gemeenskap `n invloed op die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad het. Om die invloed van misdaad in `n gemeenskap op die gesinservaringe en -persepsies van die respondente te bepaal kan dit multi-dimensioneel beskou word.

Zastrow (2004:431) konstrueer vanuit die etnies-sensitiewe perspektief `n "dualistiese perspektief" waarin genoem word dat die negatiewe invloede (misdaad) van die dominante sisteem (gemeenskap) afgeweer kan word deur `n positiewe atmosfeer in die versorgingsisteem (gesin). Vroeëre bevindinge oor die wanfunksionering van die gesinne van die respondente word dus weer bevestig, aangesien die gesinne van die respondente nie daarin kon slaag om die negatiewe invloede van die gemeenskap af te weer nie. Die betrokkenheid van die respondente by misdaad is `n bewys daarvan. Die gesinne en gemeenskappe van die respondente het verder `n invloed op die kognitiewe redeneringsvlakke (ontwikkeling van `n persoonlike waardestelsel) van die respondente gehad (Ferns *et al.*, 2001:464). Hierdie persoonlike waardestelsel word opgemaak van waardes wat gewoonlik deur sosialisering by ouers en vriende gekry word en dus is die waardestelsel van respondente gevorm in `n omgewing waarin misdaad as aanvaarbaar beskou word. Die afleiding word gemaak dat die respondente in gemeenskappe woon waar misdaad algemeen voorkom en hierdie algemene voorkoms van misdaad dra by tot die respondente se persepsies daarvan.

5.3.5.2 Bendes

Ondersoek is ingestel na die invloed van bendes in die gemeenskap op die lewens van respondente en hul gesinne. Die betrokkenheid by bendes is `n proses wat bestaan uit jeugdiges se aanvanklike blootstelling en latere verwelkoming tot die bende, meestal deur goeie kennisse of familielede (Ramphele & Wilson, 1989:158). Derhalwe is ondersoek ingestel na die ervaringe en persepsies van die respondente oor die invloed van bendes in hul gemeenskappe.

Respondente is eerstens gevra of hul **aan bendes behoort** en hul moes redes verskaf **waarom** hul wel of waarom hul nie aan bendes behoort nie. Net twee van die respondente is in `n bende en die res van die respondente is gekant daarteen, soos die volgende reaksie die response saamvat:

- *"… `n bende is te sleg, `n man vang klomp stront aan as jy aan `n bende behoort… en dis te gevaarlik."*

Die twee respondente wat wel in `n bende is, beskryf hul bendes egter nie as gewelddadig nie maar eerder net as groepe vriende wat saam dinge doen, soos geïllustreer deur die volgende response:

- *"… KOD is ons naam. Ons het maar net so opgemaak, daar is nie nog `n leader nie… ons drink, ons rook saam, ons speel saam rugby…"*
- *"… ons call onsself Black Knights… ons ry mos nou… en hulle is die Rough Riders… dan dice ons miskien teen mekaar met die bicycles… ons baklei nie nog onder mekaar so nie, ons ry net met die bikes. Ons het mos daai film gekyk van 'Biker Boys'… toe sien ons hoe dice hulle met die bikes teen mekaar… nou ons wil ook amper so is."*

Beide hierdie bendelede is by hierdie bendes betrek deur familie en goeie vriende en dit is in ooreenstemming met die bevindinge van Frank (2005:12) wat noem dat die proses van werwing `n geleidelike proses is deur familie of vriende. Ernstige probleme begin gewoonlik wanneer daar `n verskil in die waardes van die twee

subsisteme (gesin en bende) ontstaan en tot konflik en stremming tussen individue en hul gesinne lei (Norton, 2000). Hierdie bendes van die respondente blyk egter meer net sosiale groepe te wees waarvan jeugdiges deel is om `n gevoel van behoort en identiteit te verkry. Die respondente is egter in `n belangrike ontwikkelingsfase aangesien jeugdiges in hierdie ouderdomsgroep moet poog om te ontdek wie hul werklik is om hul self-identiteit te vestig (Erikson in Keenan, 2002:23). Soos daar in vorige bevindings van hierdie studie gesien is, bied die sosiale omgewings van die respondente nie werklik stabiliteit en goeie ondersteuning nie en daarom kan `n rolonsekerheid moontlik intree. Hierdie skynbare "onskuldige" bendes kan dus die eerste stap tot betrokkenheid by meer gewelddadige bendes wees. Respondente is daarom spesifiek gevra oor die invloed van hulle ouers of voogde in vergelyking met die **invloed van die bende of vriende op hul besluitneming**.

Beide respondente betrokke by bendes het bevestig dat hulle eerder na hul ouers luister. Die ander respondente bevestig ook dat hul eerder na hul ouers as vriende luister, soos die volgende respons dit saamvat:

- *"Ek sal eerder doen wat my ouers vir my sê… want hulle weet mos waarvan hulle praat… hulle weet beter."*

Hierdie bevindinge is in teenstelling met vroeëre afleidings wat gemaak is oor die invloed van die ouerhouding van respondente se ouers of voogde teenoor misdaad. Soos bevind, was al die respondente se ouers gekant teen misdaad maar die respondente het steeds daarby betrokke geraak. Hierdie bevindings is ook in teenstelling met die navorsing van Muncie (1999:25) wat noem dat ouers of voogde se houding teenoor misdaad na hul kinders oorgedra word. Vanuit `n multi-dimensionele perspektief sal hierdie persepsies van die respondente as volg beskryf word.

Eerstens word die vorige bevinding weer bevestig waarin afgelei is dat die respondente nie die nodige ondersteuning en stabiliteit in hul gesinsisteme ontvang

het nie en daarom het rolonsekerheid voorgekom in die vorming van die respondente se selfidentiteit (Erikson in Keenan, 2002:23). Die respondente se vorming van hul selfidentiteit is daarom ook grootliks beïnvloed deur die bendes of vriendekringe waarvan hul deel is. Verder is die feit dat al die respondente hierdie invloede ontken `n bewys van die moontlike waardekonflik wat ontstaan in die kognitiewe funksionering van hierdie jeugdiges (Liese, 2003:164-165). Die respondente se persepsies van hul ouers of voogde teenoor hul bendes of vriende se invloede is dus moontlik op die mesovlak beïnvloed deur sosio-kulturele faktore. Hierdie ervaringe en persepsies van die respondente is dus onderhewig aan hul vlak van kognitiewe funksionering wat beïnvloed is deur hul gesinne en gemeenskappe. Die respondente se response oor die invloed van bendes op hul besluitneming in vergelyking met dié van hul ouers, kan dus multi-dimensioneel beskou, `n kognitiewe respons wees op hoe hulle dink dit moét wees. Dit is dus nie noodwendig die praktyk nie.

5.3.5.3 Bronne in gemeenskap

Die *National Policy for Families* (Department of Social Development, 2004:11) noem dat armoede bydra tot die gebrek aan hulpbronne in gemeenskappe, om gesinne te ondersteun. Soos alreeds gesien, woon die gesinne van respondente in disorganiseerde en arm gemeenskappe. In hierdie gedeelte is respondente gevra oor die sterktes of bronne in hul gemeenskappe waarby hul gesinne ondersteuning kan kry. Daar is ook spesifiek gefokus op skole as `n sterkte in die gemeenskappe en die toestand van die skole is ondersoek.

Respondente is eerstens gevra oor **bronne of sterktes** in hul gemeenskappe. Die helfte van die respondente het na familie of vriende verwys as die enigste ondersteuningsisteme vir hul gesinne, soos saamgevat deur die volgende respons:

- *"… by party mense, soos die buurvrou en die ander vrou hier langsaan… dan kan jy gaan vra dat hulle jou help... Ook nie altyd nie… jy moet weet by wie jy gaan vra…"*

Die ander helfte van die respondente noem dat daar geen formele- of informele bronne is waarby hul gesinne enige vorm van ondersteuning kry nie.

Die afleiding word gemaak dat die gesinne van die respondente meer op informele hulpbronne (vriende en familie) steun, as op formele bronne soos welsynsorganisasies of regeringsinstellings. Die *National Policy for Families* (Department of Social Development, 2004:11) noem dat die verdwyning van “ubuntu” tot groot druk lei op welsynsorganisasies wat onvoldoende hulpbronne het om komplekse gesinsprobleme aan te spreek. In hierdie studie blyk die verdwyning van “ubuntu” gedeeltelik waar te wees. Daar word egter glad nie op welsynsorganisasie staatgemaak vir hulp oor gesinsprobleme van die respondente nie. Vanuit die ekologiese perspektief is daar dus `n wanbalans tussen die probleme en behoeftes wat hierdie gesinne ervaar en hul bewustheid van omgewingsbronne (Germain & Gitterman, 1986:620). Dit veroorsaak `n negatiewe invloed op gesinne se passing met hul gemeenskappe, aangesien hul onbewus is van bronne wat hul wel kan ondersteun met behoeftes en probleme. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met Kirst-Ashman (2007:59) en Morales en Sheafor (1983:17) wat noem dat die voorkoms van jeugmisdaad, veral in `n disfunksionerende gesin, dit bemoeilik vir die hele sisteem om sterktes raak te sien. Die respondente se perspektief op die beskikbaarheid van bronne of sterktes in hul gemeenskappe word dus negatief beïnvloed deur die wanfunksionering van die sisteme op meso- en makrovlak.

Die aanbieding van NICRO se YES-program in hierdie gemeenskappe van die respondente is egter `n sterkte waarby al hierdie gesinne baat vind. Die ondersteuning en opvoeding wat hier aan respondente gebied word kan moontlik `n positiewe invloed op hul lewens hê en hul weerhou van verdere misdaadpleging. Die onvermoë van die respondente om hierdie gemeenskapsterkte te identifiseer is egter `n bewys van die moontlike waardekonflik wat ontstaan in die kognitiewe- en emosionele ontwikkeling van hierdie jeugdiges (Liese, 2003:164-165). Die betrokkenheid van NICRO in die gemeenskappe van die respondente kan dus as `n

formele gemeenskapsterkte op die makrovlak van die gesinne beskou word (Saleebey, 2002:84-87).

Vervolgens is die **skole** waarna respondente gaan, ondersoek, aangesien Saleebey (1999:16) noem dat daar gepoog moet word om eerstens sterktes in die sosiale sisteem te vind voordat daar na die diensleweringsisteem gekyk word. Die sosiale sisteem beskik dus self oor die potensiaal om positiewe veranderinge te maak nadat die sterktes ontdek is en dit aangewend word in die sisteem. Die geleentheid vir skoolopleiding in `n gemeenskap is `n voorbeeld van `n sterkte in die sosiale sisteem van die respondente. Soos alreeds in hierdie hoofstuk bevind is, word byna al die respondente deur hul ouers of voogde gemotiveer om skool by te woon. Respondente is egter gevra oor die **toestand van die skole** in hul gemeenskappe, met spesifieke verwysing na die **dissipline en leergeleenthede** wat gebied word.

Al agt van die respondente wat wel skoolgaan noem dat hul skole goeie leergeleenthede aan hulle bied. Daar is egter twee respondente wat noem dat dissipline soms `n probleem is, soos saamgevat deur die volgende response:

- "*Party kinders gee moeilikheid... maar ook nie by al die onderwysers nie, net by party onderwysers...*"
- *"... daar is tye wat die klasse raas, maar dis maar net natural."*

Die respondente se perspektief op die dissipline en leergeleenthede by hul skole is die respondente se eie waarheid en stem nie ooreen met die huidige tendense in die samelewing nie. Masuku (2004:23) het bevind dat skole in die gebied van sy ondersoek gedisorganiseerd is en dat onderwysers dikwels te bang is om in te gryp aangesien hulle deur bendelede vervolg kan word. Die respondente se ervaring van hul skole het moontlik, soos vorige bevindings in hierdie studie, te doen met die kognitiewe redeneringsvlakke (ontwikkeling van `n persoonlike waardestelsel) van die respondente (Ferns *et al.*, 2001:464). Hierdie persoonlike waardestelsel is opgemaak deur waardes wat deur sosialisering by ouers en vriende gekry is en dus

is die waardestelsel van respondente gevorm in `n omgewing waarin negatiewe dissipline en disorganisasie as aanvaarbaar beskou is. Die afleiding word gemaak dat die ervaringe en persepsies van die respondente oor die skole in hul gemeenskappe dus beïnvloed word deur hierdie waardestelsels en daarom beskou hul die dissipline en leergeleenthede by die skole as aanvaarbaar.

5.3.6 Teorieë oor jeugmisdaad

Laastens is die respondente se eie perspektief op hul betrokkenheid by misdaad ondersoek ten einde hierdie persepsies multi-dimensioneel af te lei aan die hand van teorieë oor jeugmisdaad. Die primêre doel van teorieë oor misdaad is om `n verklaring daarvoor te gee, ten einde die inligting aan te wend om kriminele gedrag te voorspel (Joubert, 2003:80). Respondente is derhalwe gevra om hul eie perspektief te gee op hul betrokkenheid by misdaad.

Net een respondent het self die volle blaam geneem vir sy betrokkenheid by misdaad, soos belig met sy respons:

- *"Dis my eie skuld… ek het self besluit om dit te doen…"*

Al die ander respondente plaas die skuld ten volle of gedeeltelik op ander partye, soos opgesom deur die volgende reaksies:

- *"My neef, hy het ook eenkeer dit (geldvervalsing) gedoen… maar toe dink ek nou ek kan ook soos hy maak. En jy sien dit baie op die TV man… 'Rush Hour', die mense maak dan geld in 'Rush Hour', toe dink ek ek kan dit ook doen."*
- *"… my vriend se skuld, wat ek nou so geslat het…"*
- *"Ek gaan maar sê dis my broer se skuld…"*
- *"…niemand se skuld nie, dit kan niemand se skuld wees nie… en dit kan nie my skuld wees nie want dis nie `n oortreding (onwettige besit van ammunisie) nie… net die verkeerde mens op die verkeerde tyd …"*

Vanuit hierdie response van die respondente kom daar `n duidelike tendens na vore en dit is die onvermoë van respondente om self verantwoordelikheid te neem vir hul dade. Om verskillende redes, plaas byna al die respondente die blaam vir hul betrokkenheid by misdaad op ander persone en faktore. Hierdie verskynsel kan verklaar word aan die hand van die vlak van kognitiewe funksionering van die respondente waar blaamverskuiwing plaasvind (Ferns *et al.*, 2001:464).

Die persepsies van die respondente oor hul betrokkenheid by misdaad kan op die mikrovlak beskryf word as die resultaat van psigologiese stremming en die onvermoë van die individu om selfbeheer toe te pas. Hierdie onvermoë word toegeskryf aan `n tekort aan intieme- en vertrouensverhoudinge gedurende kinderdae (Muncie, 1999:92). Vanuit vorige bevindings was dit duidelik dat die meeste van die respondente wel `n tekort aan intieme- en vertrouensverhoudinge, veral met hul ouers gehad het. Hierdie persepsies van die respondente oor hul betrokkenheid by misdaad is dus `n bevestiging van vorige bevindings in hierdie studie wat daarop gedui het dat die gesinservaringe en –persepsies van die respondente `n negatiewe invloed op hul kognitiewe funksionering gehad het. Vanuit hierdie afleiding oor die invloed van die gesinservaringe en –persepsies van die respondente word daar derhalwe gefokus op teorieë oor misdaad wat bevestig is deur die reaksies van respondente.

Die ervaringe en persepsies van die respondente gedurende die ondersoek is bevestigend van verskeie teorieë oor misdaad soos byvoorbeeld die sosiale strukturele-, klassieke-, sosiale beheer- en radikale teorieë oor misdaad (Curren & Renzetti, 1994:136-140; Joubert, 2003:81,82; Muncie, 1999:101-110). Die respondente se eie ervaringe en persepsies rakende hul betrokkenheid by misdaad is egter `n bevestiging van die sosiale leerteorie. Die sosiale leerteorie beweer dat misdaad aangeleer word in die vorm van norme, waardes en gedrag wat geassosieer word met misdaad (Joubert, 2003:91-93). Jeugdiges leer dus om misdaad te pleeg by ander in hul gesin of gemeenskap (Gottfredson & Hirschi, 1990:78; Muncie,

1999:105). Die meeste respondente se persepsies rakende hul oortredinge dui daarop dat hul kriminele gedrag by familie of vriende gesien en toe self nageboots het. Hierdie persepsies van die respondente bevestig die vorige bevindinge rakende die invloed van misdadiger ouers, bloedverwante en vriende. Die respondente se eie reaksies oor hul betrokkenheid by misdaad is dus `n finale bevestiging dat die gesinservaringe en -persepsies van die respondente grootliks beïnvloed is deur die verbale- en nie-verbale gedrag wat aan hul gemodelleer is in hul gesinne en gemeenskappe.

5.4 SAMEVATTING

Die empiriese studie het ten doel gehad om begrip te bied aan maatskaplike werkers oor die gesinservaringe en -persepsies van manlike jeugoortreders, vanuit `n multi-dimensionele perspektief. Daar is gefokus op spesifieke areas van funksionering in die gesinsisteem (mesovlak) en gemeenskap (makrovlak) en die invloed daarvan op die gesinservaringe en -persepsies van die respondente. Samevattend blyk dit dat die meerderheid van respondente verwronge persepsies het van die funksionering van gesinne en gemeenskappe. Nadat hierdie ervaringe en persepsies van respondente egter vanuit `n multi-dimensionele perspektief beskou is, kom dit duidelik na vore dat die beskrywing van hul ervaringe sterk beïnvloed is deur faktore op die meso- en makrovlakke van hul samelewings. Respondente se gesinservaringe is dus die maatstaaf waaraan hulle die ideale gesinsfunksionering meet.

Uit hierdie bevindinge blyk dit dat kennis en begrip oor die gesinservaringe en persepsies van jeugoortreders nodig is ten einde intervensiestrategieë te rig op die unieke behoeftes en ervaringe van die betrokke kliëntsisteem. Gevolgtrekkings en aanbevelings oor die empiriese studie word in die volgende hoofstuk aangebied.

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Die doel van die studie, soos dit in hoofstuk een uiteengesit is, is om `n beskrywing te gee van die gesinservaringe en -persepsies van manlike jeugoortreders. Hierdie doel is verwesenlik en word gesteun deur `n omvangryke literatuurstudie en empiriese ondersoek om die gesinservaringe en -persepsies van manlike jeugoortreders vanuit `n multi-dimensionele perspektief te verken en beskryf. In hierdie hoofstuk word die gevolgtrekkings waartoe gekom is, weergegee asook die aanbevelings wat daaruit vloei.

6.2 GEVOLGTREKKINGS

Gebaseer op die bevindinge uit persoonlike onderhoude en gegrond op die literatuurstudie word die volgende gevolgtrekkings gemaak ten opsigte van die gesinservaringe en –persepsies van manlike jeugoortreders.

6.2.1 Profiel van die jeugoortreder

Die ouderdom van die jeugoortreders is tussen 14-17 jaar en hul is skuldig aan die volgende misdade: diefstal, aanranding, geldvervalsing en die onwettige besit van ammunisie. Die gevolgtrekking word gemaak dat die jeugdiges in `n kwetsbare ontwikkelingstadium vir die betrokkenheid by misdaad is, maar nie geharde misdadigers is nie. Verder is al die jeugoortreders Kleurlinge wat afkomstig is uit nuklêre-, uitgebreide-, pleeg- en enkelouergesinne en gemeenskappe met `n lae sosio-ekonomiese status. Die gevolgtrekking word gemaak dat die jeugdiges se betrokkenheid by misdaad nie noodwendig in hul ras gevind word nie, maar eerder in die sosio-ekonomiese status en gesins- en gemeenskapstrukture waarvan hul deel is.

6.2.2 Ouers van jeugoortreders

Die jeugoortreders se persepsies van **ouerlike verantwoordelikhede** hou verband met die voorsiening van basiese behoeftes (kos en klere) en vanuit die etnies-sensitiewe perspektief is hierdie vorm van ouerlike verantwoordelikhede moontlik deel van die gemeenskapskultuur waarin die gesinne van die jeugdiges funksioneer. Die jeugdiges is vergenoeg met die mate waarin hul eie ouers of voogde in hierdie basiese behoeftes voorsien het, maar hul ervaring is egter dat hul ouers of voogde meer leiding en emosionele ondersteuning in woord en daad aan hul kon gee. Die gevolgtrekking word gemaak dat die ouers of voogde van die jeugoortreders wel in hul fisiese behoeftes, maar nie in hul sosio-emosionele behoeftes voorsien het nie. Daar is `n sterk ooreenkoms tussen die jeugoortreders se eie ervaringe en persepsies van ouerlike verantwoordelikhede en hul ideale beskouing van ouerverantwoordelikhede. Vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief word die gevolgtrekking gemaak dat die gesinne en selfs gemeenskappe waarin die jeugdiges woon as geslote sisteme funksioneer en jeugdiges nie blootgestel is aan alternatiewe vorme van ouerskap nie. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat die jeugdiges hulle leefwêrelde as die norm vir ouerskap beskou.

Pectora roborant cultus recti

Die meeste van die jeugoortreders woon saam of het kontak met hul biologiese **vaders**. Die verhouding met hul vaders is bevredigend vir die respondente en die vaders het goed in die jeugdiges se basiese behoeftes voorsien. Vanuit die etnies-sensitiewe perspektief is hierdie persepsie oor vaderskap moontlik deel van die gemeenskapskultuur waarin die gesinne van die jeugdiges funksioneer. Die jeugdiges is egter ontevrede oor die mate van affeksie en swak verbale interaksie wat daar tussen hulle is. Sinergie in die hele gesinsisteem is ook ondermyn deur hierdie swak kommunikasie en passiwiteit vanaf vaders. Die gevolgtrekking word gemaak dat manlike jeugdiges `n behoefte vir liefde en affeksie van hul vaders het en dat die meerderheid van die respondente nie hierdie bevestiging vanaf hul vaders gekry het nie. Die gevolg hiervan is die ontstaan van `n “vaderwond” wat `n indirekte

invloed op respondente se fisiese- en kognitiewe funksionering het. Vanuit `n multi-dimensionele perspektief word die gevolgtrekking gemaak dat die ervaringe en persepsies van die respondente oor hul verhouding met hul vaders grootliks ooreenstem met die mate waarin hul kon slaag om hul self-identiteit te vestig deur bevestiging en ondersteuning vanaf hul vaders.

Die jeugoortreders het almal **moederfigure** in hul lewens en daar is goeie verbale en nie-verbale interaksie tussen moeders en seuns. Die jeugdiges se persepsies van moederlike verantwoordelikhede sluit beide fisiese- en emosionele sorg in en die moeders van die respondente het wel hierdie verantwoordelikhede teenoor hulle nagekom. Die gevolgtrekking word gemaak dat `n rolverandering in die gesinsisteme van die jeugoortreders plaasgevind het en moeders grootliks die verantwoordelikheid van fisiese- en ook emosionele versorgers by passiewe vaders oorgeneem het. Die gevolgtrekking word ook gemaak dat hierdie ervaringe en persepsies van die jeugdiges oor moederlike verantwoordelikhede vanuit die etnies-sensitiewe perspektief beskryf kan word as deel van die gemeenskapskultuur waarin die gesinne van die jeugdiges funksioneer.

Die jeugoortreders het wisselende ervaringe oor die **verhoudings tussen hul ouers of voogde**. Die jeugdiges wat hul ouers of voogde se verhoudings as stabiel beskou, baseer dit op die feit dat hul steeds saam is. Vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief slaag hierdie ouer-subsisteem moontlik daarin om homeostase te bereik, maar hierdie balans kan steeds disfunksioneel wees. Die gevolgtrekking word gemaak dat die jeugdiges verwronge persepsies van die verhouding tussen hul ouers het. Die respondente wat die verhouding tussen hul ouers of voogde as disfunksioneel beskou, evalueer hierdie verhouding op grond van die verbale- en nie-verbale interaksie tussen hul ouers of voogde. Die gevolgtrekking word gemaak dat die respondente se negatiewe ervaringe en persepsies van hul ouer-subsisteme se verhouding met mekaar `n bevestiging is van die onvermoë van die ouers of voogde om in die fisiese-, emosionele- en sosiale behoeftes van die jeugdiges te voorsien.

Die jeugoortreders het verskillende persepsies oor hul **ouers of voogde se betrokkenheid by misdaad**. Die gevolgtrekking word vanuit die etnies-sensitiewe perspektief gemaak dat die persepsies van die respondente oor hul ouers of voogde se betrokkenheid by misdaad beïnvloed is deur die kulturele groepe waaraan hul behoort.

Die ouers of voogde van die jeugoortreders se afkeuring van hul **betrokkenheid by misdaad** het geen invloed op hul eie gedrag nie. Vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief is hierdie pogings deur ouers of voogde tot handhawing van die ekwilibrium in die gesinsisteem egter op mikrovlak en sinkroniseer nie met die ekonomiese tendense op meso- en makrovlak nie. Die respondente se persepsies word ook beïnvloed deur hul verwronge waardestelsels. Die gevolgtrekking word gemaak dat ouers se houding teenoor misdaad slegs `n invloed op die kinders se betrokkenheid daarby sal hê indien die ouers en gemeenskappe ook self hierdie gedrag teenstaan en positiewe gedrag modelleer.

Die ouers se positiewe houding teenoor **skoolopleiding** het `n positiewe invloed op die jeugoortreders. Die gevolgtrekking word gemaak dat die persepsies van die jeugdiges oor skoolbywoning beïnvloed is deur die ervaringe in hul gesinsisteme.

6.2.3 Gesinsfunksionering

Die jeugdiges se persepsies oor die goeie **supervisie en ondersteuning** wat hul vanaf ouers of voogde ontvang het, is in teenstelling met huidige tendense. Vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief word die persepsies van die jeugdiges beskryf as die misinterpretasie van `n disfunksionele balans in die gesinsisteem wat deur die respondente as positief ervaar word. Die gevolgtrekking word gemaak dat die jeugdiges se ervaringe van supervisie en ondersteuning beïnvloed is deur hul vlakke van kognitiewe funksionering wat veroorsaak dat die jeugdiges hul eie leefwêrelde beskou as die norm vir ouersupervisie en -ondersteuning.

Die jeugdiges is blootgestel aan wisselvallige en ongevoelige **dissipline** in hul gesinne. Vanuit `n multi-dimensionele perspektief is die ervaringe en persepsies van die jeugdiges oor dissipline beïnvloed deur hul persoonlike waardestelsels. Die gevolgtrekking word gemaak dat die jeugdiges se ervaringe en persepsies van dissipline `n aanduiding is van die waardekonflik in hul kognitiewe funksionering weens die teenstrydighede van ongevoelige en wisselvallige dissipline in hul gesinne.

Die aanwesigheid van **misdadiger bloedverwante** in die gesinsisteem het `n negatiewe invloed op ander jeugdiges in die gesin. Die gevolgtrekking word gemaak dat blootstelling aan byna identiese ondervindinge van ouerskap en gesinsfunksionering tot ooreenstemmende gedrag tussen bloedverwante lei.

6.2.4 Sosio-ekonomiese funksionering

Die feit dat die ouers of voogde van die jeugoortreders `n vaste **werk** het, gee `n mate van stabiliteit vir die gesinsisteme en stel `n voorbeeld aan jeugdiges. Die jeugoortreders beskou werk egter as `n middel tot oorlewing. Vanuit `n multi-dimensionele perspektief is die jeugdiges se formeel-operasionele denke op so `n wyse beïnvloed dat hul nie daarin kan slaag om abstrakte denke te formuleer in terme van drome, ambisie en `n toekomsvisie nie. Die gevolgtrekking word gemaak dat die respondente se ervaringe en persepsies van werk beperk is tot die invloed van hul ouers en gemeenskappe en die gevolg hiervan is dat hul geen toekomsvisie of ambisie rondom werk het nie.

Die jeugoortreders kom uit **arm- en middelklas** gesinne waarin daar in hul basiese behoeftes voorsien is. Die gevolgtrekking word vanuit die ekologiese sisteemteoretiese perspektief gemaak dat die ekonomiese posisie van die gesinne (versorgingsisteem) van die jeugdiges `n indirekte invloed op hul betrokkenheid by misdaad gehad het.

Die meeste van die jeugdiges is nie aan **mishandeling** in hul gesinne blootgestel nie. Daar is egter risikofaktore wat dikwels met mishandeling geassosieer word aanwesig in die gesinne van die respondente en daarom word hierdie ervaringe van die jeugdiges vanuit die etnies-sensitiewe perspektief gekoppel aan die kultuur waarvan hul gesinne deel is. Die gevolgtrekking word gemaak dat die jeugdiges in gemeenskappe woon waar gesinsgeweld algemeen voorkom en daarom word sekere vorme van geweld nie as mishandeling ervaar nie.

Die fisiese toestand van die **behuising** van die gesinne van jeugoortreders is bevredigend, maar dit is oorbevolk. Die gevolgtrekking word gemaak dat die gesinne van jeugoortreders se huise `n bevredigende beskutting is, maar dat daar nie spasie vir ontspanning en gesonde interaksie is nie. Gevolglik is die wedersydse beïnvloeding tussen lede van die gesinsisteem onafwendbaar en jeugdiges spandeer vrye tyd saam met vriende op die strate.

6.2.5 Invloed van gemeenskap op gesin

Daar is `n hoë voorkoms van **misdaad in die gemeenskappe** van die jeugoortreders en hul gesinne, maar die gemeenskappe is openlik gekant daarteen. Vanuit die etnies-sensitiewe perspektief het die algemene voorkoms van misdaad egter gelei tot die ontstaan van `n etnosisteem waarin al die jeugdiges in die gemeenskap dieselfde algemene waardestelsels ontwikkel het. Die gevolgtrekking word gemaak dat die blootstelling van jeugdiges aan misdaad in die gemeenskap `n groter invloed op hul lewens het as die ouers se verbale teenkanting daarteen.

Die **bendes** waarvan jeugdiges deel is blyk net sosiale groepe te wees waaraan hul behoort om `n gevoel van behoort en identiteit te verkry en die jeugdiges glo dat die invloed van hierdie groepe op hul eie gedrag minimaal is. Vanuit `n multi-dimensionele perspektief is die jeugdiges in `n belangrike ontwikkelingsfase aangesien hulle moet poog om te ontdek wie hul werklik is om hul selfidentiteit te vestig. Die gevolgtrekking word gemaak dat daar `n waardekonflik by die jeugdiges

intree weens die botsende invloede van vriendegroepe en ouers wat kan lei dat die vriende `n groter invloed op die gedrag van die jeugdiges uitoefen as wat ouers of voogde doen.

Die gesinne van die jeugoortreders steun op informele bronne en is nie bewus van enige formele bronne wat as **ondersteuningsisteme** kan dien nie. Die voorkoms van jeugmisdaad bemoeilik dit verder vir gesinsisteme om sterktes te identifiseer. Die gevolgtrekking word vanuit die sterkte perspektief gemaak dat daar `n wanbalans is tussen die probleme en behoeftes wat hierdie gesinne ervaar en hul bewustheid van omgewingsbronne. Die jeugdiges is egter tevrede met die skole in die gemeenskappe en dit kan as `n sterkte beskou word. Vanuit `n multi-dimensionele perspektief is hierdie ervaringe en persepsies van die jeugdiges oor die skole in hul gemeenskappe onderhewig aan hul persoonlike waardestelsel wat opgemaak word deur waardes wat deur sosialisering by ouers en vriende gekry is. Die gevolgtrekking word gemaak dat die respondente se ervaringe en persepsies van dissipline en leergeleenthede by `n skool beïnvloed word deur hul persoonlike waardestelsels en die gevolg hiervan is dat die atmosfeer by hul skole as die norm aanvaar word.

Pectora roborant cultus recti

6.2.6 Teorieë oor jeugmisdaad

Die jeugoortreders plaas die blaam vir hul misdaadpleging op verskeie faktore in hul gesins- en gemeenskapsisteme en neem nie self verantwoordelikheid vir hul gedrag nie. Vanuit `n multi-dimensionele perspektief word hierdie verskynsel beskryf as die vlak van kognitiewe funksionering van die jeugdiges waar blaamverskuiwing plaasvind. Die oorsaak hiervan is egter `n tekort aan intieme- en vertrouensverhoudinge gedurende kinderdae. Die gevolgtrekking word gemaak dat die jeugoortreders se gedrag, soos beskryf deur die sosiale leerteorie, gesien is by ander in hul gesinne of gemeenskappe en toe self nageboots is. Gevolglik was die invloede van die gesinsisteem nie sterk genoeg om die invloed van hierdie negatiewe gemodelleerde gedrag te voorkom nie.

6.3 AANBEVELINGS

In die lig van die voorafgaande gevolgtrekkings, word die volgende aanbevelings gemaak.

6.3.1 Multi-dimensionele perspektief vir intervensie met die gesinne van jeugoortreders

Dit word aanbeveel dat:

- `n Multi-dimensionele perspektief benut moet word tydens dienslewering aan jeugoortreders en gesinne ten einde `n probleem soos jeugmisdaad as die manifestasie van probleme op meso- en makrovlak te hanteer en nie net as `n individuele probleem in isolasie nie.
- Die ekologiese sisteemteoretiese perspektief aangewend word om `n begrip te kry van die wederkerige invloede van sisteme op die mikro-, meso- en makrovlakke van gesinne.
- Die etnies-sensitiewe perspektief benut word om die funksionering van individue en gesinne te verstaan binne hul eie sosio-kulturele omgewings.
- Die sterkteperspektief aangewend word om sterktes in die gesinne en gemeenskappe van jeugoortreders te identifiseer en mobiliseer.

Pectora roborant cultus recti

6.3.2 Demografie van jeugoortreders

Dit word aanbeveel dat:

- Alle dienste aan jeugoortreders vanuit `n multi-dimensionele perspektief gelewer word, aangesien die probleem van misdaad nie eendimensioneel soos byvoorbeeld in die ras van `n groep geleë is nie, maar eerder in die sosio-ekonomiese posisie van `n gesinsisteem.
- Multi-dimensionele voorkomingsprogramme in disorganiseerde gemeenskappe aangebied word wat op gesinne/versorgers fokus en nie net op jeugoortreders in isolasie nie.
- Multi-dimensionele rehabilitasieprogramme aan eerste oortreders en hul gesinne gelewer word aangesien hierdie jeugdiges nog nie geharde

misdadigers is nie; daar veral vanuit die sterkteperspektief gepoog moet word om enige sterktes van hierdie eerste oortreders en hul gesinne te identifiseer en te mobiliseer.

6.3.3 Ouers van jeugoortreders

Dit word aanbeveel dat:

- Ouerskapsopleiding aangebied word vir ouers en voogde in disorganiseerde gemeenskappe; daar hierdeur blootstelling aan ouers gegee word rakende alternatiewe vorme van ouerskap en dat daar spesifiek gefokus word op die fisiese-, emosionele- en sosiale verantwoordelikhede van ouers.
- Kriminele ouers se ervaringe as `n sterkte aangewend word deur hul te betrek by voorkomings- en rehabilitasieprogramme om jeugdiges te waarsku teen die gevare van misdaadpleging.

6.3.4 Sosio-ekonomiese funksionering

Dit word aanbeveel dat:

- Groepe of individue betrek word vanuit ander funksionele gemeenskappe om betrokke te raak by voorkomingsprogramme in disfunksionele gemeenskappe; hierdie funksionele gemeenskappe sosio-ekonomiese hulp en ondersteuning aan gesinne in disfunksionele gemeenskappe bied ten einde aan kwesbare jeugdiges geleenthede en blootstelling aan nuwe moontlikhede van funksionering te gee.

6.3.5 Invloed van gemeenskap op die gesin

Dit word aanbeveel dat:

- Maatskaplike werkers `n volledige gemeenskapsprofiel opstel van gemeenskappe met hoë jeugmisdaadsyfers ten einde meer prominensie aan formele ondersteuningsbronne te verleen en informele bronne te mobiliseer.
- Welsynsorganisasies, in samewerking met skole in die gemeenskap, ondersteuningsgroepe fasiliteer vir kinders uit disfunksionerende gesinne.

6.4 BENUTTING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Dit word aanbeveel dat maatskaplike werkers werksaam met jeugoortreders of gesinne `n multi-dimensionele perspektief benut, soos in hierdie navorsingsverslag uiteengesit, vir dienslewering aan jeugoortreders en hul gesinne.

6.5 VERDERE NAVORSING

Voortspruitende verdere navorsing word aanbeveel oor:

- Die rol en verantwoordelikhede van `n vader in die ontwikkeling van `n seun as strategie vir misdaadvoorkoming.
- Die invloed van die gesinsisteem teenoor die invloed van die gemeenskap op die betrokkenheid van jeugdiges by misdaad vanuit `n multi-dimensionele perspektief.
- Die samestelling van `n multi-dimensionele misdaadvoorkomingsprogram vir jeugdiges in disfunksionele gemeenskappe.

6.6 SAMEVATTING

Die literatuurstudie en empiriese studie het gedien as riglyn vir die gevolgtrekkings en aanbevelings in hierdie hoofstuk. Die verkennende-beskrywende studie soos uiteengesit in ses hoofstukke, is voltooi. Die jeugoortreders as respondente het die studie moontlik gemaak deur hul deelname aan die onderhoude en sodoende is die doelstelling en doelwitte van hierdie studie bereik.

BIBLIOGRAFIE

ALSTON, M. & BOWLES, W. 2003. **Research for social workers: An introduction to methods** (2nd ed). London: Routledge.

BERRY, L. & GUTHRIE, T. 2003. **Rapid assessment: The situation of children in South Africa.** Cape Town: University of Cape Town.

BEZUIDENHOUT, C. & JOUBERT, S. (eds) 2003. **Child and youth misbehaviour in South Africa.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

BEZUIDENHOUT, C. 2003. Introduction and terminology dilemma. **In:** Bezuidenhout, C. & Joubert, S. (eds) **Child and youth misbehaviour in South Africa.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

BOOYENS, K. 2003. The nature and extent of child and youth misbehaviour in South Africa. **In:** Bezuidenhout, C. & Joubert, S. (eds) **Child and youth misbehaviour in South Africa.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

BREWER, D.; CATALANO, R.F.; FARRINGTON, D.P.; HARACHI, T.W.; HAWKINS, D.F. & HERRENKOHL, T. 1999. A review of predictors of youth violence. **In:** Farrington, D. P. & Loeber, R. (eds) **Serious & violent juvenile offenders: Risk factors and successful interventions**. Thousand Oaks: SAGE Publications.

BROWNE, D.; HOLLIN, C.R. & PALMER, E.J. 2002. **Delinquency and young offenders.** Cornwall: Blackwell Publishers.

BRUEGGEMANN, W.G. 1996. **The practice of macro social work**. Chicago: Nelson-Hall Publishers.

BURCHELL, J. & MILTON, J. 2000. **Principles of criminal law**. (2nd ed). Johannesburg: Juta & Co. Ltd.

CELLIERS, C. 2002. **Riglyne vir die ontwikkeling van `n intervensieprogram gerig op die jeugoortreder in die gevangenis**. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (M.A. tesis)

CLARKE, J. 2002. The three R`s– repression, rescue and rehabilitation: ideologies of control for working class youth. **In:** Hughes, G.; McLaughlin, E. & Muncie, J. (eds) **Youth Justice: Critical readings**. London: Sage Publications.

COMPTON, B.R. & GALAWAY, B. 1999. **Social work processes** (6th ed). Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

CURRAN, D.J. & RENZETTI, C.M. 1994. **Theories of crime**. Boston: Allyn & Bacon.

DAVIS, L. 2003. The prevention and control of youth misbehaviour in South Africa. **In:** Bezuidenhout, C. & Joubert, S. (eds) **Child and youth misbehaviour in South Africa.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

DEPARTMENT OF CORRECTIONAL SERVICES 2005. **White Paper on Corrections in South Africa.** February 2005.

DEPARTMENT OF SOCIAL DEVELOPMENT 2006. Final draft. **National Policy on Families.** [Intyds:] http://www.welfare.gov.za [17 Oktober 2006].

DE VOS, A.S.; STRYDOM, H.; FOUCHE, C.B. & DELPORT, C.S.L. (eds) 2005. **Research at grass roots: For the social sciences and human services professions** (3rd ed). Pretoria: Van Schaik Publishers.

DE STADLER, L.G. 1994. **Groot Tesourus van Afrikaans**. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers (Edms) Bpk.

EMMET, T. 2000. **Behind the mask: Getting to grips with crime and violence in South Africa.** Pretoria: HSRC Publishers.

FARRINGTON, D. 2002. Understanding and preventing youth crime. **In:** Hughes, G.; McLaughlin, E. & Muncie, J. (eds) **Youth Justice: Critical readings.** London: Sage Publications.

FELDMAN, R.S. 2000. **Development across the life span** (2nd ed). New Jersey: Prentice Hall.

FERNS, I.; LOUW, A.E.; VAN EDE, D.M. & THOM, D.P. 2001. Adolessensie. **In:** Louw, D.A.; Louw, A.E. & Van Ede, D.M. (eds) **Menslike ontwikkeling** (3rd ed). Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

FRANK, C. 2005. Young guns: Children in organised crime. **S.A. Crime Quarterly,** 14:12–14.

FRASER, M.W. 1996. Aggressive behaviour in childhood and early adolescence: An ecological-developmental perspective on youth violence. **Social Work,** 41(4):347-362. [Abstract in the PROQUEST database, ref. no. 9826659.]

GARVIN, C.D. & TROPMAN, J. E. 1999. **Social work in contemporary society** (2nd ed). Boston: Allyn and Bacon.

GERDES, L.C.; LOUW, A.E.; LOUW, D.A. & VAN EDE, D.M. 2001. Vroeë en middelvolwassenheid. **In:** Louw, A.E.; Louw, D.A. & Van Ede, D.M. (eds) **Menslike ontwikkeling** (3rd ed). Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

GERMAIN, C.B. & GITTERMAN, A. 1986. The life model approach to social work practice revisited). **In:** Turner, F.J. (ed) **Social work treatment: Interlocking theoretical approaches.** New York: The Free Press.

GOLDENBERG, I. & GOLDENBERG, H. 1998. **Counseling today`s families** (3rd ed). Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

GOTTFREDSON, M.R. & HIRSCHI, T. 1990. **A general theory of crime**. Stanford: Stanford University Press.

GOUWS, R.H. & ODENDAL, F.F. (eds) 2005. **HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal**. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

GRAY, M & COLLETT VAN ROOYEN, C.A.J. 2002. The strenghts perspective in social work: Lessons from practice. **Social Work/Maatskaplike Werk,** 38(3):193-200.

GUERRA, A.J. 2002. **Family matters**. St. Paul: Paragon House.

GUERRA, N.G. 1999. Serious and violent juvenile offenders: Gaps in knowledge and research priorities. **In:** Farrington, D.P. & Loeber, R. (eds) **Serious & violent juvenile offenders: Risk factors and successful interventions.** Thousand Oaks: SAGE Publications.

HAWKINS, D.F.; LAUB, J.H. & LAURITSEN, J.L. 1999. Race, ethnicity, and serious juvenile offending. **In:** Farrington, D.P. & Loeber, R. (eds) **Serious & violent juvenile offenders: Risk factors and successful interventions**. Thousand Oaks: SAGE Publications.

HENDRICK, H. 2002. Constructions and reconstructions of British childhood: an interpretative survey- 1800 to the present. **In:** Hughes, G.; McLaughlin, E. & Muncie, J. (eds) **Youth Justice: Critical readings***.* London: Sage Publications.

HEPWORTH, D.H.; LARSEN, J.A.; STROM-GOTTFRIED, K.; ROONEY, G.D. & ROONEY, R.H. 2006. **Direct social work practice: Theory and skills** (7th ed). Toronto: Kanada.

HEWLETT, B.S. 2004. Fathers in forager, farmer, and pastoral cultures. **In**: Lamb, M.E. (ed) **The role of the father in child development** (4th ed). New Jersey: John Wiley & Sons, Inc.

HOFFMAN, K.S. & SALLEE, A.L. 1994. **Social work practice***.* Boston: Allyn and Bacon.

HUGHES, H. 2002. The shifting sands of crime prevention and community safety. **In**: Hughes, G.; McLaughlin, E. & Muncie, J. (eds) **Crime prevention and community safety.** London: SAGE Publications.

IFE, J. 1995. **Community development: Creating community alternatives – vision, analysis and practice.** Melbourne: Longman.

JEROME, L.W.; PRESTON, J.D. & WEAVER, J. 1999. **Counselling troubled teens and their families***.* Nashville: Abingdon Press.

JOHNSON, L.C. 1995. **Social work practice: A generalist approach** (5th ed). Boston: Allyn and Bacon.

JOHNSON, L.C. & SCHWARTZ, C.L. 1994. **Social welfare: A response to human need.** Boston: Allyn and Bacon.

Pectora roborant cultus recti

JOUBERT, S. 2003. Traditional theoretical explanations for youth misconduct. **In***:* Bezuidenhout, C. & Joubert, S. (eds) **Child and youth misbehaviour in South Africa.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

KEENAN, T. 2002. **An introduction to child development.** London: Sage Publications.

KINNES, I. 1995. Reclaiming the Cape Flats: A community challenge to crime and gangsterism. **Crime and Conflict***,* 2:5–8.

KIRST-ASHMAN, K.K. 2007. **Introduction to social work and social welfare: Critical thinking perspectives** (2nd ed). Belmont: Thomson Brooks/Cole.

KRETZMANN, J.P. & McKNIGHT, J.L. 1993. **Building communities from the inside out: A path towards finding and mobilizing community assets***.* Chicago: ACTA Publications.

LAMB, M.E. & TAMIS-LEMONDA, C.S. 2004. The role of the father: A introduction. **In:** Lamb, M.E. (ed) **The role of the father in child development** (4th ed). New Jersey: John Wiley & Sons, Inc.

LEFRANCOIS, G.R. 1999. **The lifespan** (6th ed). New York: Wadsworth Publishing Company.

LEGGETT, T. 2003. **Rainbow tenement: Crime and policing in inner Johannesburg***.* Pretoria: Institute for security studies.

LIESE, J.L. 2003. The social-moral redirection of troubled youth. **In:** Bezuidenhout, C. & Joubert, S. (eds) **Child and youth misbehaviour in South Africa.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

LONG, D.D.; TICE, C.J. & MORRISON, J.D. 2006. **Macro social work practice: A strengths perspective.** Canada: Thomson Brooks/Cole.

LOVEDAY, B. 2003. Delinquent-prone communities**. Contemporary Sociology**, 32(1):106-107. [Abstract in the PROQUEST database, ref. no. 289270741.]

MACKINTOSH, I. 1998. Responding to diversity. **In:** Gray, M. (ed) **Developmental social work in South Africa: Theory and practice***.* Cape Town: David Philip Publishers.

MALAN, M. 2005. Suid-Afrika se regskaal stukkend. **Rapport:** 20, Februarie 13.

MAREE, A. 2003. Criminogenic risk factors for youth offenders. **In:** Bezuidenhout, C. & Joubert, S. (eds) **Child and youth misbehaviour in South Africa.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

MASUKU, S. 2004. Youth views on crime in the Nelson Mandela Metro. **S.A. Crime Quarterly***,* 9:21-24.

McLAUGHLIN, E. & MUNCIE, J. 1993. **Social problems and the family**. London: Sage Publications.

MEYER, W.F. & VAN EDE, D.M. 2001. Ontwikkelingsteorieë. **In:** Louw, D.A.; Louw, A.E. & Van Ede, D.M. (eds) **Menslike ontwikkeling** (3rd ed). Kaapstad: Kagiso Tersiêr.

Pectora roborant cultus recti

MINISTRY FOR WELFARE AND POPULATION DEVELOPMENT 1997. White Paper for Social Welfare. Notice 1108 of 1997. **Government Gazette,** 386 (18166). Pretoria, 8 August.

MINISTER OF SOCIAL DEVELOPMENT 2006. **Children`s Bill**. (28944). Pretoria, 19 Junie.

MOLWEDI, P. 2006. Concern at number of child-headed families. **Mercury:** 25, July 13.

MORALES, A. & SHEAFOR, B. W. 1983. **Social work: A profession of many faces** (3rd ed). Boston: Allyn and Bacon.

MUNCIE, J. 1999. **Youth and crime**. London: SAGE Publications.

MUNCIE, J. 2002. Modes of youth governance: Political rationalities, criminalization and resistance. **In:** Hughes, G.; McLaughlin, E. & Muncie, J. (eds) **Youth justice: Critical readings**. London: Sage Publications.

O'CONNOR, M. 2006. Ouers vrees tik-kinders. **Die Burger:** 92, Oktober 3.

ONWUDIWE, I.D. 2004. Theoretical perspectives on juvenile delinquency: Root causes and control. **Corrections Today**, 66(6):153-157. [Abstract in the PROQUEST database, ref. no. 723647201.]

PADGETT, D.K. 1998. **Qualitative methods in social work research**. Thousand Oaks: Sage Publishing.

PAYNE, M. 2005. **Modern social work theory** (3rd ed). Hampshire: Palgrave MacMillan.

PHAROAH, R. 2005. Aids, orphans and crime: Exploring the linkages. **Crime Quarterly,** 13. [Online]. Available: http://www.iss.co.za/pubs/CrimeQ/No.13/Pharoah.htm. [9 May 2006].

PLECK, E.H. 2004. Two dimensions of fatherhood: A history of the good dad– bad dad complex. **In:** Lamb, M.E. (ed) **The role of the father in child development** (4th ed). New Jersey: John Wiley & Sons, Inc.

POPENOE, D. 1996. **Life without father**. New York: Free Press.

POTGIETER, M.C. 1998. **The social work process: Development to empower people.** South Africa: Prentice Hall.

PRETORIUS, A.J. 2002. **The management and development of multi-cultural social work practice in the South African national defence force***.* Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (M.A. tesis)

PRINSLOO, J. 2005. Young offenders and presentencing reports: A criminological perspective*.* **Acta Criminologica***,* 18(3):1-19*.*

RAMPHELE, M. & WILSON, F. 1989. **Uprooting poverty: The South African challenge***.* New York: W.W. Norton & Company.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA (RSA). 1996. **Constitution of the Republic of South Africa,** Article 108 of 1996, Government Gazette, vol 378, no 17678. Cape Town: Office of the President (no 2083).

RICHMOND, M.E. 1917. **Social diagnosis***.* New York: Russell Sage foundation.

RODWAY, M.R. 1986. Systems theory. **In:** Turner, F.J. (ed) **Social work treatment: Interlocking theoretical approaches**. New York: The Free Press.

ROOPNARINE, J.L. 2004. African American and African Caribbean fathers. **In:** Lamb, M.E. (ed) **The role of the father in child development** (4th ed). New Jersey: John Wiley & Sons, Inc.

SA LAW COMMISSION 2002. **Review of Childcare Act. Discussion Paper.** Pretoria: SA Law Commission.

SAFFY, J.A. 2003. A historical perspective of the youthful offender. **In:** Bezuidenhout, C. & Joubert, S. (eds) **Child and youth misbehaviour in South Africa.** Pretoria: Van Schaik Publishers.

SALEEBEY, D. 1999. The strenghts perspective in social work practice. **In:** Compton, B.R. & Galaway, B. **Social work processes** (6th ed). Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

SALEEBEY, D. (ed) 2002. **The strenghts perspective in social work practice** (3rd ed). Boston: Allyn & Bacon.

SCHOLTZ, A.S. 2006. Die hoë prys van misdaad in Suid-Afrika. **Die Burger:** 92, Oktober 3.

SEKHONYANE, M. 2004. First things first: Rehabilitation starts with alternatives to prison. **S.A. Crime Quarterly**, 7:33–36, March.

SHAPIRO, R. 1998. Responding to crime. **In:** Gray, M. (ed) **Developmental social work in South Africa: Theory and practice.** Cape Town: David Philip Publishers.

SHEAFOR, R.W.; HOREJSI, C.R. & HOREJSI, G.A. 2000. **Techniques and guidelines for social work practice** (5th ed). London: Allyn and Bacon.

STATISTIEK SUID-AFRIKA. 2003. **Census 2001 – Census database**. [Online]. Available: http://www.statssa.gov.za/SpecialProjects.htm.

STURGEON, S. 1998. The future of casework. **In:** Gray, M. (ed) **Developmental social work in South Africa: Theory and practice.** Cape Town: David Philip Publishers.

SUID-AFRIKA. 1997. **Guaranteeing a future for South Africa`s youth: A Youth Policy for South Africa.** Washington, D.C.: Joint center for political and economic studies.

THULO, P. & VAN ECK, H. 2006. Drugs now a disease. **Stellenbosch Gazette:** 7, Augustus 1.

VAN RENSBURG, D.C. 2006. **Die rol van die grootmoeder as familiepleegouer.** Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (M.A. tesis)

WARR, M. 2002. **Companions in crime**. Cambridge: Cambridge University Press.

ZASTROW, C. 2004. **Introduction to social work and social welfare: Empowering people** (8th ed). Belmont: Brooks/Cole Publishing Company.

BYLAE A

Geagte mnr/me

Ek is `n student by die Universiteit van Stellenbosch en doen tans navorsing oor die gesinservaringe en –persepsies van jeugoortreders. In die studie word gefokus op die invloed van verskillende gemeenskapsfaktore op die gesin en die jeugoortreder.

Dit sal van onskatbare waarde wees indien ek `n onderhoud met u kind kan voer waarin ek `n idee van sy gesinservaringe en persepsies kan kry. Sy insette sal help om die bestaande teoretiese kennis oor jeugmisdaad uit brei. Die kennis sal ook aangewend word vir die samestelling van programme vir die voorkoming van jeugmisdaad.

Indien u toestemming gee vir die onderhoud word die volgende verseker:

- Konfidensialiteit (die kind se naam of inligting wat ontvang word sal op geen wyse bekendgemaak word nie).
- Die kind of sy gesin sal op geen manier vervolg of gepenaliseer word vir enige van die inligting wat ontvang word nie.
- Deelname is ten alle tye vrywillig.

Indien u die inligting hierbo verstaan en toestemming verleen dat u kind aan die studie mag deelneem, teken asseblief hieronder.

By voorbaat dankie!

Philip Geldenhuys (0828285648)

Naam van kind : _____

Geteken deur : _____*Ouer/Voog(onderstreep u posisie)*

*Straat adres :*_____

Telefoon no : _____

BYLAE B

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

DEPARTEMENT VAN MAATSKAPLIKE WERK

Onderhoudskedule met jeugoortreders oor hul gesinservaringe

Alle inligting wat deur die vraelys ingewin word sal as konfidensieel beskou word. Individuele standpunte of respondente se name sal nie bekend gemaak word nie.

1. Identifiserende besonderhede

1.1 Ouderdom: ……..

1.2 Bevolkingsgroep: ……

1.3 Tipe oortreding: ……..

1.4 Tipe gesin:

Nuklêre	Uitgebreide	Enkelouer	Kind as hoof	Pleeggesin

2. Ouers van die jeugoortreder

2.1 Ouerlike verantwoordelikhede

2.1.1 *Wat dink jy moet `n ouer/voog alles vir sy/haar kinders doen?*

.....

.....

.....

.....

.....

.....

2.1.2 *Het jou ouers/voogde hierdie verantwoordelikhede teenoor jou nagekom?*

Ja	Nee

2.1.3 *Hoekom sal jy sê het hul dit nagekom of nie nagekom nie?*

.....

.....

.....

2.2 Vaderfiguur

2.2.1 *Verhouding met biologiese vader*

Hoe goed ken jy jou regte pa?

Woon saam	Sien selde	Sien nooit	Ken hom nie	Oorlede

2.2.2 *As jy wel jou regte pa ken, vertel vir my van jou verhouding met hom.*

.....

.....

.....

2.2.3 *Wat dink jy moet `n pa/voog alles vir sy kinders en gesin doen* en wat *van hierdie goed het jou pa/voog vir jou gesin en jouself gedoen?*

.....

.....

.....

3.3 Moederfiguur

3.3.1 *Verhouding met biologiese moeder*

Hoe goed ken jy jou regte ma?

Woon saam	Sien selde	Sien nooit	Ken haar nie	Oorlede

3.3.2 *As jy wel jou regte ma ken, vertel vir my van jou verhouding met haar.*

.....

.....

.....

3.3.3 *Wat dink jy moet `n ma/voog alles vir haar kinders en gesin doen en wat van hierdie goed het jou ma/voog vir jou gesin en jouself gedoen?*

.....

.....

.....

3.4 Verhouding tussen ouers

3.4.1 *Dink jy dat jou pa en ma/voogde lief is vir mekaar?*

Ja	Nee

Hoekom sê jy dat hul lief is vir mekaar of nie is nie?

.....

.....

.....

3.5 Betrokkenheid van ouers by misdaad

3.5.1 *Het jou pa/ma/voog al ooit `n misdaad gepleeg?*

Ja	Nee	Onseker

Indien hul wel al `n misdaad gepleeg het, wat dink jy daarvan?

.....

.....

.....

3.6 Ouerhouding teenoor die gereg en opleiding

3.6.1 *Wat dink jou ouers of voogde van jou betrokkenheid by misdaad?*

.....

.....

.....

3.6.2 *Wat dink jou ouers of voogde van skoolopleiding?*

.....

.....

.....

4. Gesinsfunksionering

4.1 Ouerskapsvaardighede

4.1.1 *Oversupervisie en -ondersteuning*

Het jou ouers/voogde jou gehelp of advies gegee as jy sukkel met goed of in die moeilikheid is?

Ja	Nee

4.1.2 *Dissipline*

Het jou ouers jou geslaan of straf as jy iets verkeerd doen of stout is?

Ja	Nee

Indien hul jou gestraf het, wat het hul gedoen?

.....

4.2 Bloedverwante

4.2.1 *Het jou broer/suster al ooit `n misdaad gepleeg?*

Ja	Nee	Onseker

Indien hul wel al `n misdaad gepleeg het, wat dink jy daarvan?

.....

.....

.....

5. Sosio-ekonomiese funksionering

5.1 Werk

5.1.1 *Het jou ouers of voogde `n werk?*

Beide werk	Vader werk	Moeder werk	Beide werkloos	Voog werk

5.1.2 *Dink jy dit is nodig om te werk?*

Ja	Nee

Hoekom?

.....

.....

.....

Pectora roborant cultus recti

5.2 Ekonomiese posisie van gesin

5.2.1 *Wat dink jy is jul gesin se ekonomiese posisie?*

Ryk	Gemiddeld	Arm

5.2.2 *Wat is die invloed van hierdie ekonomiese posisie van jou gesin by jou pleging van misdaad?*

.....

.....

.....

5.3 Mishandeling in gesin

5.3.1 *Is jy al ooit "abuse" in jou gesin deur ouers/voogde?*

Ja	Nee

Indien wel, hoe is jy abuse?

.....

.....

.....

5.4 Aard van behuising

5.4.1 *In watter tipe huis bly julle?*

Informele behuising	Baksteen huis	Houthuis ("Wendy"/"Bungalow")

5.4.2 *Hoeveel mense bly in julle huis* .....

6. Invloed van die gemeenskap op die gesin

6.1 Misdaad in gemeenskap

6.1.1 *Is daar baie mense in jou gemeenskap by misdaad betrokke en wat dink die gemeenskap van misdaad?*

.....

.....

.....

6.2 Bendes

6.2.1 *Is jy deel van `n bende?*

Ja	Nee

Hoekom?

.....

.....

.....

6.2.2 *Sal jy eerder doen wat die bende/vriende of wat jou ouers/voogde vir jou sê?*

Bende/Vriende	Ouers

Hoekom?

.....

.....

.....

6.2.3 *Is daar van jou gesinslede in bendes?*

Ja	Nee

6.3 Sterktes in gemeenskap

6.3.1 *Is daar sterktes(verduidelik) in jou gemeenskap wat jou gesin kan help met probleme en om beter te kan lewe?*

Ja	Nee

Indien daar wel sterktes is, wat is hierdie sterktes?

.....

.....

.....

6.3.2 *Is jy in die skool?*

Ja	Nee

Beskryf die toestand(verduidelik) van die skool in jou gemeenskap.

.....

.....

.....

7. Teorieë oor jeugmisdaad

7.1 Wie se skuld is dit dat jy misdaad gepleeg het?

Self	Ouers	Gesin	Vriende	Regering

Hoekom?

.....

.....

.....

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING!